In aansluiting by die filosoof Stephen Davies beskou U. Golomb (2006: 64-73) Bach se *Die Kunst der Fuge* as die argetipiese voorbeeld van musiek wat nie soseer uitvoeringsgerig is nie, maar eerder as “Augenmusik” of “oogmusiek” beskou kan word. Hierdie werk word as Bach se laaste testament beskou, wat ook klaarblyklik verklaar hoekom dit so verwikkeld en enigmatis is.

Bach se fugas bestaan uit kontrapuntale bewegings wat op een enkele tema of variasies daarvan gegrond is. Golomb (2006: 67) meen dat dit moeilik is om die onderskeie bewegings chronologies weer te gee, want daar bestaan nie eenstemmigheid oor die volgorde nie en sommige musikoloë bevraagteken selfs of al die dele werlik in die komposisie hoort. Almal is dit egter eens dat dit ’n grootse werk is om op die klavier uit te voer, soos wat Black en Hazelrigg in 2008 ook gedoen het. As deel van dié opname het hulle die blog “The art of the fugue” begin en skryf oor dié komposisie, hoe hulle die vertolking benader, asook die struktuur daarvan. Net soos Golomb is hulle ook van mening dat Bach nie instruksies nagelaat het oor die volgorde van die onderskeie bewegings nie: “He also left us not knowing his intentions about the order of the movements. In fact, we do not know for sure that the existing movements are the only ones that Bach would have ended up writing.” (Black en Hazelrigg, 2008).

Volgens Van Vuuren (2014: 518) kan Bach se fugas presies met “permutasielogika” uitgewerk word, en dit is wat Sylvestre en Costa (2010: 179) illustreer in hul wiskundige ontleding:

An analysis of the bars of the pieces included in *The Art of Fugue*, reveals an architecture strongly based on the Fibonacci sequence. A phenomenon of self-similarity in the distribution of golden ratios can also be observed between more aggregate and more detailed levels of analysis [...]

En verder aan (Sylvestre en Costa, 2010: 194):

[W]e are led to conclude that Bach has intentionally adopted the Fibonacci numbers in *The Art of Fugue*. Fibonacci numbers are probably used in this context as an enigma, a mathematical puzzle in which used to convey some particular “secret” meaning. These enigmas were typical of Pythagorean philosophy, reflecting its view of knowledge as a search for concealed mathematical properties.

Wanneer 'n mens Vestdijk se gedig teen die agtergrond hiervan lees, speel die volgende aspekte 'n pertinente rol: Bach se groot fugastudie is onvoltooid; dit is sy laaste komposisie voor sy dood en die virtuositeit wat van die pianis gevverg word, word vooropgestel. Dié sonnet kom ook voor in die bundel *Thanatos aan banden* waarin die doodsdrif (Thanatos) sentraal staan en dit verklaar hoekom die dood die aangespokane is in die vers onder bespreking (“Dood, gij speelt al te woest [...]”).

Hierdie gedig kan gelees word as 'n vergestalting van die twee drifte wat die grondslag van Freud se *Beyond the pleasure principle* (1920) vorm. Volgens Freud kan menslike instinkte in twee groepe ingedeel word, naamlik lewensinstinkte (Eros) of doodsinstinkte (Thanatos). Kahn en Liefooghe (2013: 61) som die essensie van die doodsinstink op as “a drive towards an inorganic state, a state of nothingness or nirvana. This offers a contrast to the life drive, linked to sexual urges and desires for satisfaction.” Ná die bestudering van kritiek op Freud se idee van die doodsinstink, kom May (2013: 208) tot die gevolgtrekking dat sommige meen Freud het besef dat seksualiteit nie so 'n sentrale rol speel in die psige van die individu nie of dat hy die daemoniese aard van die seksuele met die doodsinstink verwarr het.

Die lewenslustige vitaliteit van Bach se musiek word in Vestdijk se gedig gestel teenoor die aanslag van die dood en die stilswye wat Bach opgelê word om te verhoed dat hy sy laaste groot werk kan voltooi. Die godvresende Bach wie se musiek aan “God was opgedragen” (Vestdijk) en wat altyd vreugde gevind het in die musiek wat voortgespruit het uit hierdie intieme relasie met die goddelike, is nou op sy sterfbed. Die dood word ook verkwalik dat hy nie Bach toegelaat het om sy grootse werk oor die fuga te voltooi nie, waarskynlik ook omdat die dood nie so 'n musikale genie is nie en nie die kompleksiteit van Bach se musiek kan deurgrond en waardeer nie. Vergelyk hier die vraag wat die spreker aan die dood stel: “Kent gij de noten die zijn oogen zagen?” Dit sluit aan by die beskrywing van Bach se komposisie as Augenmusik waarna vroeër verwys is.

Die dood word verkwalik omdat hy nie die mensdom gun om na Bach se musiek te mag luister nie. Vergelyk die volgende reëls in Vestdijk se aangehaalde gedig:

Of hebt gij 't ongeschreven contrapunt,
Het juub'lende, de menschen niet gegund,
Die vreugd in tranen slijten voor verdriet?

Die sentrale idee wat hierdie reëls rugsteun, naamlik dat die dood die mensdom beroof van 'n voltooide fuga en verdere Bach-komposisies, sluit aan by Gustafsson se gedig wat vervolgens bespreek word. In sy gedig word die gedagte aan 'n wêrelde sonder Bach verwoord.

3. Lars Gustafsson – “hoe zag die wereld heruit”?

Een van die Sweedse digter Gustafsson (1936-2016) se digbundels, *Världens tytnad före Bach*, is in 1982 in Nederlands vertaal deur J. Bernlef en as *Een wereld voor Bach* uitgegee. In die titelgedig van hierdie bundel besin die digter oor hoe die wêrelde daar uitgesien het voordat Bach sy musiek gekomponeer het:

Er moet een wereld bestaan hebben voor
de Triosonate in D, een wereld voor de partita in A mineur,
maar hoe zag die wereld eruit?
Een Europa van grote lege vertrekken zonder weerklank,
veral onwetende instrumenten
waar ‘Musikalisches Opfer’ en ‘Das Wohltemperierte Klavier’
nooit over een claviatuur waren gegaan.
Eenzaam gelegen kerken
waar de sopraanstem uit de Johannes Passion
zich nimmer in hulpeloze liefde slingerde
rond de mildere windingen van de fluit,
weidse zachtmoedige landschappen
waar alleen oude houthakkers met hun bijlen te horen zijn
het gezonde geluid van sterke honden in de winter
en – als een slingerklok – schaatsen klauwend in glansijs;
zwaluwen zwermend in zomerlucht
schelp waar het kind aan luistert
en nergens Bach, nergens Bach
schaatsstilte van de wereld voor Bach.

Gustafsson noem van Bach se bekendste werke in sy gedig (“Triosonate in D”, “partita in A mineur”, “Musikalisches Opfer”, “Das Wohltemperierte Klavier” en “Johannes Passion”) en vind dit onmoontlik om aan 'n wêreldbeeld te

dink waarin Bach afwesig is. Hierdie werke van Bach dien as tekens van sy grootsheid as komponis en word deurgaans gekontrasteer met 'n tipe agrariese bestaan ingestel op gewaarwordinge in die natuur en ontvlugting op "schaatsen klauwend in glansjs". Die geluide wat met hierdie Bach-lose wêreld geassosieer word, sluit die volgende in: die kap van hout, sterk honde wat blaf en skaatse op die ys. In teenstelling met hierdie skerp geluide, is die enigste troos die swiepende geluid van die somerswaels of die geluid in 'n skulp wat 'n kind teen die oor hou.

In "De stilte voor Bach" skryf Guus Middag (2007) oor Gustafsson se gedig en meen dat die "rare half gewijde gedicht" begin met 'n "onnozele vaststelling" dat daar eens op 'n tyd geen Bach-musiek bestaan het nie. Alhoewel baie mense 'n Bach-lose wêreld nie as vreemd sou beskou nie, meen Middag dat Gustafsson met behulp van sy gedig indirek kritiek lewer op kulturele verval.

Bach, wat volgens Middag (2007), "de huiscomponist van God" genoem kan word, het tot gevolg dat Gustafsson se gedig byna iets heiligs openbaar, ter awagting van iets groots, naamlik "het schema van een wereld in awachting van iets groots, de komst van de verlosser".

Op sy beurt meen Van Deel (1999) dat hierdie gedig Gustafsson se tweeledige doel daarmee ten toon stel: Enersyds is dit 'n denkoefening oor hoe die wêreld sou wees sonder Bach, maar andersyds is Bach die enigste komponis wat die distopiese stilte kom verbreek met sy musiek: "Het dubbelzinnige aan dit gedicht is dat die stille wereld van voor Bach ook als de natuurlijke en eigenlijke wereld wordt beschouwd."

'n Wêreld sonder Bach sal op alle vlakke van die samelewing armer wees: Die groot sale van Europa sal leeg en sonder weerklank wees; die kerke eensaam en afgesonderd en selfs die weivelde en "zachtmoedige landschappen" sal die tekens van afwesigheid dra. In die tweede laaste reël word die spreker se angstigheid oor 'n Bach-lose wêreld duidelik verwoord met "en nergens Bach, nergens Bach".

In hierdie gedig bevestig Gustafsson die primêre posisie van Bach as een van die groot komponiste van alle tye. In sy gedig eggo ook die Skeppingsverhaal deurdat die Aarde as woes en leeg bestempel word, alvorens Bach en sy musiek op die toneel verskyn het. Gustafsson se perspektief kan as distopies bestempel word.

Dit ter inleiding vir my ondersoek na twee bekende Nederlandse digters se Bach-gedigte, naamlik Enquist se "Erbarme dich" en twee gedigte uit Rutger Kopland se laaste bundel, *Een man in de tuin*, naamlik "Een koraal" en "Wo soll ich fliehen hin".

4. Anna Enquist – “Bach vult de ruimte”

Bach speel 'n sentrale rol in Enquist se oeuvre en ek gaan mettertyd fokus op die gedig “Erbarme dich” uit haar digbundel *Jachtscènes* (1992). Enquist se roman *Contrapunt* (2008) wat sy geskryf het om oor die dood van haar dogter te rou, handel pertinent oor Bach se *Goldberg*-variasies. Die hoofkarakter is besig om die musiek in te studeer om sodoende haar smart oor haar gestorwe kind te besweer. Op sy beurt het Bach hierdie variasies gekomponeer om sy gevoel van wanhoop ná die dood van sy seun Bernhard te oorkom. Die keuse van Bach se komplekse variasies dien, volgens Enquist (in Spel, 2009), om haar emosies te beteuel:

De mooiste muziek en de beste proza en poëzie zijn voor mij die waarin een hele grote heftigheid aan emoties in een heel strakke, knappe structuur zit gevangen. Een goede standaard om iets aan te beoordelen.

Volgens D.P. van Zyl (2008: 116) is Enquist se poësie “in dié sin vergelykbaar met die klassieke musiek waarna sy steeds in *Soldatenliederen* verwys, dat dit in haar beste gedigte 'n fyn aferonde struktuur daarstel, waarin telkens bepaalde temas (veral dié van afskeid en die gepaardgaande emosies) met variasie uitgewerk word.”

Ook H. van de Mheen (2015: 5) beklemtoon die sentrale posisie van Bach en sy musiek in Enquist se lewe:

Zij is klassiek geschoold, geeft af en toe pianoconcerten en trekt het land door met een pianist om zo haar poëzie in combinatie met muziek van Bach te presenteren. Lees je haar boeken, dan treed je binnen in de musikale wereld van Bach.

Die titel, “Erbarme dich” (Enquist, 2000: 115), is ontleen aan 'n gelyknamige aria uit Bach se *Mattheus Passion*, wat as “Wees ons genadig, o Here” vertaal kan word:

Met de dood in de auto door Vlaanderen, narcissen
zwaaien in koude wind, voor het eerst, voor het laatst.
Dat in zijn licht de dingen sublieme betekenis krijgen
blijkt nu niet waar, het Lam Gods legt het af. Het beste

is: staren in water, omgekeerd hangt de trillende
brug in de gracht. Zien hoe de Schelde met jeugdige
wanhoop over verloren schepen schuimt, resten van
Rome zeult onder zand in een tijdelijk, onrustig graf.

Wij kunnen zo tijdlous niet wiegen, wij hikken
van woede en zetten de zeilen bij om iedere grap,
iedere voetstap te bevechten op de grauwe leegte.

Bach vult de ruimte denderend. In de warme bloem
deinen we verdoofd door groen land. Rondom slaan
alle bomen uit, voor het laatst, voor het eerst.

Die komposisie “Erbarme dich” word in die *Mattheus Passion* gesing direk nadat Petrus vir Christus verloën het, en hierdie vyf reëls word herhaal om sodoende die smart van die oomblik te beklemtoon. N. Cumming (1997: 16) ondersoek die onderskeie subjekposisies in dié kantate en wys hoe die musiek Petrus se smart uitbeeld: “Its text (‘Erbarme dich, mein Gott’) motivated by a presumed identification of the present hearer with Peter’s grieved state, and the purpose of the music is to create the conditions for this emotional empathy.”

Ook Schweitzer (1905: 418) meen dat dié teks ’n voorbeeld is van een van Bach se sogenaamde “soul-states and inner experiences”, met droefheid as deurlopende tema.

Enquist situeer haar gedig in ’n motor waarin ’n rit deur Vlaandere onderneem word, wat in direkte kontras staan met die oorspronklike konteks van Bach se musiek. Tydens hierdie tog speel Bach se musiek oorverdowend hard (“denderend”). Die feitlik idilliese rit word versteur deur die aanwesigheid van die dood in die motor. Die spreker is orals bewus van die verlies van haar kind. Dus op persoonlike vlak is sy ook bewus van die dood in die kar, nie net die universele sterflikheid van alle dinge nie. Simbolies suggereer dit die alomteenwoordige aanwesigheid van sterflikheid waarmee die mens gekonfronteer word, en ten spyte van die omringende natuurskoon en die musiek, bly die spreker voortdurend bewus hiervan. Die natuur op sigself is ook besig om te sterf: die narsings swaai in die koue wind en knak heel waarskynlik af. Narsings word met die volgende simboolwaardes geassosieer: “De Arabische betekenis van narcis is dienaar. In de Griekse Mythologie staat de bloem voor zelfzuchtigheid en ijdelheid. In Oosterse landen is de narcis verbonden aan de droevige liefde; geliefden die van elkaar zijn gescheiden. De gele narcis is liefde, trouw en geluk.” (Stamboom Dalhuisen, 2013).

Eweneens is daar sprake van verval in die tweede strofe met die verwysing na gesonke skepe en die reste van die Romeinse beskawing wat onder die water “in een tijdelik, onrustig graf” terekgom.

Daar is egter sprake van relativering by die spreker in die gedig. Die verwysing na Christus as “Lam Gods” sluit aan by die titel en die kern van die *Mattheus Passion*. Die spreker suggereer dat die ligval op die water en die verestetiserende

blik wat sy het op die weerkaatsings in die water, alles gerelativeer word; byna soos wanneer die bloed van die Lam die mensdom reinig van hul sondes.

Selfs die oorverdowend harde musiek kan nie die alleenheid besweer nie. Die tydelike ontvlugting in die skoonheid van die rivertoneel word verbreek en daar is sprake van 'n "grauwe leegte". Dit staan in kontras met "groen land", 'n beskrywing van die soel oordadigheid van die natuur. In teenstelling met die doodsingesteldheid in die motor, groei die natuur uitbundig om die passasiers in sy swoelheid ("verdoof" en "de warme bloem"). Inversie van die tweede versreël kom ook in die slotreël voor: "voor het eerst, voor het laatst."(r. 2) en "voor het laast, voor het eerst" (r. 14). Die brose narsings word in die wind geknak en kom tot 'n einde, terwyl in die slotreël verwys word na die bome wat rondom die spreker uitslaan. Die indruk word geskep dat die natuur besig is om te vergaan, maar in die slotreël word die teendeel bewys. Vir die eerste keer groei die bome weer en is daar nuwe groei en nuwe vitaliteit in die landskap.

5. Rutger Kopland – "als een onzichtbare gewichtloze vogel"

Rutger Kopland het verskeie gedigte oor Bach en sy musiek geskryf. Ek fokus op "Een koraal" wat oorspronklik in sy bundel *Een man in de tuin* (2004) verskyn het.

Een koraal

Volgens zijn tijdgenoten was Johann Sebastian Bach
een virtuoos organist – hij speelde met
een onnavolgbare 'Leichtigkeit'

lichthandigheid zou je het kunnen noemen, maar dan zo
licht dat het was alsof het geen handen waren
die speelden

ik vermoed dat ik wel weet hoe het klonk
alsof ik hoor hoe hij het zelf is die daar boven
in deze kerk in die kleine machinekamer
muziek zit te maken

je hoort het eeuwenoude mechaniek, het gekreun
van scharnieren, het geklepper van toetsen
het gekraak van de vloer, het zuchten van wind
hoe er van lucht muziek wordt gemaakt

en er een koraal langzaam door de ruimte zweeft
als een onzichtbare gewichtloze vogel
Leichtigkeit
(*Verzamelde gedichten*, 2007: 431)

“Een koraal” verwys na ’n eenvoudige gesang in die Lutherse Kerk. Volgens die definisie op die webblad van die musiektydskrif *Preludium*, bestaan ’n koraal “uit drie delen: een openingszin, een herhaling daarvan, en een slotzin. Je kunt de vorm dus zo opschrijven: AAB. Er hoort een rijmende tekst bij; deze is meestal strofisch: je kunt meerdere ‘coupletten’ op dezelfde melodie zingen”.

Bach se korale word gekenmerk deur die vierstemmige aard daarvan en “de tekst van koralen betrekbaarheid zich meestal op een specifieke dag of periode in het kerkjaar, zoals advent, kerst- en passietijden. Soms is de melodie van een koraal afgeleid van een bestaand gregoriaans gezang.”

Die spreker in Kopland se vers neem ’n opmerking wat Bach se vriende oor hom en sy virtuose uitvoering van sy musiek gemaak het en dit aktiveer sy verbeelding, soveel so, dat hy hom verbeeld hy hoor Bach iewers op ’n orrel speel.

Kopland beeld in hierdie gedig hoofsaaklik vir Bach as “een virtuoos organist” uit en beskryf in besonderhede hoe dit geklink het as Bach “het eeuwenoude mechaniek” van die orrel in werking stel. Ten grondslag van Bach se musiek is, volgens Kopland, die konsep *Leichtigkeit*, wat hy in die tweede strofe “lichthandigheid” noem. Die indruk word geskep dat Bach se hande besonder lig oor die orrel beweeg het en dit deel was van sy unieke styl as virtuose komponis en orrelis.

In die spreker se verbeelding stel hy dit vir homself voor hoe dit sou geklink het as Bach daar bo in die “kleine machinekamer” besig was om musiek te maak. Opmerklik is die woordkeuse om die klanke in die kamer te beskryf: “gekreun”, “geklepper”, “gekraak” en selfs ook “zuchten”. Die veelstemmigheid van die koraal wat hy in sy verbeelding hoor, word hierdeur gesimboliseer.

Bach se koraal word vergelyk met “een onzichtbare gewichtloze vogel” wat deur die lug sweef en ook as ’n vorm van ligtheid (“Leichtigkeit”) beskou kan word. Ligtheid herinner myns insiens aan die titel van Milan Kundera se *De ondraaglijke lichtheid van het bestaan* (1984), waarin die twee sentrale karakters, Tomas en Tereza, met ligtheid worstel. Terwyl Tomas sorgvryer sy promiskuïteit kan uitleef, is dit vir Tereza moeiliker om haar te onderwerp aan hierdie ligtheid van die bestaan. In teenstelling met Kundera se beskrywing van sorgvrye ligtheid is hier sprake van die ligtheid wat geassosieer word met die bemeesterding van Bach se komplekse komposisies en die verwysing na ligtheid roep weer assosiasies op met die filosofie van Nietszche.

In aansluiting by die lichteid van bestaan, is Nietzsche hier ter sprake en spesifieker sy teks *Die fröhliche Wissenschaft* (1882) met sy dubbelsinnige Engelse titel, *The gay science* (sommige bronne vertaal dit as *The joyous wisdom*). Twee sentrale konsepte waaroor Nietzsche in hierdie teks skryf, is die aanvaarding van die eie lot (“amor fati”) en die idee van die ewige hervoorkoms of “Ewige Wiederkehr des Gleichens”. In Boek IV, Aforisme 341 van *The gay science/The joyous wisdom*, verduidelik Nietzsche dit soos volg:

The Heaviest Burden. What if a demon crept after you into your loneliest loneliness some day or night, and said to you: “This life, as you live it at present, and have lived it, you must live it once more, and also innumerable times; and there will be nothing new in it, but every pain and every joy and every thought and every sigh, and all the unspeakably small and great in thy life must come to you again, and all in the same series and sequence – and similarly this spider and this moonlight among the trees, and similarly this moment, and I myself. The eternal sand-glass of existence will ever be turned once more, and you with it, you speck of dust!” – Would you not throw yourself down and gnash your teeth, and curse the demon that so spoke? Or have you once experienced a tremendous moment in which you would answer him: “You are a God, and never did I hear anything so divine!” If that thought acquired power over you as you are, it would transform you, and perhaps crush you; the question with regard to all and everything: “Do you want this once more, and also for innumerable times?” would lie as the heaviest burden upon your activity! Or, how would you have to become favourably inclined to yourself and to life, so as to long for nothing more ardently than for this last eternal sanctioning and sealing?

Myns insiens verwoord Kopland beide hierdie konsepte, naamlik die aanvaarding van die eie lot (“amor fati”) en die idee van die ewige hervoorkoms, in die volgende gedig, deurdat hy die ligtheid van die bestaan en die onvermoë om te ontsnap aan die inperkende werklikheid en die durendheid daarvan beskryf. Eerder as om met die demoon te worstel, tree daar aanvaarding vir die eie lot in (Kopland, *Verzamelde gedichten*, 2007: 458):

Wo soll ich fliehen hin

Ik luister naar het koraal
Wo soll ich fliehen hin

als het eenmaal zover is en we moeten weg
waarheen dan
zullen we moeten gaan

ik kijk naar buiten: de tuin in de winter
 en even is het alsof alles zichtbaar
 alles werkelijk wordt – daar
 is het dus

dat alles is wat wij niet zijn
 een appelboom gras een paar merels

Die titel van hierdie gedig (in Afrikaans vertaal as ‘Waarheen sal ek vlug?’) is ontleen aan een van Bach se korale, BWV 5, en die woorde is aangehaal uit ’n gesang met sewe strofes wat Johann Heermann in 1630 geskryf het. Heermann word naas Martin Luther en Paul Gerhardt gereken as een van die belangrikste gesangskrywers in die Lutherse kerktradicie (Julian, 1907, aangehaal op die webwerf *Hymnary*).

Netsoos in die vorige gedig, gaan die spreker hier ook op ’n tipe verbeeldingsvlug wanneer hy na Bach luister. Opvallend is die tweede strofe waarin hy vra: “als het eenmaal zover is en we moeten weg / waarheen dan / zullen we moeten gaan?” As antwoord hierop wend hy hom tot die natuur en die winterlandskap en sy waarneming van die landskap gee hom ’n mate van berusting.

In plaas daarvan om soos die worstelende figuur in Bach se gesang te wil wegvlug, kom die spreker tot die berusting en versekering dat die winterlandskap met “een appelboom gras een paar merels” vir hom tot troos is. Die merel simboliseer “leven in de hemel”, dat wil zeggen een leven met hogere idealen, met verheven gedachten en spirituele intelligentie. De zwarte kleur van de merel symboliseert het oneindige potentieel van de mens” (Yoo.rs, 2017).

Die appelboom speel in die Griekse mitologie, die Christelike godsdiens, die Keltiese geloof en in die Chinese tradisie ’n sentrale rol. Die appel funksioneer veral in die Europese tradisie as simbool van die paradys; as simbool van versoeking en keuse (Cirlot, 1962: 14). As profane simbool word die appel met die ryksappel geassosieer wat die heerser saam met die rykstaf vashou, terwyl as erotiese simbool dit onder meer geassosieer word met vroueborste, terwyl ’n oopgesnyde appel die vulva suggereer. In ’n Bybelse konteks is die mens gewaarsku om nie die verbode vrug te eet nie, wat volgens oorlewering ’n appel was. Appels dien volgens Cirlot (1962: 14) as waarskuwing teen oormatige materialistiese begeertes.

Die tussenposisie van die spreker in die gedig deur in die appelboom te gaan skuil, is metonimies van wat Cirlot (1962: 14) soos volg omskryf: “The intellect, the thirst for knowledge, as Nietzsche realised – is only an intermediate zone between earthly desire and pure spirituality.”

Die spreker bevind hom in 'n liminale fase tussen aardse begeerte en verhewe spiritualiteit. Op figuurlike vlak suggereer dit dat hy sy verhewe ideale en spiritualiteit onderdruk wanneer hy na die musiek luister. Die beangstheid oorheers sy gevoelens en eers wanneer hy bewus raak van die natuur en die omgewing, kan hy vrede vind, te midde van die aardse versoekinge soos versinnebeeld deur die appels en die gras.

6. Slot

Elkeen van die onderskeie digters gebruik Bach se musiek as vertrekpunt vir hul gedigte, maar die funksie van die musiek in die gedig verskil. By Vestdijk word op elegiese wyse afskeid geneem van Bach en die dood bestraf omdat hy die wêreld verarm deur Bach te laat sterf alvorens hy sy grootse werk oor die fuga sou voltooi. In die geval van Gustaffson vorm dit die grondslag van sy ontologiese wêreldbeskouing. Vir Enquist dien die musiek as agtergrond en word dit gekontrasteer met die realiteit, terwyl by Kopland die musiek as inspirasiebron dien. Die beliggaming van Bach se musiek is byna magies van aard en besweer sy demone. Anders as die tradisionele sieming van Bach as 'n swaarwigtige gelowige, vind Kopland, aan die hand van die konsep van lighandigheid en ligtheid, waardering vir Bach se aanslag. Vir Enquist is Bach se musiek 'n alledaagse noodsaklikheid, en sy vind dit klaarblyklik ook nie te swaartillend soos wat Nietzsche beweer nie.

Nelson Mandela Universiteit

Bronnels

- Black, Gavin en Hazelrigg, George.** *The art of the fugue*. <http://theartofthefugue.com/work.htm>. (Datum van gebruik: 8 Oktober 2019).
- Burton-Hill, Clemency.** 2014. Can any composer equal Bach? BBC, 17 September. <http://www.bbc.com/culture/story/20140917-can-any-composer-equal-bach>. (Datum van gebruik: 1 Mei 2019).
- Cirlot, J.E.** 1962. *A dictionary of symbols*. London: Routledge & Kegan Paul.
- Cumming, N.** 1997. The subjectivities of 'Erbarme Dich'. *Music Analysis*, 16(1) (Mar., 1997): 5-44.
- Delrue, M.** 2006. *Kunst en spiritualiteit*. Tielt: Lanoo.
- Engelbrecht, A.M.** 1996. Bevriending en bevremding in *Sprokkelster en Groenstaar* van Marlene van Niekerk. Magisterverhandeling. Universiteit Stellenbosch.
- Enquist, Anna.** 2000. *De gedichten: 1991-2000*. Amsterdam: De Arbeiderspers.

- Enquist, Anna.** 2008. *Contrapunt*. Amsterdam: De Arbeiderspers.
- Freud, Sigmund.** 2010 (1920). *Beyond the pleasure principle*. New York: Bartleby.
- Genette, Gérard.** 1997 (1982). *Palimpsests: Literature in the second degree*. Lincoln: University of Nebraska Press.
- Golomb, U.** 2006. Johann Sebastian Bach's The Art of Fugue. *Goldberg Early Music Magazine* 48: 64-73.
- Gustafsson, L.** 2007. *De stilte van de wereld voor Bach*. Hoorn: Hoogland & Van Klaveren.
- 't Hart, Maarten.** 1979. Vestdijk en de muziek: De drie paradoxen. *Vestdijkkroniek* 26. *Digitale Bibliotheek voor de Nederlandse Letteren*. https://www.dbln.org/tekst/_ves001197901_01/_ves001197901_01_0023.php. (Datum van gebruik: 20 Augustus 2019).
- Hewett, I.** 2005. Bach: The voice of God in human form. *The Telegraph*, 15 Desember. <https://www.telegraph.co.uk/culture/music/classicalmusic/3648747/Bach-the-voice-of-God-in-human-form.html>. (Datum van gebruik: 12 Mei 2019).
- Julian, John.** 1907. *Dictionary of hymnology*. <https://hymnary.org>. (Datum van gebruik: 17 Oktober 2019).
- Kahn, Susan en Liefooghe, Andreas.** 2013. Thanatos: Freudian manifestations of death at work. *Culture and Organization*, 20(1): 53-67.
- Kopland, Rutger.** 2007. *Verzamelde gedichten*. Amsterdam: Uitgeverij G.A. van Oorschot.
- Kundera, Milan.** 1984. *De ondraaglijke lichtheid van het bestaan*. Amsterdam: Ambo.
- Linde, Janien.** 2018. Relacionele performatisme: 'n Metamodernistiese benadering tot die resente werk van Marlene van Niekerk. Ongepubliseerde DLitt-proefskrif. Noordwes-Universiteit: Potchefstroomkampus.
- May, Ulrike.** 2013. Freud's "Beyond the pleasure principle": The end of psychoanalysis or its new beginning? *International Forum of Psychoanalysis*, 22(4): 208-216.
- Middag, Guus.** 2007. De stilte voor Bach. NRC. <https://www.nrc.nl/nieuws/2007/03/02/de-stilte-voor-bach-11285853-a508494>. (Datum van gebruik: 12 Mei 2019).
- Nietzsche, Friedrich.** 1878-1880. *Human, all too human*. Project Gutenberg.
- Nietzsche, Friedrich.** 1882. *The gay science*. Project Gutenberg.
- Pisk, P.A.** 1973. Bach in our time. *Bach*, 4(3): 13-17.
- Preludium.** 2019. Wat is een koraal? <https://www.preludium.nl/muziektermen/129-koraal.html>. (Datum van gebruik: 12 Mei 2019).
- Rumsey, David.** 2011. Bach and Numerology: 'dry mathematical stuff'? *The Sydney Society of Literature and Aesthetics*: 143-165. <https://openjournals.library.sydney.edu.au/index.php/LA/article/viewFile/5266/5972>. (Datum van gebruik: 12 Mei 2019).

- Schweitzer, Albert.** 1905. *J.S. Bach. Volume 1.* New York: MacMillan.
- Schowering, M.** 2012. Goethe und Bach. <https://www.kirche-koeln.de/markus-schowering-sprach-ueber-goethe-und-bach/>. (Datum van gebruik: 6 Mei 2019).
- Spel, M.** 2009. ‘De muziek mocht beslist niet gevoelig zijn.’ *NRC*. <https://www.nrc.nl/nieuws/2009/07/24/de-muziek-mocht-beslist-niet-gevoelig-zijn-11759219-a616984>. (Datum van gebruik: 19 Mei 2019).
- Stamboom Dalhuisen.** 2013. Bloemen symbolen. https://dalhuidj.home.xs4all.nl/HTML/symbolen_bloemen.htm. (Datum van gebruik: 19 Mei 2019).
- Sylvestre, Loïc en Costa, Marco.** 2010. The mathematical architecture of Bach’s “The art of the fugue”. *Il Saggiatoria Musicale* 17(2): 175-196.
- Tuncel, Yunus.** 2012. Nietzsche, music and silent suffering. Rede gelewer op 13 April 2012 in New York. https://www.nietzschemecircle.com/AGONIST/Agonist-Spring2012/Silent_Suffering.pdf. (Datum van gebruik: 19 Augustus 2019).
- Van de Mheen, H.** 2015. Bach, Freud en Feyenoord: Anna Enquists posture. Masterscriptie Nederlandse Taal en Cultuur. Faculteit Geesteswetenschappen. Universiteit Utrecht.
- Van Deel, T.** 1999. Een plotselinge pijn in het middenrif. <https://www.trouw.nl/cultuur/een-plotselinge-pijn-in-het-middenrif~a0b875c4/>. (Datum van gebruik: 19 Augustus 2019).
- Van der Mescht, Heinrich.** 2009. Marlene van Niekerk se idees oor musiek en die aanwending van verwysings daarna in Agaat. *LitNet Akademies* 6(2): 93-109. <https://www.litnet.co.za/marlene-van-niekerk-se-idees-oor-musiek-en-die-aanwending-van-verwysings-daarna-in-agaat/>. (Datum van gebruik: 23 Augustus 2019).
- Van Niekerk, Marlene.** 1977. *Sprokkelster*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Van Vuuren, Helize.** 1999. Marlene van Niekerk. In: Van Coller, H.P. (red). *Perspektief & profiel. Deel 2*. Pretoria: Van Schaik. 709-721.
- Van Vuuren, Helize.** 2014. Passacaglia van J.S. Bach en *Das Passagen-Werk* van Walter Benjamin – literêre montage as mosaïekwerk in *Memorandum. 'n Verhaal met skilderye* (2006). *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 54(3): 505-523.
- Van Zyl, Dorothea.** 2008. Grensoorskrydende passie in die poësie van Antjie Krog en Anna Enquist: vroueverskynsel, konvensie of vernuwing? *Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans* 15(1): 102-29.
- Vestdijk, Simon.** 1957. *Keurtroepen van Euterpe. Acht essays over componisten*. Meulenhoff: Amsterdam. *Digitale Bibliotheek voor de Nederlandse Letteren*. https://www.dbl.nl/tekst/vest002keur01_01/index.php. (Datum van gebruik: 23 August 2019).

- Vestdijk, Simon.** 1971. *Verzamelde gedichten. Deel II.* Amsterdam: Athenaeum-Polak & Van Gennep.
- Victor, M.** 2006. Die simbiose van kuns: Madri Victor gesels met Marlene van Niekerk. 28 November. *LitNet.* <https://www.litnet.co.za/die-simbiose-van-kuns-madri-victor-gesels-met-marlene-van-niekerk/>. (Datum van gebruik: 25 Oktober 2019).
- Yoo.rs.** 2017. De spirituele symboliek van de merel. <https://yoo.rs/de-spirituele-symboliek-van-de-merel-1488264270.html>. (Datum van gebruik: 23 Augustus 2019.)
- Zuiderent, Ad.** 1995. Beeld, abstractie en poëtische boventonen. Over beeldgedichten en muziekgedichten. *Voortgang*, Jaargang 15: 249-259.

Note

1. Hierdie artikel is geskryf ter huldiging van Marlene van Niekerk en die sentrale rol wat musiek, en in die besonder Bach se musiek, in haar werk speel. Volgens Linde (2018:20) word deurgaans in Van Niekerk se oeuvre “ander kunsvorms, soos musiek en skilderwerk, in woord en taal [...] ‘vertaal’”. Op sy beurt ondersoek Van der Mescht (2009) die verwysings na klassieke musiek in *Agaat* en kom tot die volgende slotsom:

Die verwysings na klassieke musiek, en ook die verskuilde, vertaalde aanhalings van versreëls uit getoontsette gedigte uit die Duitse kunsliedrepertorium, het ten doel om die karakters en die agtergrond van die roman te teken en sodende dieper insig aan die leser te verskaf. Musiek speel 'n bepalende rol in die totstandkomming van die milieu waarin die roman hom afspeel. Dit is opvallend hoe gepas die aanhalings en verwysings is en hoe hulle die betekenis van die teks verruim.

Ook in *Memorandum. 'n Verhaal met skilderye* (2006) poog Van Niekerk om “Bach se Passacaglia en fuga in C Mineur (BWV 582) (\pm 1715) te ‘vertaal’ in prosa”, en die teks volgens die kenmerke van die fuga te konstrueer (Van Vuuren, 2014: 506).

Die slotwoord behoort aan Marlene van Niekerk self. In 'n onderhou met Madri Victor (2006) merk sy soos volg op:

Ek luister altyd na musiek as ek skryf – of luister is dalk die verkeerde woord – ek “groove” by elke stuk skryfwerk op die spesifieke stuk musiek wat my emosioneel voed en inlig ten opsigte van wat ek geskryf probeer kry. Ek soek deur al my CD's tot ek iets kry wat my in 'n sekere rigting inlig. Dikwels luister ek “namens” die karakter na musiek ten einde uit te vind wat emosioneel in hom of haar gaande is. Watter musiek watter effek op 'n karakter het, is vir my 'n lakmoectoets om vas te stel of en hoe die karakter werk. Miskien

is dit ook nie die hele waarheid nie. miskien is die musickluistery maar my manier om my in 'n soort trance van vereenselwiging te bring.

2. Ek maak hier gebruik van Project Gutenberg se Engelse vertaling van die teks, wat 'n gedigitaliseerde publikasie uit 1913 is.

“Paintings” en skilderye: Variasies op ensiklopediese ikonografie in *Triomf* (1994) en *Memorandum*. ’n Verhaal met skilderye (2006) deur Marlene van Niekerk

Sonja Loots

Paintings as variations on encyclopedic iconography in Triomf (1994) and Memorandum. ’n Verhaal met skilderye (2006) by Marlene van Niekerk

This article analyses paintings and descriptions of paintings in encyclopedic novels by Marlene van Niekerk as variations on encyclopedic iconography. *Triomf* (1994) and *Memorandum*. ’n Verhaal met skilderye (2006) are discussed as novels with a shared interest in reference works, academic sources and incorporating specialized knowledge. The article focuses on the role of paintings and drawings, or descriptions of them in these novels. It illustrates how theories outlined by Roland Barthes in the article “Les Planches de l’Encyclopédie de Diderot et d’Alembert” (“The plates of the Encyclopedia”, 1982) can be linked with Lambert Benade’s mural and Treppie’s comments about encyclopaedias in *Triomf*. *Memorandum*’s paintings are discussed with reference to Barthes. The article argues that the paintings function as variations of encyclopedic iconography. By drawing parallels between Barthes’s theorizing of encyclopedic iconography and the novels’ paintings, the article aims to contribute to the analysis of encyclopedic elements in Van Niekerk’s oeuvre.

1. Inleiding

In hierdie artikel word verwys na twee ensiklopediese romans van Marlene van Niekerk, naamlik *Triomf* (1994) en *Memorandum*. ’n Verhaal met skilderye (2006).¹ Die terme “ensiklopediese fiksie”, “fiksionele ensiklopedisme”, “ensiklopediese narratief” en “ensiklopediese roman” verwys sedert die laat 1970’s in literêr-teoretiese ondersoeke na romans waarin op groot skaal feitelike materiaal geïnkorporeer en verwerk is, gewoonlik as ’n manier om te bespiegel oor kennisoorvloed en gedoemde pogings tot allesomvattende kennisverwerwing. Frye se bespreking van “ensiklopediese vorme” in *Anatomy of Criticism* (1957) en Mendelson (1976a en 1976b) se artikels oor Thomas Pynchon se *Gravity’s Rainbow* word as toonaangewend beskou. In die Franstalige tradisie is Foucault se teoretiserings oor die ensiklopedie in *Les mots et les choses* (in Engels vertaal as *The Order of Things*, 1970), sy studie oor die mensdom se pogings om deur verskillende begripsmodelle ’n greep op die wêreld te kry, relevant. In *La Dissémination* (in Engels vertaal as *Dissemination*, 1981) analiseer hy ook Derrida

se ensiklopediese ideale. Frye, Mendelson, Foucault en Derrida se insigte word in hierdie artikel gelees saam met Barthes se teoretisering oor ensiklopediese illustrasies in sy artikel “Les Planches de l'*Encyclopédie* de Diderot et d'Alembert” (“The plates of the *Encyclopedia*”, 1982). Die strekking van Barthes se artikel, die vernaamste teoretiese raamwerk vir my interpretasie van skilderye in *Triomf* en *Memorandum* as variasies op ensiklopediese ikonografie, word in die volgende afdeling vollediger bespreek.

Frye en Mendelson bespreek slegs ensiklopediese romans wat in groot wêreldtale geskryf is, maar my interpretasie van Van Niekerk se oorspronklike Afrikaanse romans as ensiklopediese romans berus op ruimer definisies van die genre in meer tydgenootlike teoretiserings deur spilfigure soos Attell (2003), Clark (1990 en 1992) en Moretti (1996). In teoretiserings wat sedert die vroeë 1990's deel uitmaak van 'n herleefde belangstelling in ensiklopediese romans word toenemend aandag geskenk aan die maniere waarop die genre oopstaan vir lokale aanpassings. Hierby hoort byvoorbeeld studies oor die romans van skrywers soos Julio Cortázar, Carlos Fuentes, Mario Vargas Llosa en Gabriel García Márquez wat die term “novela totalizadore” (“roman van totaliteit”) as sinoniem vir “ensiklopediese roman” gebruik (sien Anderson, 2003: 60-62). In Afrikaans is Olivier (2011) se analise van die “ensiklopediese impuls” in *Agaat*, Nel (2009) se metatekstuele lesing van *Memorandum* as “intertekstuele ensiklopedie” en Loots (2016) se navorsing oor ensiklopediese fiksie in die oeuvre van Van Niekerk tersaaklike voorgangerstudies.

Teen die breë agtergrond van ensiklopediese romans word in hierdie artikel op die ensiklopediese aard van skilderye en tekeninge in *Triomf* en *Memorandum* gefokus. Ondersoek word ingestel na die verskillende maniere waarop Barthes (1982) se teoretisering oor ensiklopediese illustrasies van toepassing gemaak kan word op die rol, betekenis en funksie van skilderye en tekeninge in hierdie romans. Eerstens word gefokus op die belang van Barthes se analise vir die karakter Lambert Benade se muurskildery(e) in *Triomf*; en vir die karakter Treppie se kommentaar oor ensiklopedieë en naslaanwerke in dié roman. In die tweede helfte van die artikel word ondersoek ingestel na raakpunte tussen ensiklopediese illustrasies en die skilderye in *Memorandum*.

In hierdie artikel word gepoog om aan te toon hoe Lambert se “painting” in *Triomf* en die skilderye deur Adriaan van Zyl in *Memorandum* as variasies van ensiklopediese ikonografie gelees kan word. Dit illustreer hoe Treppie se opmerkings in *Triomf* oor die naslaanwerke in die Newlands-biblioteek eweneens in die teken staan van Barthes se kritiese denke oor Verligtingsera-ensiklopedisme. Die romans se implisiële kommentaar op sekere ensiklopediese strategieë – byvoorbeeld fragmentering, klassifisering en benoeming – word met

verwysing na die skilderye en ‘paintings’ bespreek. Hoewel Barthes se artikel “The plates of the *Encyclopedia*” as vernamaanse invalshoek gebruik word, word ook verwys na Brewer (1989), Werner (1993), Cartwright (1995) en Stalnaker (2010) se besprekings van ensiklopediese illustrasies.

Deur Barthes se teoretisering oor ensiklopediese ikonografie met die skilderye in Van Niekerk se romans in verband te bring, word met hierdie artikel ten doel gestel om ’n bydrae te lewer tot die analise van ensiklopediese elemente in Van Niekerk se roman-oeuvre. Hiervoor word aangesluit by en uitgebrei op bestaande navorsing oor hierdie onderwerp.

2. Teoretiese raamwerk: Roland Barthes oor ensiklopediese ikonografie

Barthes se belangstelling in die ensiklopedie toon talle raakpunte met dié van Foucault. In sy artikel getiteld “La Bibliotheque Fantastique” (in Engels vertaal as “The Fantasia of the Library”), bespreek Foucault (1977) Flaubert se roman *La Tentation de Saint Antoine* (*The Temptation of St Anthony*) as fiksie wat kennis op ensiklopediese wyse wil argiveer, maar terselfdertyd feitelike materiaal kreatief verwerk. In *The Order of Things* keer Foucault terug na die konsep van die ensiklopedie. Hy assosieer die ensiklopedie met die ordeskeppende intellektuele aktiwiteite waardeur moderniteit gekenmerk word: “[...] all the ordered surfaces and all the planes with which we are accustomed to tame the wild profusion of existing things” (Foucault, 1970: xv). Foucault bespreek die ensiklopedie en ensiklopediese fiksie met verwysing na die periode van intellektuele ontwaking en innovering wat as die Europese Verligting bekendstaan. Foucault meen dat die ideaal van ’n allesomvattende representering van die wêreld in sy geheel in ’n oorsigtelike opper-ensiklopedie gedurende hierdie tyd ontstaan het. Hy maan dat die ideaal van só ’n absolute ensiklopedie altyd onhaalbaar sal bly, aangesien alle ensiklopedieë ’n beperkte omvang het.

Soos Foucault, neem Barthes se belangstelling in ensiklopedisme as agtergrond die vroeë “kennisontploffing” (“information explosion”) of “kennisoorlading” (“information overload”, Decoster, 2012; Rosenberg, 2003; Yeo, 2001; Blair, 2003 en 2010) in Europa in die 16de en 17de eeu; en die publikasie van ensiklopedieë wat gepositioneer is as opsommings van alle beskikbare kennis. Hy meen die ensiklopediese roman het die bemoeienisse van die Verligtingsera-ensiklopedie – die strewe na allesomvattendheid, die onhaalbaarheid van hierdie ideaal en die spanning tussen chaos en kennisordening – oorgeneem. In sy artikel “The plates of the *Encyclopedia*” verwys Barthes na die bekendste en invloedrykste ensiklopedie van die Europese Verligtingsera: die *Encyclopédie*, gerедigeer deur Denis Diderot

(1713-84) en Jean Le Rond D'Alembert (1717-1783), wat van 1751 tot 1776 in 28 volumes in Frankryk verskyn het. Barthes is veral geïnteresseerd in die 3 000 volbladillustrasies wat deel gevorm het van Diderot en D'Alembert se ensiklopedie. Dié illustrasies is afsonderlik van die teks gepubliseer en het 11 van die altesame 28 volumes beslaan. Dit word "plate" ("les planches" in Frans) genoem omdat die drukproses destyds behels het dat illustrasies op staalplate gegraveer is en dan met ink bestryk is voordat dit op die papierbladsye afgedruk is.

Barthes karakteriseer die *Encyclopédie* as tekenend van die 18de-eeuse poging om deur kennispraktyke soos fragmentering, benoeming en klassifisering 'n greep op die wêreld en alles daarin te probeer kry. Hy eggo dus Foucault (1970: 85) se siening dat met die ensiklopedie gestreef word na allesomvattende reprentering: "the totality of what is representable". Barthes se interpretasie strook ook met die latere interpretasie van Derrida (1981: 35-40), wat die ensiklopediese ideaal beskou as die strewe na 'n boek waarin alle kennis volledig vervat en georden word.

Barthes beroep hom op die Bybelse gelykenis van Noag se ark en vergelyk die ensiklopediese projek, oftewel die manier waarop ensiklopedieë die wêreld fragmenteer en broksgewys klassifiseer as deel van 'n kennisbeheersingsgebaar, met die manier waarop alle dierspesies voor die groot vloed deur die mens benoem, in spesies opgedeel en getem is. Barthes meen voorwerpe in ensiklopediese plate word georden en benoem soos die diere van die ark om te voorkom dat hul talrykheid en/of vreemdheid die mens oorweldig.

Hy let op dat in die *Encyclopédie* ruimtes en landskappe nie in 'n ongerepte staat uitgebeeld is nie, maar met mense teenwoordig en besig om hul invloed te laat geld: "The plates of the *Encyclopedia* are always populated" (Barthes, 1982: 223). Die ensiklopediese plate illustreer hoe die mens grondstowwe en produkte verwerk deur die gebruik van masjiene en instrumente. Dit is volgens hom veronderstel om te beklemtoon dat die mens in beheer is, en hoe die mens deur middel van kennis en tegnologie vooruitgang bewerkstellig. Ensiklopediese illustrasies is daarop gemik dat die voorwerpe en materiale wat uitgebeeld word, as vertroud en vriendelik beleef word. Ensiklopediese benoemingstrategieë en ikonografie wil dus gerusstellend wees: "What is striking in the entire *Encyclopedia* (and especially in its images) is that it proposes a world without fear" (223).

Behalwe binnings oor hul didaktiese doel en die kennistradisies waarvan hulle deel uitgemaak het, bespreek Barthes ook die verhalende, metaforiese en droomagtige kwaliteite van ensiklopediese illustrasies. Hy noem die illustrasie van 'n koringmeul en gepaardgaande vinjette as voorbeeld van 'n verhalende of epiese illustrasie omdat dit "stories" bevat oor hoe koring deur die mens en die meul in meel verander word (Barthes, 1982: 227). Hy meen die letterlike, opvoedkundige betekenisse van die illustrasies word aangevul deur ander, meer

poëtiese betekenisse omdat lezers die illustrasies met stories en verbeeldingswêrelde assosieer en die illustrasies só droomagtige kwaliteite verkry. As voorbeeld beskryf hy hoe die illustrasie van 'n poskoets die gedagtes laat dwaal na: "[...] memories of the imagination: stories of bandits, kidnappings, ransoms, nocturnal transfers of mysterious prisoners, and even closer to us, Westerns" (Barthes, 1982: 229). Die diepgang van ensiklopediese illustrasies en die feit dat elke ensiklopediese voorwerp gehul word in oneindige betekenisvibrasies ("vibrations of meaning"), lei tot wat Barthes die "Poëтика van die Ensiklopediese beeld" ("the Poetics of the Encyclopedic image", 1982: 230) noem. Met hierdie uitdrukking verwys hy na die feit dat ensiklopediese voorwerpe nie slegs letterlike betekenisse het nie, maar ook "metaforiese vibrasies", waardeur dit as "ensiklopediese ikonografie" funksioneer.

3.1 Triomf as ensiklopediese roman en Lambert Benade se "painting sonder einde" as ensiklopediese projek

Mendelson (1976a: 1268) se siening dat ensiklopediese romans in tydperke van magstryd, politieke oorgang en kulturele verontrusting ontstaan, en die totstandkoming van 'n nuwe politieke bestel uitbeeld, is van toepassing op *Triomf*, wat enkele maande ná Suid-Afrika se eerste demokratiese verkiesing gepubliseer is. Die oorgang van een politieke bestel na 'n ander word eksplisiet in die verhaal beskryf, met die romankarakters wat hulle vir die grootste gedeelte van die roman staal vir die moontlikheid dat die land op Verkiesingsdag in duie sal stort.

Triomf se gebruik van Bybelse konsepte soos "skepping", "apokalips", "hemel" en "hel" is tipies van die ensiklopediese romangenre se geneigdheid om die aanbreek van 'n nuwe era uit te beeld as 'n manier om die Nuwe Testament na te boots (Mendelson, 1976a: 1271). Ensiklopediese romans streef volgens Frye na die wydrekendheid en siklisiteit van die Bybel, die Westerse kultuur se bekendste voorbeeld van 'n ensiklopediese werk, en "a giant cycle from creation to apocalypse" (Frye, 1957: 316). Ook Clark (1990: 22) beskou die Bybel as 'n model vir ensiklopediese projekte se gemoeidheid met siklisiteit: "The Old and New Testaments, bounded by the Creation and the Apocalypse, possess a circularity or completion motivating the encyclopaedic project in general". Verbande tussen die Bybel, ensiklopediese wydrekendheid en siklisiteit manifesteer in *Triomf* deur die koppeling van talle verwysings aan Bybelse ontstaansmites (die skepping van die heelal, die sondeval, die gelykenis van Noag se ark) met 'n tematiese fokus op politieke en persoonlike oorspronge. Verwysings na die Bybelverhaal oor Adam en Eva in die paradys oorvleuel byvoorbeeld met politieke volksplantingmites wanneer die romankarakters Pop en Mol Benade raai dat 'n ou eikeboom in die woonbuurt Triomf óf uit Adam se tyd óf uit Jan van Riebeeck s'n kom

(Van Niekerk, 1994: 13).² Die Bybelverhaal uit Genesis word van toepassing gemaak op die geboorte van Lambert, die produk van bloedskandelike seksuele verhoudings tussen Mol en haar broers, Pop en Treppie. Treppie beskuldig Mol daarvan dat sy Lambert nie wou aborteer nie omdat sy en Pop gedink het hulle “speel in Genesis” (111). Treppie meen dat Pop en Mol aan hulself dink as “vars uit die Paradys geskop” en tydens Mol se swangerskap gebied hy spottend: “Vermeerder dus en vul die aarde” (296 en 164). As teenpool vir skeppingsverhale en oorsprongmities word romankarakters se vrees dat die land ná die verkiesing in duie sal stort, gegronde op Bybelse voorspellings oor die einde van die wêreld. Vir Mol klink selfs die honde wat in *Triomf* begin blaaf “soos die einde van alle tye” (4). Sy visualiseer die fiasco waarop Verkiesingsdag en Lambert se verjaarsdag (sy verjaarsdag val op Verkiesingsdag) kan uitloop, soos volg: “Dan breek die hel los en die graftes sink in gate gate gate” (328). Soos Mol, word Lambert diep ontstel deur gedagtes oor die einde van die wêreld. Die eerste epileptiese aanval wat in die roman beskryf word, volg op ’n voorlesing uit Openbaring deur Jehovasgetuij. Nog ’n aanval dreig by die munisipale stortingsterrein wanneer hy meen die brullende vullislorries klink “soos bose geeste uit die hel uit” (208).

Anders as Treppie en Mol, wat die Bybel as apokaliptiese teks lees, beklemtoon Treppie se interpretasies van “hemel” en “hel” eerder die belang van siklisiteit as romantema en struktuurbeginsel. Hy meen die gesin bevind hulle reeds in die “hell-hole”, “deep end” en “pokput” (359), want “Marthastraat is die hel” (154).³ In ’n driftige repliek op die Jehovasgetuij wat predik dat die einde van die wêreld naby is, meen Treppie “die Einde” het reeds aangebreek (168-169). Boonop is dit volgens Treppie deel van ’n herhalende siklus van “goeters wat oor en oor gebeur” (118). Hy gebruik die manier waarop yskaste se verkoelingsistema werk om die Benades se lewe te verbeeld as ’n futiele kringloop, ofwel ’n “never-ending storie van verdamping en verdigting, liquids, gasses en solids, ’n automatic cycle” (400). Treppie se siening seëvier op verhaalvlak wanneer die klimaktiese einde waartoe die roman opgebou het, nie realiseer soos verwag nie. Op Verkiesingsdag klink “die karre wat so jaag en crash en al die sirenes en goed” aanvanklik vir Treppie soos ’n “geween en gekners van tandé”,⁴ maar die apokaliptiese beeld word gou verdring deur ’n beskrywing van twee jong politici wat paradyslike elemente oproep: “Sy’t margarine-sonnetjies in haar ore en hy’t ’n vyebaar vir ’n das aan in NP-kleure en sy maag stoot-stoot so onder dit soos ’n witwalpampoen (421). Oor hierdie soort antiklimaktiese momente in ensiklopediese romans merk Attell (2003: 48) op: “The revelation that the modern encyclopedic novel proposes is not the bang of the world ending, but of it changing”. Attell se argument kan met vrug van toepassing gemaak word op die uitbeelding van politieke verandering in die laaste bladsye van *Triomf*, asook op die dood van Pop, wat ontvou as die

teenoorgestelde van wat Treppie smalend bestempel as die soort “verdomde storie” wat “met kake en derms en ’n rokende loop” eindig (420). “No bang, just a puff,” sê Treppie oor Pop se dood (446).

Die sikliese struktuur van *Triomf* en die tematiese verkenning van die Benades se lewe as deel van ’n futiele kringloop, gaan gepaard met Treppie se besinnings oor die eindeloze hersirkulering van feite, stories, ideologieë en idees. Oor die Nasionale Party se aandrang dat hulle nuwe idees verkondig, verklaar hy afwysend: “Dis nie nuut nie, dis dieselfde gemors, gerecycle onder dieselfde naam” (307). Hy hou op om boeke te lees omdat hy meen “as jy tien Afrikaanse boeke gelees het, het jy almal gelees” (38). Die nuuswaarde van koerante interesseer hom ook nie, want “dis dieselfde goed wat oor en oor gebeur” (15). Treppie se opmerkings is tipies van talle ensiklopediese romans waaruit ’n kritiese houding jeens die hersirkulering van tweedehandse kennis af te lees is. Clark (1992: 105) noem Flaubert, Joyce, Sollers en Pynchon as voorbeeld van ensiklopediese romansiers met só ’n pessimistiese perspektief; en Burn (2010: 162-163) noem Gaddis se uitbeelding van die geneigdheid van kennis om op futiele wyse te bly (her)sirkuleer: “Gaddis introduces the tendency of information to circulate futilely [and] to be pointlessly recycled”. Teenoor hersirkulering, wat negatief uitgebeeld word as onkreatief, bevoorgrond *Triomf* die werkwyse van fragmentering, wat met ensiklopedieë geassosieer word, as ’n manier om kennis op kunstige wyse te hergebruik. Die roman bevat etlike metafiksionele verwysings na die kreatiewe prosesse waardeur dit self tot stand gekom het. Treppie se gewoonte om koerantberigte op te skeur en as inspirasie te gebruik wanneer hy begin “rym” (oftewel dig), versinnebeeld die skryfproses waardeur *Triomf* ontstaan het. Die roman se bronmateriaal, byvoorbeeld die voorstadromans waarop dit deels gemodelleer is, word slegs in gefragmenteerde en gewysigde vorm daarin teruggevind.⁵

Benewens die strukturele en tematiese genremarkers wat hierbo genoem is, versinnebeeld *Triomf* ook Mendelson se waarneming dat in ensiklopediese romans die konvensies van talle ander genres geïnkorporeer word omdat dit ’n “ensiklopedie van narratief” (“an encyclopedia of narrative”; Mendelson, 1976a: 1270) daarstel. *Triomf* bewerkstellig presies die soort intergeneriese versmeltings wat Mendelson as uitstaande kenmerk van ensiklopediese romans identifiseer. Vergelyk byvoorbeeld Viljoen (1994) se stelling dat die roman “melodrama, sentiment, swart komedie, rou tragedie, absurde drama en maatskaplike realisme” kombineer. Vir Buxbaum (2013: 85) is *Triomf* satire of donker komedie, vir Shear (2006: 83) ’n donker parodie en vir De Kock (2010: 23) ’n donker, komiese roman. Van Coller (2003) herken boonop eggo’s van die voorstadroman en intertekstuele eggo’s uit die werk van C.M. van den Heever, terwyl Olivier (2012) en De Kock (2009) let op die wyses waarop in *Triomf* die Afrikaanse plaasroman herskryf is.

Die roman se verwysingswerke, akademiese bronne, handleidings en kennisruimtes is opvallend, en tipies van ensiklopediese romans se belangstelling in feitelike kennis. Die karakters besoek graag die Newlands-biblioteek, onder meer om die *Encyclopaedia Britannica* en akademiese bronne oor menslike anatomie te raadpleeg. In die teks word herhaaldelik verwys na die Bybel, Lambert se geskiedenishandboek en Treppie se handleiding oor die werking en herstel van yskaste. Materiaal uit al hierdie bronne word deel van die fiktiewe teks. Die romanmotto kom uit 'n handleiding oor yskasmeganika, tegniese inligting oor yskaste se verkoelingssisteme funksioneer prominent in Treppie se sienings oor die Benades se lewe as 'n futiele kringloop, en die yskashandleiding speel 'n belangrike rol in tonele waarin oor die belang van oorgelewerde kennis besin word.⁶ Die neerslag van kennis in die roman is boonop nie beperk tot materiaal uit die bronne wat eksplisiet benoem word nie. Die voorkoms van talte Afrikaanse spreekwoorde en sêgoed, volkslirieke en aanhalings uit literêre bronne (soms verwerk of verbloem) getuig van 'n ensiklopediese neiging tot optekening en argivering. Die verwysingsdigtheid van die roman is verder gesetel in die filosofiese onderbou van Treppie se taalskepsis en volgehoue spel met assosiatiewe betekenisse, waarin die akademiese diskokers van onder andere Nietzsche, Derrida en Lévi-Strauss weerklink.

In 'n roman wat soveel ensiklopediese trekke vertoon, is Lambert, die jongste lid van die Benade-gesin, maklik herkenbaar as 'n karakter wat hom met gedoemde pogings tot kennisordeing en kennisbeheersing besig hou. Sy muurskildery, waaraan hy dekades lank bly werk en wat hy combineer met verskeie ander ensiklopediese praktyke (soos versameling, sortering, benoeming, katalogisering, numerering, die opstel van lyste en fragmentering), is hiervan die vernaamste voorbeeld. Lambert teken een middag, kort nadat hy op 16 jaar uit die skool geskop word, 'n kaart van Suid-Afrika uit sy geskiedenishandboek op die kamermuur bo sy bed (152). Dat sy skildery huis met 'n kaart begin, is betekenisvol in die lig van die eueoue verwantskap tussen kaarte, atlassse en ensiklopedieë. Yeo (2001: 71) wys daarop dat vroegmoderne ensiklopedieë gepositioneer is as die kartering van kennis. Burke (2000: 111) noem in hierdie verband D'Alembert se beskrywing van die *Encyclopédie* as 'n "wêreldkaart". Ook Anderson (1983: 184 en 173) bespreek kaarte as pogings tot totaliserende kennisbeheersing. Behalwe dat dit 'n poging tot kennisbeheersing is, is Lambert se kaart terselfdertyd 'n voorbeeld van die soort "kognitiewe kartering" wat Jameson (1988; 1990: 51-54, 127-129 en 158) beskryf as die proses waardeur die verhouding tussen die subjek en die kontemporêre wêreldsisteem uitgepluis word. Lambert se fokus op die Suid-Afrikaanse geskiedenis in 'n tyd van politieke omwenteling is opvallend en gaan gepaard met aanduidings van 'n subjekposisie wat in die aangesig van

politieke omwenteling onseker voel oor die toekoms. Lambert teken byvoorbeeld “dik, swart pyle” om historiese migrasies van swart en wit mense uit te beeld, maar ook “swart en geel pyle” om te wys hoe die Benades na die Noorde van Afrika gaan vlug indien die nuwe politieke regime op ’n bloedbad uitloop (153).

Dit is van meet af aan duidelik dat Lambert met sy skildery na omvattendheid streef. Lambert teken eers net vir Suid-Afrika, maar begin weldra die res van die kontinent “byteken” (153). Die praktiese beperkings waarmee alle ensiklopediese projekte gekonfronteer word, ’n belangrike tema in ensiklopediese romans, manifesteer in die vorm van Lambert se worsteling met beperkte ruimte aan die muur (153): “Maar hy’t Suid-Afrika te groot gemaak onder en toe’s daar te min plek vir Afrika. Toe moet hy alles kleiner en kleiner teken om uit te kom op die muur”. Lambert voel oorweldig deur die magdom inligting wat hy wil inkorporeer, maar kry ’n “brainwave” en besluit om voorwerpe bo-oor mekaar te teken (152). Die proses van toevoeging en uitbreiding is nimmereindig omdat daar “aanmekaar nuwe goed gebeur” (153), maar hy voel ’n dwingende begeerte om sy projek deur te voer: “Toe hy eers die buitelyn gehad het, *kon* hy aangaan. En hy *moes* aangaan” (152). Nadat Lambert die buitelyne van Suid-Afrika getrek het, met berge en riviere daarbinne, voeg hy tekeninge by van onder meer die Benades se huis en motor, homself, sy familielede, ’n yskas en ’n grassnyer, motoronderdele, historiese figure soos Jan van Riebeeck en Harry die Strandloper, en ’n meermin. Dit alles geskied in ooreenstemming met Barthes se waarneming dat ensiklopediese illustrasies landskappe nie in ’n ongerepte staat uitbeeld nie, maar altyd met die mens en menslike voorwerpe teenwoordig, sodat dit duidelik is hoe die mens sy invloed in die wêreld laat geld: “[I]n the Encyclopedic landscape, we are never alone, [...] there is always a fraternal product of man; the object is the world’s human signature” (Barthes, 1982: 219-220).

Barthes wys uit dat ensiklopediese illustrasies dikwels voorwerpe in dwarsprofiel of as ’n deursnit uitbeeld, sekere gedeeltes van die voorwerp afsny of amputeer, bewegende voorwerpe bewegingloos voorstel of klein voorwerpe vergroot. Omdat ensiklopediese illustrasies ’n ongewone perspektief op voorwerpe bied deur die uitbeelding van “the wrong side of things” (234), is hulle dikwels onverstaanbaar, enigmatis of surrealisties. Barthes noem as voorbeeld ’n anatomiese tekening van die netwerk van die menslike liggaam en beskryf die verbassing wat dit ontlok soos volg: “What is it? What name to give it? How give a name? A thousand names rise up, dislodging each other” (Barthes, 1982: 230). Soos die illustrasies wat Barthes beskryf, is dit nie altyd duidelik wat Lambert se tekeninge voorstel nie: “Wat’s dié?” het Treppie gevra toe hy die painting sien” (153). Selfs wanneer Lambert Treppie se vrae oor wat hy geteken het probeer

antwoord, ontlok dit nóg vrae: "Maar dis nie wat Treppie wou weet nie. Hy wou weet watse pyle is dit dan dié" (153). Die prostituut wat Lambert in sy kamer besoek, wil ook weet: "So tell me, Michelangelo, what's all this here supposed to be?" (384). Die verwarring ontstaan onder andere omdat Lambert se illustrasies, byvoorbeeld van "yskasbinnegoed en mensbinnegoed" (38), 'n ensiklopediese gemoeidheid met ongewone aansigte vertoon. Mol verklaar prontuit dat Lambert niks op 'n herkenbare wyse voorstel nie: "Sy ma het kom sê lat dit lyk g'n soos Afrika nie, lat níks wat hy paint, lyk na enigets nie" (153). Die reaksies wat Lambert se muurskildery ontlok, illustreer Barthes se insig dat ensiklopediese illustrasies die wêreld verduidelik deur die skep van 'n nuwe wêreld wat ook verduidelik moet word. Die verduideliking van ensiklopediese illustrasies geskied volgens Barthes by uitstek deur die benoeming van voorwerpe. Ook Lambert beroep hom op sy manier op ensiklopediese nomenklatur. In reaksie op sy ma se kritiek dat sy geen van die voorwerpe wat hy uitbeeld, herken nie, besluit hy dat hy sy tekeninge van byskrifte sal voorsien: "Toe sê hy okay. Dan sal hy byskrifte in hoofletters bysisit" (153). Van hierdie punt af hang die betekenis van woord en beeld vir Lambert saam. Sy ma kan voortaan "haar oë oopmaak en lees wat dit is" (153). Dat sy tekeninge se betekenis in samehang met hierdie byskrifte uitgepluis moet word, blyk ook uit sy geïrriteerde reaksie wanneer die prostituut Mary hom uitvra wat sekere voorwerpe voorstel: "You can mos read, man, read it" (384).

Volgens Barthes kom ensiklopediese benoeming neer op appropriasie. Dit maak van elke voorwerp 'n "vertroude besitting" ("familiar possession") en die mens gebruik die ensiklopedie om rekord te hou van alles waaroor hy eienaarskap en beheer uitoefen: "The *Encyclopedia* is a huge ledger of ownership" (1982: 222). In Lambert se geval is die beslaglegging pure wensdenkery, soos met die insluiting en benoeming van "sy" meisie, kompleet met die byskrif "GIRL", in sy visuele inventaris: "Bo-op die silwer sakke sit sy GIRL. Sy is kaal met blonde hare" (155). Later sê hy vir die prostituut wat hom op sy verjaarsdag besoek: "And this is you on the car here, Mary. I dreamed of you, long before you even knew me" (376). Lambert se erkentenis dat sy muurskildery met 'n droomwêreld verband hou, strook met Barthes se oortuiging dat ensiklopediese illustrasies nie net 'n didaktiese doel het nie, maar ook droomagtige ("oneiric"; Barthes, 1982: 218) kwaliteite vertoon. Soms bied ensiklopediese illustrasies weerstand teen die maklike ontsyfering van betekenis, want waar voorwerpe uitgebeeld word as deel van tablo's en/of vinjette, moet laasgenoemde soos 'n raaisel ontsyfer word: "The vignette, charged with a disseminated meaning, always presents itself a little like a riddle, we must decipher it" (Barthes, 1982: 225). Lambert se skildery van die naakte, swart man wat Treppie se binnegoed verslind, is só 'n raaiselagtige illustrasie. Treppie weet volgens Lambert nie die tekening is van hóm nie. Dit

kos dinkwerk om uit te pluis dat die woord wat Lambert langsaan geskryf het, 'n verkeerde spelling van “pâté de fois gras” is (155):

Treppie lê oopgesny oor die skouer van Afrika, maar hy weet nie dis hy nie. Sy binnegoed hang uit. Eenkant in die vlak brandertjies van die ATLANTIESE OSEAAN staan 'n groot, kaal kaffer met 'n moerse lang, swart piel wat tot in die water hang. Hy vreet Treppie se lewer. “PATYDEFWAGRAS” sê die kaffer.

Lambert verf dié “painting” kort nadat Treppie hom “doodbang” maak met die wolhaarstorie dat oorkruipers “epileppe se breins deur die oorgate eet” (145). Met sy muurtekening wil Lambert 'n wêreld skep waarin Treppie se binnegoed, en nie sýne nie, verslind word. In dié wêreld het Lambert “sy” meisie by hom, sit hy glimlaggend in sy motor, en het alles 'n naam. Dit is 'n poging om vrees te besweer deur die skep van 'n geordende kennisruimte: “What is striking in the entire *Encyclopedia* (and especially in its images) is that it proposes a world without fear” (Barthes, 1982: 223). Lambert se pogings om vrees in toom te hou deur 'n geordende kennisruimte te skep, verloop egter nie altyd volgens plan nie. Sy skildery ontaard gaandeweg in 'n warboel. In die laaste maande voor sy 40ste verjaarsdag, meer as twee dekades nadat hy aanvanklik besluit het om “party goed bo-oor ander goed” te verf, let Mol op dat nie net sommige voorwerpe nie, maar “alles” bo-oor mekaar geverf is; en dat Lambert die skildery steeds voortdurend bly uitbrei: “Hy paint heelyd by” (38). Treppie bestempel die skildery fronsend as “deurmefokkingkáár” (53). Lambert wend in die maande voor sy verjaarsdag 'n hernieuide poging aan tot groter orde en beroep hom op wat Barthes “bevenstering” (“fenestration”) noem: Die ensiklopediese gebruik om die wêreld in brokstukke op te deel en elkeen van daardie brokstukke afsonderlik te raam. Fragmentasie en die plasing van fragmente in rame of vensters is volgens Barthes (1982: 223) 'n tegniek waarmee veelheid ingeperk word: “[R]duced, tamed, familiarized, because it is divided” (223). Die wending kom wanneer Lambert kalenders wat teen sy kamermuur gehang het, verwyder. Die oop spasies waar hulle gehang het, lyk vir hom na 'n manier om 'n “netjiese” alternatief op die “deurmekaar” skildery te skep (158):

Lambert staan terug en bekijk die ry oop kolle teen die muur waar die kalenders afgekom het. Hulle is baie skoner as die res van die muur. Sulke netjiese, vaalwit vierkante. Hy smile. Dis nou luck. Nou't hy sommer frames ok. Nou kan hy netjies in die frames paint en al die goed wat werk, kan dieselfde size wees.

Lambert se besluit om 'n “hele gallery” te verf, lei tot selfs groter ambisies van allesomvattendheid as voorheen. Hy besluit om “die wêreld” te teken, maar

besluit gou “die aarde” wat hy geverf het, kort ook ‘n “hemel” (159). Wanneer die prostitueer hom in die kamer besoek, is hy vas van plan om deur middel van sy skildery ‘n ensiklopediese greep op die ganse uitspansel te kry: “So on the ceiling I will go on with heaven, all the stars and things, some dead, some alive, the black holes and the time warps and the sundogs and the rim of the dark moon [...]” (385). Pop dink: “Dit lyk of Lambert alles gelyk wou verf” (228); en Treppie meen Lambert wil alles “van Genesis tot Openbaring” in sy galery representeer (412). Lambert se benadering herinner aan Frye (1957: 318) se stelling dat ensiklopediese projekte die wydrekendheid van die Bybel wil naboots deur die aandurf van ‘n breë tematiese terrein wat strek “from heaven to the underworld”.

Terwyl Lambert skilderye maak in die vierkante waar die kalenders vroeër gehang het, hang hy ook rommel wat hy in die tuin opgrawe, teen sy mure: “Hy vat die bene en blikke en goed, tot ou vaal albasters en kieries met koppe, en hy hang hulle op tussen sy paintings op sy mure in sy den in” (5). Hy sien die voorwerpe wat hy teen sy mure hang, egter as deel van “sy museum” en glo “die nageslagte sal nog bly wees iemand het dit bewaar” (5). Die versameling is ‘n “kennismodus” (“a mode of knowledge”), herinner Stewart (1993: 162). Dit toon ooreenkoms met die ensiklopedie, want as “tuigemaakte heelal” (“homemade universe”, Stewart, 1993: 162) wil dit die hele wêrld verteenwoordig. Lambert se rommelversameling maak dus sy ensiklopediese verlangens duidelik en onderstreep sy behoefté aan orde. Alles wat volgens Lambert nie in sy museum hoort nie, word buite op ‘n “helse hoop” gegooi. Die selektering en rangskikking van sekere voorwerpe as “museumstukke” is ‘n ordeskeppende daad en herinner aan Clark (1992: 99) se stelling dat ensiklopedisme gerig is op die ordening van materiaal wat andersins net ‘n “deurmekaar hoop fragmente en onbenullighede” (“a dishevelled heap of fragments and odd facts”) sou wees.

Behalwe sy “museumvoorwerpe” voeg Lambert ‘n lys by sy “neverending painting”. In ‘n artikel oor die funksie van lyste in fiksie, wys Tankard (2006) daarop dat lyste sorteringsmeganismes is en dus outhouerlikeit en totalisering oproep. Lambert se lys is vir hom sinoniem met “mooi kophou” en “houvas kry” (196). Daar is nêrens ‘n leë spasie op sy muur nie, met die gevolg dat sy lys as’t ware deel van die muurskildery raak wanneer hy dit nooggedwonge bo-oor ‘n tekening van ‘n Jood maak: “Hy wil nou sy lys opskryf. Hy sal dit bo-oor die Jood skryf” (196). Lambert probeer rekening hou met die uitgestrektheid van die materiaal wat hy met sy lys wil orden: “Hy begin hoërig solat hy genoeg plek het. Want hy weet lyste is goed sonder einde” (197). Soos wat dikwels met karakters in ensiklopediese romans gebeur, raak hy egter verbouereerd oor die talrykheid van gegewens wat hy met sy ordeskeppende poging in bedwang probeer hou. Hy

besef byvoorbeeld daar is “te veel stukkende goed” vir sy lys van stukkende goed wat reggemaak moet word (196). Mol let op dat die lys net al hoe langer raak: “So ver sy kan agterkom, las Lambert goed onderaan sy lys vinniger as wat hy hulle bo afmerk” (276). Op die ou end, die dag voor sy verjaarsdag, maak hy noodgedwonge “n kort lys van sy lang lys” omdat die oorspronklike lys al langer geword het “totlat sy oë oormekaar gekyk het” (347).

Al Lambert se ensiklopediese kennisprojekte is gedoem. Sy “museum” eindig in volslae mislukking, want aan die einde van die roman besluit werknemers van die firma wat die Benades se huis kom uitverf dat die gesin “niks van enige waarde” het nie (339-442). Treppie dryf genadeloos die spot met Lambert se vroeëre drome oor sy museum as hy sê dat die Benades “nie museum pieces” is nie, maar eerder “collected works of wear and tear”, en dat die huis ‘n “monument vir fokol” is (306 en 412). Die stryd wat Lambert gevoer het om orde en waarde te skep, eindig met die hoop rommel wat buite die huis oorgebly het, skynbaar as ’n fisiese vergestalting van die “ongeordende hoop dooie bene” (“disordered heap of dead bones”) wat Hegel beskou as die teenoorgestelde van bespiegelende denke (aangehaal in Derrida, 1981: 42). Nadat Lambert ontdek dat hy die produk is van ’n bloedskandelike verhouding tussen Mol en haar broers, skiet hy uit ontstrelenis sy lys van die muur af: “Lambert skiet sy lys van die agterste muur af met sy gun. Item een tot en met tien skiet moeilik af, maar hoe verder ondertoe, hoe beter, want die pleister is sag van ’n voos kol in die muur” (417). Sy galery bly ook in die slag, want hy gebruik van die koeëls vir die “paintings” wat hy in die kalenders se rame geverf het: “Hy tel sy koeëls. Hy werk uit. Hy het drie vir elkeen van sy gallery se paintings en dan’s daar nog een oor” (417). Hy gebruik ’n sweisvlam om “hemel” en “aarde” uit te wis (417). Met die laaste koeël skiet hy na sy selfportret (418). Lambert wou graag glo dat sy galery ewigheidswaarde het. Oor die skilderye wat hy in die rame gemaak het, het hy teenoor die prostitueet Mary gespog: “But these things here, they’ll last forever” (385). Alles wat hy oor dekades heen op sy mure geverf het, word egter volledig uitgewis. Aan die einde van die roman is hy rolstoelgebonde, gebruik hy medikasie wat hom “rustig” hou, leef hy in ’n huis waarvan die mure wit oorgeverf is, en wend hy geen poging meer aan om te skilder of te teken nie: “Vanlat Wonder Wall sy painting doodgeverf het en vanlat hy in die rolstoel is, paint hy mos nie meer nie. En sy gat grawe hy ok nie meer nie. Nou kyk hy net TV” (448). Met sy “neverending painting”, asook die lys en museum wat hy tesame met die skilderye aangepak het, het hy hom vasgeloop in die onhaalbaarheid van sy strewe na ensiklopediese allesomvattendheid, op dieselfde wyse as wat ensiklopediste en skrywers van ensiklopediese romans dit reeds eeue lank doen.

3.2 Triomf: *Die Encyclopaedia Britannica en die anatomieboeke as implisiete kritiek op ensiklopediese ambisies*

Die Benades van Triomf besoek Newlands se biblioteek sodat Lambert se ma liefdesverhale kan uitneem. Lambert en sy oom Treppie “staan daar rond en blaai in goed, meestal in die boeke ’net vir volwassenes’ waarvoor jy moet teken in ’n swart boek” (170). Mol meen hulle kan netsowel na prentjies in die pornotydskrif *Scope* kyk, maar Treppie sê (171):

[...] daar’s nie Britannicas in keffies nie, hy wil nie net aanmekaar prentjies kyk nie, hy wil iets leer ok en dieselfde met Lambert, hy kan mos ok nie van brood alleen wil lewe nie, en of sy wat Mol is dan nie ook wil hê Lambert moet sy horisonne verbreed nie.

Treppie gebruik in bostaande aanhaling twee metafore wat sedert die vroegmoderneiteit in feitelike ensiklopedieë en ensiklopediese romans opklink: kennis as voedsel of drank waarna die mens honger of dors het, en kennisverwerwing as ’n intellektuele ontdekingsreis. Hoewel dit aanvanklik klink of hy goedkeurend na hierdie ensiklopediese kennismetafore verwys, verwoord hy ná die biblioteekbesoek skeptisme oor ensiklopediese werkwysses en strewes. Hy doen dit met verwysing na die naslaanboek “net vir volwassenes” wat hy bestudeer het, en die artikel oor wolke en bygaande illustrasies in die *Encyclopaedia Britannica* waarna Lambert gekyk het. Die besware wat Treppie aan die hand van die anatomieboek verwoord, handel oor benoemingstrategieë, asook die fragmentering en dekonstualisering van kennis. In die boek wat Treppie raadpleeg, “wemel dit van ‘skaamdele’” (173). Dat hierdie geslagsdelle benoem word met Latynse “geleerde name” pleks van met die platvloerse woorde wat hý daarvoor gebruik, irriteer hom. Hy kla ook oor “skaamdele wat van so naby beskryf is lat jy heeltemal jou perspektief op die geheel verloor” (173). Die geslagsorgane word as “dele” bestudeer, waarby die “geheel” verlore gaan (173). Die wyse waarop die pornotydskrif *Scope* ’n blik op geslagsdelle as deel van ’n groter geheel bied, lyk vir hom verkieslik, want “ten minste is daar dan lywe met gesigte by lat mens kan sien wat gaan vir wat en wie is wie” (173). Treppie se klagtes dat die wetenskaplike aanslag van die anatomieboek die werklikheid dekonstualiseer en fragmenteer, klink baie soos dié van Barthes (1982: 234) wanneer hy let op die dekonstekstualisering van voorwerpe in ensiklopediese illustrasies (“isolating the elements from their practical context”). Treppie se vermoede dat die navorsing geslagsdelle “van onder af en bo af” en “deur ’n vergrootglas” bestudeer het, kan boonop gelees word as ’n herverwoording van Barthes (1982:234) se stelling dat die ensiklopedie ’n

geboeidheid met “verkeerde” of “verkeerdom” aansigte en invalshoek vertoon en dikwels deur vergroting die skaal daarvan verander.

In die daaropvolgende gesprek oor wat Lambert in die *Encyclopaedia Britannica* gesien het, eggo Treppie nogmaals etlike van Barthes se sienings. Hy verwys voorts na die intellektuele klimaat waarbinne die *Encyclopaedia Britannica* tot stand gekom het. Die ensiklopedie in die Newlands-biblioteek se “Britannikas” (172) het naamlik tot aan die einde van die 20ste eeu, toe dit deur die aanlyn ensiklopedie *Wikipedia* ontstroon is, die septer geswaai as waarskynlik die wêreld se bekendste ensiklopedie. Platt (2009: 107) noem dit “a text exemplifying the very idea of the encyclopedia”. Die *Encyclopaedia Britannica* het kort op die hakke van die Franstalige *Encyclopédie* van Diderot en D'Alembert gevolg.⁷ Luidens die voorwoord van die eerste uitgawe, was dié ensiklopedie daarop gemik om alle bestaande kennis binne bereik van lesers uit verskillende “klasse” te bring: “[T]o bring all extant knowledge within the reach of every class of readers” (aangehaal in Platt, 2009: 108).

Die ensiklopediese ideaal van vrye toegang tot kennis vir almal kom reeds aan die begin van die Benades se biblioteekbesoek ter sprake wanneer Treppie woedend raak omdat een van die snobistiese bibliotekareses 'n katterige opmerking maak oor die Benades, mense wat volgens haar van 'n laer “klas” is as sy: “Toe dop die vrou haar oë boontoe en sy sê 'n bibliotekaresse het ok maar 'n hondelewé in plekke soos Newlands met sulke klas mense. [Mol] kon sien hoe strip Treppie se moer net daar” (171). Lambert vryf onbedoeld sout in Treppie se wonde met sy vertelling dat wolke “nes mense” verdeel kan word “in klasse”, naamlik “hoë wolke en lae wolke en middel-wolke” (173). Treppie se reaksie op Lambert se beskrywing van die verskil tussen hoë wolke en lae wolke maak dit duidelik dat Lambert (en die res van die Benades) soortgelyk is aan die “lae wolke” (173):

Nee, sê Lambert, [...] hulle kom in klasse, nes mense, hoë wolke en lae wolke en middel-wolke. En die hoës maak die halo om die son en die laes is donderwolke met koppe wat lyk soos aambeelde.

Ja, sê Treppie toe, en wat is daai klas lae donderwolk van jou se geleerde naam?

Treppie se vraag bring benoemingstrategieë ter sprake. Wanneer Lambert beken dat hy nie een van die geleerde name vir die wolke kan onthou nie, moedig Treppie hom aan om sy eie name uit te dink eerder as om vir lief te neem met die “grand name” wat deur ander uitgedink is (174):

Want as die lae klasse nuwe wêrelde kan ontdek en hul hande in onskuld kan was, dan is hy doodtevrede en hy skat dis meer as wat die hoës van hulself kan sê wat met stralekranse om hulle koppe in kerke en universiteite sit en dink die son skyn uit hulle gatte uit net oor hulle grand name het vir gewone goed.

Treppie gebruik dus die klassifisering van wolke om die draak te steek met die onderskeid tussen verskillende klasse mense, naamlik “die lae klasse” (soos die Benades) en “die hoës” (soos akademici en kerkleiers). Hy satiriseer die idealisme waarmee die ensiklopediste deur kennis klasse-onderskeide wou oorbrug. Sy reaksie getuig ook van ’n kritiese ingesteldheid teenoor die kennistradisies van benoeming en klassifisering, ’n tema wat herhaaldelik in *Triomf* aangeraak word. In nóg ’n toneel waarin die *Encyclopaedia Britannica* sy verskyning maak, slaan Treppie byvoorbeeld die naam “Sophia” van “Sophiatown” in die ensiklopedie na. Dit lei hom na ’n inskrywing oor die “Holy Sophia” (die Hagia Sophia) in Turkye en laat hom opnuut besef dat “elke ding mos ’n naam het wat eintlik ’n ander ding se naam is” (308). Die besef dat elke naam deel uitmaak van ’n oneindige netwerk van assosiasies en verwysings, word soos volg deur Treppie verwoord (309): “Die hele wêreld is net name en nikis is wat dit is nie en alles is wat dit nié is nie, it’s all in the mind! En die mind is ’n bottomless pit.”

Treppie beleef eerstehands die verraderlikheid van die benoemde wêreld waaroor Barthes (1986: 234) waarsku: “The named world is never certain”. Barthes se gebruik van die Bybelse gelykenis oor Noag se ark as metafoor van kennisbeheersing deur fragmentering, klassifisering en benoeming, word deur Treppie op sy kop gedraai. Kort nadat hy ’n koerantberig gelees het oor ’n bruidegom wat hom aan bestialiteit met ’n hond skuldig maak, dink Treppie soos volg oor die ark (299):

Want so gaan dit maar in die wêreld. In-uit, aan-af, hier-daar, vuil-skoon, hond-hond. Twee-twee van elke soort in die ark. Een aanmekaar two-stroke activity. En so neuk almal maar aan, living it up, killing time. Van die Israeliete se tyd af al.

Die woorde wat hy met koppeltekens saamvoeg, is oënskynlik teenoorgesteldes. Die woordpaar “hond-hond” wyk egter af van hierdie patroon. Omdat dit voorafgegaan is deur die verhaal oor die bruidegom en die boerboel, gaan dit moontlik hier nie net oor die paring van honde nie, maar ook van mens en hond. Woodward (2001), Libin (2009) en Jackson (2011) wys uit dat die identiteite van honde en mense ook in ander tonele in *Triomf* oorvleuel en versmelt. Woodward (2001: 123) gebruik die term “intersubjektiewe verhoudings” (“intersubjective relationships”), Libin (2009: 43) praat van die Benades as “hibriede subjekte”

(“hybrid subjects”) en “diere-in-wording” (“becoming-animals”) en Jackson (2011: 351) sê dat die oorvleueling van mens en hond in *Triomf* tegelykertyd menswees tot dierlikheid reduseer én die dierlikheid van honde destabiliseer.

In die ark wat Treppie visualiseer, is daar boonop plek vir verbasterde diere van die verbeelding, soos byvoorbeeld ’n “rooikat-ratel-aardvark” (309). Die wyse waarop Treppie konvensionele indelings omverwerp en vertroude woordbetekenisse destabiliseer wanneer hy aan die ark dink, is kenmerkend van hom. “Alles moet altyd dubbeld onderstebo voor hy tevrede is,” sê Lambert (154). Die beeld van die geordende ark, wat volgens Barthes die ensiklopediese ideale versinnebeeld, word in Treppie se gedagtes vervang deur ’n chaotiese “losgemaal” van “goed” wat nie deur benoeming in toom gehou kan word nie (309):

Legio soos die varke van Gadara is die name van goed, en hulle moer by die troppe aanmekaar bo-op mekaar af in daai put. ’n Losgemaal in die dieptes. Nic die asem werd wat hulle mee gesê word nie, never mind die papier waarop hulle geskryf is!

Dit wil dus voorkom of ensiklopedieë en ensiklopediese projekte in *Triomf* funksioneer as kommentaar op die feit dat die Benades se wêreld, ’n wildernis van verskuiwende betekenisse en identiteite, weerstand bied teen ensiklopediese klassifiserings- en benoemingstrategieë. Dit geld vir Lambert se muurskildery, die anatomieboek vol “skaamdele” en die *Encyclopaedia Britannica* in die Newlands-biblioteek. Soos die “doodmak” Lambert wat altyd weer “wild” en “woes” raak (8, 372 en 441), word niks in *Triomf* vir lank in bedwang gebring nie, allerminds deur sortering of benoeming.

4.1 Memorandum as ensiklopediese roman en die skilderye as deel van ’n ensiklopediese wisselwerking tussen teks en beeld

Memorandum vertoon die swaarste feitelike lading van Van Niekerk se drie romans, met ’n enorme hoeveelheid inligting uit bronstekste uit talle kennisvelde wat in die fiktiewe teks opgeneem word. Die wyse waarop die roman kennis oor byvoorbeeld musiek, filosofie, kunsgeskiedenis, literêre teorie en argitektuur versamel, getuig van Frye (1957: 311) se waarneming dat ensiklopediese fiksie gekenmerk word deur “a magpie instinct to collect facts”. Die boekstawing van feite word gekoppel aan die ensiklopediese genre se kenmerkende gemoeidheid met kennisruimtes, met groot gedeeltes van die verhaal wat afspeel in Parow se openbare biblioteek. Die hoofkarakter, Frederikus Wiid, hou hom besig met die tradisionele funksies van die museum en ensiklopedie: kennisordening en kennisbewaring. Soos so dikwels in ensiklopediese romans, lei dit tot ’n

konfrontasie met die labirintiese uitgestrektheid van kennis. Wiid laat daar mettertyd sy obsessie met ordelikheid en volledigheid. Hy omarm die gedagte aan oopheid en voorlopigheid, asook die kreatiewe herverwerking van kennis. Laasgenoemde behels dat kennis gefragmenteer, anders georden, in nuwe kombinasies saamgevoeg, herskryf, vertaal en op ander maniere gewysig word. Die proses waardeur Wiid leer hoe om kennis op kreatiewe wyse te hergebruik, vorm deel van die roman se besinning oor temas tipies aan die ensiklopediese genre, soos die spanning tussen chaos en kennisordening, kennisveelheid en die ensiklopediese gemoeidheid met allesomvattendheid.

Behalwe tematiese raakpunte, vertoon die narratiewe struktuur van *Memorandum* groot ooreenkoms met die ensiklopedie. Deur die gebruik van strategieë wat tradisioneel met die ensiklopedie en ensiklopediese roman geassosieer word, soos voetnote, kruisverwysings en 'n woordelys, word gefragmenteerheid in die hand gewerk. Veral Van Niekerk se gebruik van kruisverwysings om 'n vergelykende leesproses in die hand te werk, kom ooreen met die wyse waarop ensiklopediste kruisverwysings ontplooï. Volgens Anderson (1986: 922) is dit sedert die Verligtingsera 'n manier om lesers te motiveer om aktief en krities met kennis om te gaan:

Encyclopedic cross-referencing motivates the reader to turn back to past paragraphs, to reconstruct implicit arguments, to rearrange the ideas, to correct, to compare, in other words to think out for himself answers to the questions the discussion raises.

Omdat *Memorandum* se struktuur inherent ensiklopedies is, is dit nie verbasend nie dat bekende metafore vir die ensiklopedie – die labirint, netwerk en risoom – gebruik word om die roman te beskryf (sien byvoorbeeld Rossman, 2014, en Van Vuuren, 2014). In *Memorandum* word trouens self ook hierdie metafore gebruik om sigself te verbeeld. Dat die teks as labirint en netwerk vorm kry, sluit aan by bekende konvensies van die ensiklopediese romangenre, naamlik die geneigdheid om netwerke en labirintiese kenniswêrelde as model te neem. “The writer’s exploration of the labyrinth of the world leads him to create a mirroring labyrinth – the work of art,” meen Faris (1988: 167).

Die indruk van gefragmenteerheid wat die teks wek, word versterk deur die plasing van skilderye in die teks. Die versnyding van die teks met skilderye veroorsaak verdere intervalle in die reeds verstoorde narratiewe vloeï. Hoewel daar nooit regstreeks in die teks na die skilderye verwys word nie, raak dit gaandeweg duidelik dat lesers nie net verskillende teksfragmente met mekaar in verband moet bring om die verhaal uit te pluis nie, maar ook rekening moet hou met die “intertekstuele verhouding” (Crous, 2011) of “semiotiese wisselwerking” (Roux,

2009) tussen Van Niekerk se woordteks en die 16 Van Zyl-skilderye wat as deel van die teks verskyn.

In *Blueprint. A Study of Diderot and the Encyclopédie Plates* argumenteer Werner (1993: 4) dat die volle betekenis van Diderot en D'Alembert se beroemde ensiklopedie slegs begryp kan word deur bestudering van die plate as onmisbaar deel van die totale projek. Die Van Zyl-skilderye is eweneens van sentrale belang. Dit spreek reeds uit die titel *Memorandum. 'n Verhaal met skilderye*, waarin beklemtoon word dat dit nie net om 'n verhaal gaan nie, maar baie bepaald om 'n verhaal én skilderye, of 'n verhaal saám met die skilderye. Die skilder se naam verskyn saam met Van Niekerk s'n as mede-outeur. Dat die skilderye skering en inslag van die oorspronklike Afrikaanse teks vorm, word ook deur Van Niekerk uitgespel in 'n skrywersnota agterin die Nederlandse vertaling, wat in 2007 onder die druknaam van Querido-uitgewers verskyn het. Opvallenderwys verskyn die skilder se naam nié as mede-outeur van die Nederlandse uitgawe nie, is die verwysing na die skilderye in die oorspronklike Afrikaanse titel nie deur die Nederlandse vertaler behou nie en bevat die Nederlandse uitgawe slegs enkele van die skilderye wat in die oorspronklike Afrikaanse uitgawe verskyn het. Dat die verminderde rol van die skilderye op 'n enorme betekenisverlies neerkom, raak duidelik by die lees van Van Niekerk se kommentaar hierop. Die skrywer "bedank" oënskynlik haar Nederlandse uitgewershuis dat hulle bereid was om ses skilderye in te sluit (uit die 16 in die oorspronklike Afrikaanse uitgawe). Die "bedanking" lees egter soos 'n verwyt, aangesien Van Niekerk (2007: 200) daarin verduidelik dat die skilderye, by implikasie ook dié wat weggleat is, "een wezenlijke dimensie vormen van de betekenis van het boek". Sy beskryf "Hospitaalreeks 2004-2006", waarvan die individuele skilderye onderafdelings is, as die oorsprong van "een bijzonder intense wisselwerking tussen woord en beeld" en stel dit onomwonde dat nie só nie, maar die skilder die projek in die geheel gekonseptualiseer het (Van Niekerk, 2007: 200): "De inmiddels overleden schilder was niet alleen verantwoordelijk voor het concept, de vormgeving en het formaat van de eerste editie, maar was ook de initiatiefnemer van het project."

Van Niekerk se siening van die teks as 'n "wisselwerking tussen woord en beeld" verwys na die leesstrategieë wat op *Memorandum* toe te pas is. Sy gebruik die term "verspringende roete" vir hoe lesers "vorentoe en agtertoe [...] spring" terwyl hulle lees (Van Niekerk in Britz, 2007: 22). Haar uitgesproke doelwit dat lesers heen en weer in die teks moet beweeg om verbale en visuele fragmente met mekaar in verband te bring, kom nou ooreen met Diderot se benadering. Hoewel die plate afsonderlik gebundel is en dus nie saám met die teks verskyn het nie, was sy bedoeling nietemin dat lesers woord en beeld met mekaar in verband moes bring in 'n kruisverwysende proses van betekenisskepping. Juis daarom,

skryf Stalnaker (2010: 114), het Diderot in sy *Prospectus*⁸ soveel klem geplaas op “the epistemological complexity of the process of moving back and forth between plates and description, which for Diderot was essential to interpreting the plates”. Ook Cartwright (1995: 49) stem saam dat die voorkoms van die plate in die *Encyclopédie* aandagspronge van teks na beeld en van beeld na teks in die hand gewerk het.

In *Memorandum* is die kruisverwysings tussen teks en skilderye talryk en gevareerd. Die oorkoepelende tema van Van Zyl se “Hospitaalreeks” is die omgewing wat as agtergrond dien vir die verhaal. Dit beeld die hospitaalruimtes, -toerusting, -implemente, -meublement en -argitektuur uit wat in die teks *Memorandum* op ensiklopediese wyse gelys en benoem word. Voorbeeld hiervan is “die stywe groen lakens” (11) in skildery 3, die middelste paneel van skildery 4 en die linkerkantste paneel van skildery 5 en 15; die “hoë bed” (11) in skildery 14; “al die beddens en trollies op hulle voorlopige haltes in sale en gange en hysbakke” (44) in skildery 3 en 14, die middelste paneel van 4 en die linkerkantste paneel van 15; die “bedkassie” (11, sien ook 43) in skildery 3 en die linkerkantste paneel van skildery 5; die “toegetrekte gordyne” (14) in die middelste paneel van skildery 4 en die linkerkantste panele van skildery 5 en 15; die “leeslamp” (14) of “bedlig” (32 en 43) in skildery 3 en linkerkantste paneel van skildery 5; die “ruiker fynbos” (18) in skildery 3; die “baksteen” (97) en “bakstene” (42) in die middelste paneel van skildery 1; die “kontakproppe vir driepuntstekers” (39) in skildery 3, 8, 11 en 13; die “falanks [...] naalde” (43) in skildery 12; die “ronde loervensters” (32) of “patrysspoorte” (32) in die deure in skildery 6, 7 en 10; die “vierkantige notisies” (32) in skildery 6, 7 en 10; die “glaskaste” (46) in skildery 6, 9, 10, 11 en 13; die “papier en plastiekverpaknings” (115) in skildery 6, 9, 10, 11, 12 en 13; die voorwerpe van “emalje en staal” (115) in skildery 9, 10, 11, 12 en 13; die “trolliewieleltjes” (115) in die middelste paneel van skildery 4 en linkerkantste paneel van skildery 15; die “apparate” (78) in skildery 10, 11, 12 en 13; en die “monitors” (109), “meters” (39) en “masjinerie” (78) in skildery 7, 8 en 11.

Deur bogenoemde inventaris van (sommige van die) voorwerpe wat in die skilderye voorkom en in die teks benoem word, word die aandag gevestig op onder meer die skilderye en teks se gedeelde belangstelling in die formaat van die katalogus, lys en fragment. Etlike van die skilderye maak naamlik gebruik van dip- of triptiekformate en/of vlakverdelings deurdat aansigte en uitsigte opgesny word in vierkante en reghoeke (vensters, deure, mure, lugverkoelingspanele, pilare, gange, luuke, geboue, kaste, laaie en rakke). Ook individuele panele word in kleiner fragmente verdeel deurdat hulle fokus op ruimtes waarin rakke, laaie en ander reglynige vorms prominent staan. Deur binne die onderverdeelde rame op die ordening van kleiner objekte te fokus, toon die skilderye by herhaling

visuele enumerasie en die maak van visuele lyste: vensters, stoele en sputnaalde tel onder die voorwerpe wat in rye of as reekse in die skilderye verskyn.

Soos Van Zyl se skilderye, wat volgens Van Niekerk die oog laat “spring” tussen verskillende rame en vlakke (in Britz, 2007: 22), was die plate van die *Encyclopédie* onderverdeel in wat Barthes (1982: 29), in die taal van strukturele linguistiek, “betekenigseenhede” (“signifying units”) noem. Die boonste gedeelte van die plaat is gewoonlik ’n vinjet terwyl die onderste gedeelte lyntekeninge en analitiese detail van implemente, werktuie, instrumente, masjinerie, voorwerpe of geboue bevat. Die leser, meen Barthes (1982: 29-30), moes op ’n sintagmatiese én paradigmatische as beweeg om die betekenis in die verskillende eenhede van die plate te ontsyfer. Barthes se opmerking herinner aan Van Niekerk se stelling dat sy teksstrategieë bedink het om lesers kruis en dwars tussen verskillende fragmente te laat beweeg “op dieselfde wyse” as wat die skilderye die kyker se oog tussen rye, vlakke en oppervlaktes laat “spring” (Van Niekerk, aangehaal in Britz, 2007: 22).

Van Niekerk gee te kenne dat sy die werkwyse van die Van Zyl-skilderye wou naboots. Die kruisverwysende gefragmenteerdeheid en die gebruik van ensiklopediese middele soos lyste en katalogusse is dus daarop gemik om die gefragmenteerdeheid en ensiklopediese aanslag van die skilderye te simuleer. Die gebruik van tabelle om bladspieëls in kleiner vensters of rame te onderverdeel, is nog ’n manier waarop die teks se struktuur die skilderye naboots. Dit geskied as variasies op die gebruik van nie-verbale kunswerke as modelle vir die narratiewe struktuur; en op die feit dat *Memorandum* ’n tekstuele variant of hibriede versmelting van kunsvorme is.⁹

4.2 Memorandum: Die skilderye se ensiklopediese metaforiek

 25. Van Niekerk herself discloses that she listened “over and over and over” to this piece to achieve the right emotional openness (Britz, 2007: 22).
 26. As Rossman (2014: 62) notes, in pursuing the importance of the Dionysiac dimension of the work, “Joop not only stimulates in Wiid a drive to intellectual and spiritual knowledge, but is also responsible for Wiid’s initiation into sensual pleasures, particularly those related to the god of wine and ecstasy”.
 27. “Die verweerde kroonden met lengtes lamppaal, ‘n stuk sypaadjie, Kaapse ligte en suidersterre in sy takke asof dit sy eie droom se huisraad is” (2006a: 66).
 28. “Moet ek glasie speel om hulle op te wek?” (2006a: 78). There is no way the translation can keep the connection between spirit communication on a Ouija board (“glasie speel”) and the glass of port Wiid is drinking.

29. Van Niekerk (2006a: 92) has Wiid recite an Afrikaans rhyme, “Al wicker al wakker al oor die akker, die dooies hou die lewende wakker”, and adds, “Of is dit andersom?”. Heyns does not attempt to translate the rhyme but substitutes what I take to be his own little ditty.
30. Sunrise in the Western Cape on 12 April 2006 was at 07:03.
31. Heyns introduces the idea of Wiid’s familiarity with this hymn at the very start of the novel; where the Afrikaans is “terwyl die skemer reeds begin te daal” (2006a: 6), the English is the quotation, “as darkness deepens” (2006b: 6).
32. He is not quite right: the Spanish word from which the first part of the Italian *passacaglia* derives is “pasar”, “pass”.
33. Van Vuuren demonstrates the regular alternating rhythm of much of the writing of the “Passacaglia” (2014: 514). Heyns preserves the rhythmic regularity in his translation.
34. Heyns translates this word as “cheerless”, though “comfortless” would have the advantage of looking forward to the ending of the “Passacaglia”. See the comment by Van Niekerk on the “troosteloze” building styles of Parow in note 3 above.
35. For discussion of the relationship between the paintings and the verbal text, see Crous (2011) and the MA thesis by Roux (2009).
36. Who arranged the paintings in this order? Van Niekerk states that they were placed in a narrative order by the painter (Britz, 2007: 21). Yet, the fact that “Hospital Triptych II” begins the series and “Hospital Triptych I” occurs as the fourth painting suggests that Van Zyl envisaged a different order – or the numbering may simply reflect the order in which they were painted. The numbering of the other paintings is consistently sequential.
37. Van Niekerk makes this point in her conversation with Britz (2007: 22).
38. For a discussion of Van Zyl’s use of photorealist techniques, see Sanders (2009: 111-114). Sanders (2009: 114) makes the interesting suggestion that Wiid’s memorial reconstructions evoke the technique of photorealism.
39. “[D]it moes ‘n begeleiding wees wat die ‘lied’ van die skilderye terselfdertyd moes bemiddel en ‘belemmer’, wat dit moes ‘uitlok’ en ‘voorspel’ en ‘begeer’” (Britz, 2007: 21). Sanders (2009: 107-108) relates this to Wiid’s own discovery that “the art lies in impediment” (“belemmering”) (2006b: 97).
40. Van Vuuren (2014: 505).
41. A question from Britz about the placing of this letter elicits from Van Niekerk what amounts to a brilliant short essay on the task of the writer and the role of the reader (Britz, 2007: 25-26). She begins by noting her dislike of neat beginnings and endings and her desire to problematise these in *Memorandum*: the text ends with something that is pointed to at the beginning (Wiid’s original discomfort with the librarian) and if we read it at the end we do so after the “passacaglia to Buylendagh”, which tells a very different story. Both writer and reader find themselves following a circular movement, with beginning and ending muddled (“deurmekaar”). What is more, this refusal of a “rounding off” chimes with the last painting, which is both an unfinished work and a depiction of a waiting room. Van Niekerk ends this disquisition with some reflections on

the unfathomable nature of the world and of the writing process that attempts to capture that unfathomability: a making clear that is also a making dark – “n Verheldering te skryf wat ook ‘n verduistering is” (26).

42. Van Nickerk’s own intention was to achieve an “adequate parallel” to the many-faceted quality of the paintings, the reader’s eye being made to leap from place to place in the text as it does from painting to painting (notably in the diptychs and triptychs) and across the many levels of meaning within each painting (Britz, 2007: 22).
43. Van Nickerk refers to the “dynamic reading experience” demanded by *Memorandum* (Steyn, 2016).

“Weerkaatsings van natuurvorms in ’n rivier waaroor die wind swiep”: Ekfrase, Van Niekerk, Derrida en Verhelst

Hein Viljoen

“Reflections of natural forms on a river, oscillated by a breeze”: Ekphrasis, Van Niekerk, Derrida and Verhelst

*In this article¹ I explore the idea of ekphrasis, first theoretically and then in the case of poems from Marlène van Niekerk’s collections *Gesant van die mispels* [Emissary of the Meddlars, 2017] and *In die stille agterkamer* [In the Quiet Back Room, also 2017] and from Peter Verhelst’s collection *Zoo van het denken* [The Zoo of Thought, 2011]. I focus on van Niekerk’s poem based on Jan Mankes’ painting *Kraai op berkenboom* [Crow on a Birch Tree, 1913] and on two of Verhelst’s poems referring to Rogier van der Weyden’s *Kruisafneming* [Descent from the Cross, ca. 1435]. Since ekphrasis deals with translating visual signs into verbal signs, it confronts the reader with the gap between reading and interpretation. Verhelst’s poems are highly enigmatic in this regard. I try to bridge this gap by means of Derrida’s views on the framing (“parerga”) of texts and his essay “The time before first” as well as his ideas about traces, the status of the epigraph and the loss of the poetic voice. The analysis yields two radically different approaches to ekphrasis (or even its negation).*

1. Ekfrase

Dat digters voorwerpe en veral dan skilderye of visuele kunswerke met woorde beskryf, dit wil sê om dit te vertaal van een medium of semiotiese stelsel in ’n ander, is ’n baie ou verskynsel. As ’n term vir ’n beskrywende toespraak wat die betrokke ding aanskoulik voor die oë stel, gaan die begrip “ekfrase” terug tot by retoriqa-handboeke uit die tweede tot vierde eeu ná Christus. Die doel daarvan was om emosie op te wek, herinnering te stimuleer en die gehoor te bekoor met ’n styl wat by die onderwerp pas. Cicero en Quintilianus het ook die voordele van “aanskoulike spraak” besing (Zeitlin, 2013: 18). Die beskrywing van Achilles se skild in *Die Ilias* (Boek 18.483-6), is beskou as ’n kisvoorbeeld van ekfrase. En al beskryf dit nie ’n werklike skild nie, beliggaam dit wel die tipiese eienskappe van ekfrase (Zeitlin, 2013: 17), naamlik: “enargeia” (aanskoulikheid), “saphenia” (helderheid) en “phantasia” (mentale beeld of indruk). Hierdie eienskappe word oënskynlik vasgevang in van die bekendste klassieke uitsprake oor ekfrase, naamlik Simonides se siening dat ’n skildery ’n

stom gedig en 'n gedig 'n sprekende skildery is, en Horatius se siening in *Ars Poetica* (reël 361) "ut pictura poesis" ("soos 'n skildery is, só is poësie"). Hier word aan gedigte en skilderye stem en spraak toegeeldig, waardeur, soos Derrida (1987: 22) uitwys, alle kunsuitings aan die gesag van spraak en die diskursiewe kunste onderwerp word.

'n Digter staan voor 'n skildery maar baie soos voor 'n werklike glasbottel, gebou, aarbeiplant, kar, persoon of landskap: Sy moet kies watter woorde sy gaan gebruik, waarop sy die fokus gaan laat val, hoe sy die gegewe wil beskryf (byvoorbeeld realisties of impressionisties) en ook in watter diskokers sy die gegewe gaan inbed. Sy moet besluit hoe om die gegewe aanskoulik, helder en meesleurend voor die leser se (geestes)oog op te roep. Heffernan (1991: 299) beperk ekfrase egter tot "the verbal representation of graphic representation". Daardeur skakel hy die beskrywing van voorwerpe uit en gee erkenning aan die algemene gebruik van die term.

Ook in Afrikaans is die skryf van ekfrastiese gedigte "n goed gevestigde tradisie", soos wat 'n lys op *Versindaba* ("Die Beeldgedig in Afrikaans", 2009) getuig. In hierdie gedigte word veronderstel dat 'n skildery of 'n visuele kunswerk wel in woorde weergegee kan word. Hoe geslaag, oortuigend of getrou die verskillende weergawes is, is egter 'n ander kwessie.

Dit spreek natuurlik nie vanself dat visuele kunswerke in woorde weergegee kan word nie. Soos Krieger (1992: 2) opmerk, kan woorde as arbitrière tekens nie die funksie verrig van wat hy "natural signs" noem nie. Daarmee bedoel hy tekens wat as visuele plaasvervangers van hul referente beskou kan word, dit wil sê ikoniese visuele tekens. Vertaling van een semiotiese stelsel na 'n ander is nie resloos moontlik nie. Daarvoor is die rol van die medium, die vorm, in enige kunswerk te deurslaggewend. Immers, kan die vorm, die tekstuur van die kwaswerk of die intensiteit van die kleure maklik in woorde omgesit word? Of kan taalklank in kwashale op 'n doek vertaal word? Die visuele en die verbale is wêrelde uitmekaar. Inhoud en motief, karakter en verhaal – dit wat in 'n sekere sin oppervlakkig is – kan waarskynlik makliker omgesit word in woorde as in lyn, kleur, tekstuur of vorm. Daarom praat Krieger (1992: 2) van die "unrepresentable" of die "un-picturable" wat skuilgaan agter die meersinnigheid van die begrip "beeld". 'n Produk in 'n bepaalde medium (byvoorbeeld taal) kan nie die mediaspesifieke elemente en strukture van 'n ander (byvoorbeeld die skilderkuns) in sy eie medium weergee nie, maar sulke elemente net suggereer of namaak. Dit is wat Rajewsky (2005: 55) die intermediale gaping noem.

Die digter speel met ander woorde die rol van 'n meturgevrou wat die skildery of die werklike gegewe vir die kyker of leser moet oproep en namaak.

Bowenal konstrueer die digter die betekenis van die ding of skildery en probeer om dit vir die leser of kyker met die middele van die poësie aanneemlik te maak.

Daarom kan Bilman (2013: 1) skryf: "In ekphrasis, poems and paintings mediate between objective reality and the subjective worlds of the artist and the reader-perceiver. Both poems and paintings translate private emotions and/or ideas evoked by the perceptual realm into the cognitive and emotional plane." En in 'n mooi beeld (wat ek vertaal het as titel van my artikel) skryf sy (2013: 4): "Ekphrastic poems are like the reflections of natural forms on a river, oscillated by a breeze, whose study explores the ekphrastic relation as a dynamic and evolving process between the poet, the painter, and the reader-perceiver."

Hiermee stel Bilman gedigte en skilderye gelyk, al lui die oorgelewerde wysheid dat een prent 'n duisend woorde was. Die digter neem dikwels 'n houding aan van ontsag teenoor die skildery of visuele kunswerk – as synde hoër op die genreleer; as meer esteties dalk; as 'n misterie wat aangedui moet word. Die skildery dikteer as't ware sy eie betekenis en "konfronter" die digter met 'n ander medium, maar ook met verskillende Andere. Die verhouding tussen skildery en gedig maak, kortom, 'n model van sosiale verhoudings uit: Dit eggo die verhouding tussen die ek en die geliefde; die ek en die ander, soos Mitchell (1995: 162-163) argumenteer.

Die leser van ekfrastiese gedigte herhaal eintlik die gebaar van die digter: Ook sy moet die rol van meturgievrou aanneem en gaan medieer tussen die gedig en die leser en die kognitiewe en emosionele waardes wat die gedig vir die leser kan hê.

Aan die hand van gedigte van Marlene van Niekerk en Peter Verhelst ondersoek ek in hierdie artikel twee uiteenlopende instellings teenoor ekfrase; twee verskillende maniere om die intermediale gaping te probeer oorbrug.

2. Derrida (1): die spore volg

Met die lees van 'n teks moet die leser, amper soos in N.P. van Wyk Louw se "Swart luiperd" (1981: 149-155), dus die spore begin volg. Derrida (1998: 130) skryf:

You are retracing your steps. The last vestiges lead you deeper into the park. You are advancing backward, toward it natively.

[...]

All oppositions based on the distinction between the original and the derived, the simple and the repeated, the first and the second, etc., lose their pertinence from the moment everything 'begins' by following a vestige. *I.e.* a certain repetition or text.

Derrida skryf hier oor die lees van Philippe Sollers se boek *Nombres* (Getalle, 1968). Alle opposisies raak irrelevant sodra dinge “begin” met die volg van ‘n spoor of teken. “Vestige” word vertaal as “spoor”, “teken”, “bewys”, “oorblyfsel”, “sweem” en “greintjie”. “Without a vestige of clothing” beteken “sonder ‘n draad klere” volgens die *Tweetalige woordeboek / Bilingual dictionary* (Bosman, Van der Merwe en Hiemstra, 1986). Ons volg, by wyse van spreke, die draadjie van Ariadne terug en loop terug op ons spore. Waar begin die gedig? Waar begin ons? Watter spore is daar om te volg?

Kortom, sodra ‘n mens begin lees, vervaag die grens tussen teks en die netwerke van ander tekens daaromheen – of word gedigte soms met opset gestruktureer om die lees van tekens, die soek na spore en oorblyfsels te stimuleer?

3. Oor gesante en stille agterkamers

Marlene van Niekerk se twee bundels ekfrastiese gedigte, *Gesant van die mispels* (2017a) en *In die stille agterkamer* (2017b), is albei kunswerke in eie reg. Hulle is uitgegee in ‘n ruim formaat met kleurfoto’s van skilderye van Adriaen Coorte en Jan Mankes, elk gevolg deur ‘n Afrikaanse en ‘n Nederlandse gedig geïnspireer deur die skilderye. Aan die einde volg ‘n nawoord oor die twee skilders en ‘n lys van die skilderye met titels en erkennings. Die gedigte is aangepas om op een bladsy in te pas “sodat die visuele geheelontwerp [...] klop” en die idee van ‘n kunstenaarsboek versterk word, soos die digter opmerk in haar onderhoud met Louis Esterhuizen op *Versindaba* (2018). As sodanig vorm die twee bundels dus ideale voorbeelde vir die ondersoek van ekfrase.

In die bogenoemde onderhoud verduidelik die digter ook haar fassinasie met hierdie skilders se werk. Wat sy in hul skilderye sien, is “hoe ambagtelikhed, perfeksionisme en obsessie in die hand kan werk”. Sy meen hulle het alle “spore van moeite” soos kwashale of verftekstuur “noulettend weggepoets”, sodat die lig veral in Coorte se werk “bespook raak”. “By Coorte is dit asof die skilderye vanuit ‘n droom op die doek geprojekteer is. Die beeld lyk soos die onnavolgbare resultaat van ‘n vreemde, veruitwendigde selfhipnose-via-objekte,” het sy geskryf. Hierdie wyse waarop die skilders hul aandag toespits op alledaagse voorwerpe fassineer haar, want daardeur word die alledaagse vreemd en uitsonderlik.

Wat Van Niekerk ook interesseer, is dat die skilders in tye van oorlog en groot “maatskaplike omwentelinge” aangehou het met hul werk, wars van “die heersende skildermodes van hulle tyd”. Dit is ‘n gebaar wat sy self herhaal, want deur te fokus op die werk van hierdie digters van die agterkamer en die

besondere tegniese perfeksie daarvan, keer sy haar weg van die heftige politieke betrokkenheid en aktualiteit tipies van haar ander werk (soos Louise Viljoen, 2018, uitgewys het). Hierdie twee bundels maak dus haar dig-kunstige reaksie uit op die turbulente tyd waarin ons leef.

3.1 Nie net dinge nie – voëls veral ook

Hoewel Mankes olibottels en potte noukeurig betrag en skilder, is dit uitbeeldings van voëls wat oorheers in *In die stille agterkamer*. Naas twee van sy “nuwe vreemde uile” (2017b: 23), verskyn daar ’n lyster, ’n “wyandottehaan”, ’n tarentaal en ’n kraai in “Kraai op berkenboom” (2017b: 51). Die manier waarop die digter die spore in laasgenoemde gedig volg, is besonder interessant:

As ek ooit weer aan die bosrand ’n eenling-kraai sien sit, sal ek ’n wye draai loop agter om die berkebos, deur die laaste sloot en stekels van die wilde braam, en presies sy uitsig probeer soek op die son-oorgote polder. Ek sal die verre doenighede van die swerm en die opstal aan die einde probeer gadeslaan met ’n gepaste lanfer van aandagtigheid.
En staande in die reuk van molm met skaduwee reeds voortgeteken op ons rug die ritsel en gedempte kug verneem van hom wat ons as deelgenote ag, en so, al drie tesame, met die breë kwass van gebrandskilderde glas op die direkte voorgrond verf – één gemene liggaam, subtiel gekonsentreer in iriserend grys en git en steenkoolblou, terugkykend, swygzaam, uit die voorportaal van *Orbis alias*, sorgvuldig in die herfsblad en wit stamme van ’n verbye vaderland geraam.

Die spreker in die gedig konstrueer ’n relaas van beweeg deur die ruimte rondom die kraai (“die bosrand”) om presies die kykposisie (“uitsig”) van die geskilderde voël in te neem en te sien wat hy sien: die polder, die dinge ver weg op die horison. Die omweg wat sy beskryf, bring die agtergrond in die skildery waarteen die kraai verskyn, in beweging rondom hierdie kykposisie. Dit gebeur in twee sinne wat uitloop op die beskrywing van die waarneemproses as “met ’n gepaste lanfer van

aandagtigheid". Sy plaas die gebeure in die toekoms en lê aanvanklik sterk klem op sien (soos blyk uit die reeks sien-woorde: "sien sit", "uitsig" en "gadeslaan").

In die derde sin (reël 9) word die ander sintuie ook ingeskakel: ruik en hoor ("ritsel" en "gedemppe kug"), maar dan, asof om 'n sterker sintese te suggereer verdwyn die sterk sintaktiese afbakening namate die sin steeds verder uitgebrei word. Dit is presies op dié punt waar die spreker sterk identifiseer met die kraai, maar ook hoor dat die skilder aanwesig is agter die kraai en agter haar in haar verbeeldte waarnemingsposisie. Deur die aktiwiteit van die skilder – hy "wat ons / as deelgenote ag, en so, al drie tesame [...] verf" – word in die figuur van die kraai op die voorgrond spreker, onderwerp en skilder saamgetrek in "één gemene liggaam". Hierdie gemeenskaplikeheid berus daarop dat die verf en lyn van die geskilderde kraai indeksikale tekens bevat van al drie: die buitelyne en die kleure van die regte kraai, die vlakke kleur wat die skilder met sy hand aangebring het en die waarnemingsposisie van die kyker (wat in die verbeelding saamval met die kraai s'n). Hierdie gemeenskaplike liggaam kry 'n gepaste omvang en gewig deur die "breë kwas van gebrandskilderde glas" en deur die reeks woorde waarmee die digter die kraai en sy kleure beskryf (omsit in taal). Die gewig van die woorde bereik hier byna die gewig van die kraai in die skildery, en word verderaan versterk deur die simboliese waarde wat die spreker aan die einde aan hierdie gemeenskaplike liggaam toeken. Die "lanfer van aandagtigheid" (reël 8), die "skaduwee reeds voorgeteken op ons rug" (reël 9-10) en die "gedemppe kug" (reël 11), asook die kleure "grys en git en steenkoolblou" is reeds voorafskaduwings daarvan. Die drie figure kyk naamlik saam "swygzaam" uit "die voorportaal van *Orbis alias*" terug op die toneel. "*Orbis alias*" is die ander wêreld, die wêreld ná die dood, en daarmee plaas die digter al drie die figure in die posisie van aankondigers van die dood. Die skilder Mankes het, blykens die nawoord, aan tuberkulose gely.

Hoewel die gedig dus die opvallende tema van sterflukheid in hierdie bundel verder versterk, sluit dit af met 'n helder raam wat die "son-oorgote polder" (reël 5) herhaal: "sorgvuldig in die herfsblad en wit stamme / van 'n verbye vaderland geraam".

Die retoriiese situasie in die gedig is opvallend anders as in die meeste ander gedigte uit hierdie bundels. Viljoen (2018: 6) tipeer dit as 'n eensydige gesprek met die skilder. Hier het ons eerder die spreker in gesprek met haarself in 'n sterk verbeeldte inleef in die skildery waaruit 'n relaas ontwikkel word wat ingaan teen die gewone lees van die skildery: Die relaas begin by die fyn detail op die agtergrond terwyl die oog vermoedelik eers die groot figuur van die kraai aan die regterkant sal raaksien. Die spreker kyk saam met die kraai en leef haar in in 'n gemeenskaplike liggaam met die kraai. Sy word 'n kraai in 'n soort denke in en saam met die voël in 'n poging om die intermediale gaping te oorbrug.

3.2 Animaliteit en materialiteit

In haar onderhoud met Esterhuizen op *Versindaba* bespiegel Van Niekerk oor die vraag waarom digters kunstenaars se visuele representasies sou wou herhaal, en suggereer enersyds dat dit iets wesenliks van die mens is, maar dat die skryf van die gedigte 'n poging is om die "suigkrag" wat sommige van die skilderye op haar uitoefen te verklaar. Sy wonder ook of die proses nie eerder met verleiding as met sin maak te doen het nie, en skryf verderaan dat sy vermoed:

[...] die geniet van sogenaamde kuns ganker is in ons animaliteit en materialiteit eerder as suwer in ons 'geestelike'/simboliese vermoë [...] Kuns het myns insiens met ekses te make, oorbodigheid, en met die roekeloze verspilling van libidinale energie, met die vermoë om in 'n *flow* te kom met materiaal, met die onontbeerlike algemeenmenslike narsisme van hongerige selfherkenning in die wesens en dinge, die gamut van bestaansvorme buite ons[...]

Van Niekerk onderspeel die intermediale gaping en neem aan dat die emosionele krag van die skilderye wel in woorde vertaal kan word via ons materiële en dierlike aard. "[H]ongerige selfherkenning" is egter nie die enigste manier van met en in diere dink nie: Peter Verhelst se bundel *Zoo van het denken* (2011) probeer dit skynbaar op 'n ander manier doen.

4. Zoo van het denken

In Verhelst se werk is telkens verwysings na skilders en skilderye. Sy eerste bundel, *Obsidiaan* (1987), is byvoorbeeld tematies en struktureel gevorm deur verwysings na die skilderye van Francis Bacon (vergelyk in die besonder Gorus, 2009). *Zoo van het denken* bestaan onder andere uit gedigte wat verskillende diere (met wetenskaplike name en al) op 'n besonder raaiselagtige manier noem, maar oënskynlik nie beskryf nie. Die titel is ewe raaiselagtig: Wat het 'n versameling diere met denke te make? Die bundel word geopen met 'n gedig oor die "Zwarte Panter", maar dit is veral in die afdeling "Heraldiek" dat Verhelst met behulp van diere met skilders en skilderye in gesprek tree.

4.1 Die slotgedig van die reeks

Die slotgedig van die reeks, "Kruisafneming [...] detail: de borstwonde van Christus", konfrontere ons sterk met die gaping van interpretasie. Dit lyk op die oog af ewe onbegryplik as die "Mené, mené, tekél" wat die hand teen koning Belsasar se muur geskryf het (Daniël 5:25, 1933-vertaling):

Kruisafneming (ca. 1435, Museo Nacional del Prado, Madrid), detail:
de borstwonden van Christus

JAVAANSE TIJGER (*Panthera tigris sondaica*) / COCHENILLELUIS (*Dactylopius coccus Costa*)*

Hij ligt met gespreide armen in de rook van de brandende ceder – schaduw van een schaduw – te kijken hoe ze met de rug naar hem toe, geknield, eivormige luizen tussen de stekels van de schijfcactus in haar handpalm veegt. Zijn hoofd valt opzij. Ze likt aan haar handpalm alsof ze frambozen eet. Ze zal de doornen één voor één in zijn voorhoofd, zijn oogleden dichtnaaien. Ze zal over hem gebogen, tussen haar lippen door het rood op zijn borst laten druppelen. Hij zal in de schaduw van de ceder op zijn voetzolen steunend uiterst lanzaam zijn heupen naar haar opduwen.

* Karmijn wordt verkregen door het drogen, malen en filtreren van de vrouwelijke cochenilleluis. Tegenwoordig wordt kraplap gebruikt voor karmijn. De acceptabele dagelijkse innname van karmijn (E120) bedraagte 5 mg/kg lichaamsgewicht.

’n Moontlike beginpunt vir ’n interpretasie is dat die gedig ingeraam word deur twee titels wat intertekste aandui – die skildery van Rogier van der Weyden en die gewone en wetenskaplike name van twee diere, die Javaanse tier en die cochenilleluis. Dit word verder ingeraam deur ’n voetnoot wat verduidelik hoe karmyn verkry word.

Hierdie inraming – wat Derrida (1987: 54) die “parergon” noem, dit wat letterlik ‘par’ (langs) die ‘ergon’ (werk) staan; wat nog buite die werk is, nog deel daarvan uitmaak – open ’n web van tekens wat ons kan begin volg. Die tekens skakel met ander tekens in ’n nie-liniére volgorde – ’n hiperteks; ’n teks wat vertak, waarbinne die leser beslis watter roete sy wil volg.

Maar voordat ek die draadjies begin volg, verder ingaan op die parateks (die apparaat van titels en voetnote), wil ek die gedig self eers van nader bekijk.

In die reël “Hij ligt met gespreide armen in de rook van de brandende ceder[...]” weet ons nie wie hy is nie – die tier self dalk – maar die arms pleit daarteen. ’n Onbekende man, dus. “[S]chaduw / van een schaduw” – ’n dubbele donkerte. Is hy dus heeltemal onsigbaar of is dit dalk ’n beeld van ’n dubbele nik? Hy lê en kyk in ieder geval na ’n haar – ’n vrou – wat skynbaar, as ons die voetnoot in aanmerking neem, besig is om cochenille-luise te versamel van ’n stuk kaktus- of turksvyblaar af. Sy vee hulle in haar handpalm in. Sy lek aan haar handpalm asof sy bessies eet. Sy kop val opsy – skuins, kant toe. Raak hy bewusteloos, aan die slaap? Wil hy beter sien wat sy doen? Of is dit van verveling of van swakheid en siekte?

Daarop volg dan drie "sal"-sinne – sy "sal" sy oogledo toewerk, sy "sal" die rooi verf of kleurstof op sy bors laat drup. Hy "sal" dan baie stadig sy heupe na haar toe oplig of opdruk. Wat dit beteken, is nie duidelik nie. Is dit 'n seksuele gebaar of daad? En is dit 'n reaksie op die drup van die kleurstof op sy bors? Was, of sal, haar daad 'n uitnodiging wees? Of is die sal-sinne dinge wat hy wens? Of wat die fokalisor waarneem, of weet dat hulle sal gebeur? Is daar dan 'n sterk seksuele aantrekkingskrag tussen hulle?

Hy is so te sê onsigbaar, en tog drup sy die kleurstof op sy bors.

Dit is vreemde dinge wat beskryf word; 'n vreemde interaksie tussen die hy en die sy, skynbaar ingegee deur die inligting oor die cochenille-luis en oor die borswonde van Christus, maar die gegewens sluit glad nie bymekaar aan nie. Dit is asof hulle 'n vreemde ritueel bedryf – 'n vreemde, dalk perverse seksuele ritueel: die ander se liggaam rooi verf, met rooi skend as 'n gefantaseerde seksuele uitnodiging? Of dalk as deel van 'n religieuze ritueel?

Net ná die middel van die gedig is daar 'n afwykende, anormale sin: "[...] Ze zal de doornen één voor één in zijn voorhoofd, / zijn oogleden dichtmaaien."

Watter dorings word hier na verwys en wat gaan sy daarmee doen? Die dorings van die kaktus, seker? 'n Werkwoord ontbreek – iets soos "steken", "drukken" of "prikken". Hoe kom is die werkwoord weggeelaat? Dit is amper asof die gedagte om die doring in sy voorkop te steek, vir haar (of vir die spreker) te veel word; dit kan nie oor haar lippe kom nie. Die dorings van die doringkroon word dus verswyg in die gedig.

En wat maak die cochenille-luis in die gedig?

4.2 *Die vorige gedig*

Die gedig hang sterk saam met die vorige een, wat betitel (ingeraam) word deur die gesloten oë van Christus in Van der Weyden se altaarstuk en die Javaanse tier:

Kruisafneming (ca. 1435, Museo Nacional del Prado, Madrid), detail:
de gesloten ogen van Christus

JAVAANSE TIJGER (*Panthera tigris sondaica*)*

Ze eet frambozen. Hij ligt in de oksel van een tak te kijken
naar de brandende witte ceder. De takken in een vlecht, zodat het vuur
eerst door de bladeren en daarna door de takken, onder de bast door, smeulend
in het zoete merg van de stam, naar de wortels. Het kan dagen duren –

zwartgeblakerde holte in de grond – voor het laatste vuur
door de wortelharen is getrokken. Ze zal zich traag heupwiegend
wassen met rook, de haren los, het wit van haar ogen.

Hij ligt op een tak. Ze gaat op handen en knieën zitten.
Hij laat een knie opzij vallen. Ze eet frambozen, kijkt hem
over haar schouder aan – de pupillen een gloeidraad –
tussen wijsvinger en duim, haar zich traag openende ooglid.

* De Javaanse tijger was in 1978 uitgestorven, het jaar dat de Rode Brigades in Italië Aldo Morvermoordden en zowel paus Paulus VI als Johannes Paulus I stierf. De bevolking van Java vindt geregeld sporen van de tijger terug, diepe groeven in boomstammen.

Lees ons daardie gedig, herken ons duidelike spore en draadjies daarvan in die daaropvolgende borswonde-gedig:

- Sy eet frambose, dit wil sê die rooi, sappige, eetbare vrugte van die struik *Rubus idaeus* (volgens Van Dale – Sterkenburg & Verburg, 1994); in Engels heet dit “rasberries”.
- “Hij ligt in de oksel van een tak te kijken”. Dit is motiewe wat spore laat deur die hele bundel: in die oksel lê en kyk, dophou en observeer. Hierdie posisie word in die volgende gedig herhaal.
- Die brandende wit seder.
- Heupwiegend.
- Sy staan handeviervoet [lyk dit vir my] en kyk oor haar skouer. Sy staan dus met die rug na hom toe (soos in die slotgedig).
- In die gedig word ook 'n vreemde soort ritueel beskryf: Sy was haar hare met rook; haar hare is los; sy gaan staan handeviervoet.

Wie is die fokalisator? Die tier? 'n Eksterne fokalisator wat saam met die tier kyk? Is dit die tier wat eintlik 'n mens, 'n waarnemer is? Of ten minste 'n teenhanger van die menslike waarnemer wat deur die oë (“avec”) van die tier kyk? Die fokalisasie kan moeilik met 'n persoon verbind word.

4.3 Die parateks: Die skildery

Wat is die verband tussen die skildery en die gedig?



Figuur 1: Rogier van der Weyden, Kruisafneming (voor 1443, Museo Nacional del Prado, Madrid),
© Fotografiese Argief Museo Nacional del Prado. Word gebruik met toestemming van die Argief.

Dit is duidelik dat die gedig nie 'n direkte weergawe (ekfrase) of beskrywing van die skildery is nie. Sekere tekens is wel uit die skildery geabstraheer; die gedig vertoon duidelik spore en oorblyfsels van die skildery.

Die Christus se arms is gesprei en sy kop hang skeef. Die figuur in die gedig herhaal dus die liggaamshouding van Christus. Die seder kom ooreen met die kruis. Die dorings en die voorhoof, wat so amper onbewus, teen wil en dank na vore kom, kan natuurlik verwysings na Christus se doringkroon wees. Die rooi merke op die figuur se bors herhaal die borswonde (eintlik sywonde) van Christus (wat in die titel beklemtoon word) – maar die feit dat sy die kleurstof op hom drup, dekonstrueer die idee dat die wonde van Christus weergegee, voorgestel word. Sy bring eerder kleur aan op sy bors – soos 'n skilder op sy doek. Sy bors bestaan egter net in taal; dit is tot stand gebring binne die gedig.

Haar ritueel herhaal die handeling van die skilder om met rooi kleurstof op doek wonde uit tebeeld, voor te stel, maar haar handeling is kennelik nie 'n daad van representasie nie. Dit is dalk eerder 'n vreemde soort ritueel; 'n sensuele manier van liggaamliek dink, of dierlik dink, as 'n mens die titel van die bundel in gedagte hou.

Die skildery self is 'n soort kortbegrip van die Evangelie. Links omraam Johannes, die geliefde apostel, die toneel. Hy en twee vroue ondersteun vir Maria, wat flou geval het van verdriet en wie se blou rok haar suwerheid en maagdelikheid voorstel. Sentraal in die skildery is die kruis en die gestorwe Christus, wie se liggaam deur Josef van Arimatea vasgehou word. Maria se postuur eggo Christus s'n, wat haar "compassio" met sy "passio", sy lyding, uitdruk. Langs Christus staan Nikodemus, met wie se blik langs 'n diagonale lyn loop tot by die skedel, wat Golgota oproep. Regs vorm Maria Magdalena 'n omramming van die toneel. In haar smart het sy haar bokleed byna uitgetrek (Ridderbos, 2005: 25). Die ryk rooi moue suggereer sensualiteit en passie – maar dalk van 'n bo-aardse soort (en waarvan sy dalk selfs swanger kan wees, 'n bo-aardse passie vir Christus, Jolly, 2007). Met sy gedig trek Verhelst egter 'n streep deur die skildery en deur die offerverhaal van Christus en vervang dit deur sy eie vreemde verhaal van dierlik, sensueel en liggaamlik dink. Deur die skildery met uitgestorwe diere te assosieer, suggereer hy ook dat die skildery en die offerverhaal obsolet geword het. Of probeer hy (dalk tevergeefs?) nuwe betekenis heg aan die skildery en die uitgestorwe dier?

4.4 Derrida: Die epigrawe en die teks

Wat bo-aan Verhelst se gedig staan, is eintlik twee epigrawe, en nie titels nie. Na aanleiding van Sollers se *Nombres* skryf Derrida (1998: 137):

The epigraph, a sentence from 'Lucretius' (quoted in his originally foreign language: *Seminaque in numero numero summaque profunda*), ceases to be a quotation, pinned or glued to the superficial front of the book, from the moment it is worked over and itself sets to work inside the very body of the text.

Derrida haal twee gedeeltes in Sollers se teks aan waar die woorde van die epigraaf aan die werk is. Sy slotsom is dat die epigraaf dus nie meer buite die teks ["hors d'oeuvre"] staan nie. Die opdrag voorin ook nie. Hulle is met ander woorde parergons. Dit is een van die skryfekte waarop Derrida die aandag fokus.

Op dieselfde wyse is die skildery by die gedig ingeskryf: Dit word in die gedig herhaal en herbewerk. Dit staan dus ook nie buite die teks nie, maar is intiem verweef daarmee. Die skildery word bowendien uitmekaargehaal, hersaamgestel, vertaal, getransformeer, onder meer in die wyse waarop die digter die woord "rood" anders gebruik.

4.5 Die parateks: Karmyn

In die gedig word gefokus op die rooi van die borswonde in die skildery, maar dit is op die periferie, byna onbenullig in vergelyking met die enorme blokke rooi in die skildery – links die rooi kleed van Johannes die geliefde apostel, via die ryk rooi klere van Josef van Arimatea agter Christus tot by die rooi moue van Maria Magdalena heel reg. Die rooi van die borswonde van Christus – sentraal in die Kruisigingsverhaal maar onopvallend in die skildery – word huis in die borswonde gedig opnuut op gefokus. Die klem val egter nie op die wonde nie, maar op 'n ander verhaal, die verhaal agter die kleur, of net 'n verhaal agter die kleur: hoe die cochenille-luise versamel word en waar die kleur vandaan kom, soos wat dit in die voetnoot aangedui word.

Die aanvaarbare daaglikse inname van karmyn? Wat beteken hierdie woorde? Nuttelose inligting? Of is dit 'n spoor of teken van iets anders?

Op Food-Info, die Universiteit van Wageningen se voedselinligtingsblad, is 'n gedetailleerde inligtingstuk oor karmyn ("Karmijn, karmijnzuur, cochenille", 2014).

Op hierdie spoor ontdek jy deur middel van internetsoektogte 'n hele stuk koloniale geskiedenis van mag en verowering agter cochenille of karmyn, die rooi kleurstof wat uit die vroulike cochenille-luis verkry word en wat as kleurstof in kos, klerasie en grimering gebruik word. Die Asteke het dit eeue lank gebruik. Die Spaanse veroweraars van Meksiko het dit na Europa gebring en dit het in die 16de eeu 'n kosbare kommoditeit geword, byna net so duur soos goud. Dit is onder meer gebruik vir die kleur van die gewade van kardinale en die uniforms van die Britse leër (kleure van mag), maar dit is sedert die 19de eeu met kunsmatige kleurstowwe vervang. Die verhaal word vollediger weergegee in Greenfield (2005). 'n Diep postkoloniale gaping gaan hier oop.

Omdat Verhelst dit in die gedig noem, veronderstel 'n mens dat cochenille die pigment is wat Van der Weyden in sy skildery gebruik het. Die skildery dateer van rondom 1435, maar Cortes het Meksiko eers tussen 1519 en 1521 verower. 'n Mikrospektrografiese analise van 'n skildery deur Van der Weyden ook uit ongeveer 1435, *Maria Magdalena aan die lees*, toon bowendien dat Van der Weyden se rooi kleure bestaan uit komplekse lae van onderverf en 'n mengsel van vermiljoen en rooi lak ("red lake" in Engels). Vir hoogsels (*highlights*) het hy rooi lak en wit gebruik, met lae rooilakglasuur van verskillende diktes bo-oor ter wille van tekstuur. Die rooi lak is afkomstig van 'n insek, vermoedelik "kermes" (Billinge et al., 1997: 74–76).

"Kermes" (graan) is 'n ander soort dopluis ("scale insect") wat op akkerbome in Suid-Europa voorkom en wat vroeër aangesien is vir bessies (Wehlte, 1975: 111; vergelyk ook Douma, 2008). Die gedroogde eiers lyk soos fyn sand- of

graankorreltjies. Vandaar die naam graan. In Engels word dit “scarlet berries” genoem. Die woord “kermes” is die oorsprong van woorde soos “crimson” in Engels en “karmosyn” in Afrikaans. Dit kom uit Arabies “qirmiz”, wat karmosyn beteken, en teruggevoer kan word tot by Sanskrit “krimi-dsjâ”, wat “van ‘n worm afkomstig” (Philippa et al., 2003; Dozy, 1867) beteken.

Verhelst open dus met die kou van die luise asof dit bessies (framboose) is ‘n hele stuk koloniale geskiedenis en ook ‘n ryk netwerk van kleure en kleurstowwe en verftechnieke wat teruggaan tot in antieke tye. Maar weer eens: in taal en met sy eie teenstrydighede.

4.6 Derrida: Ekspropriasie – verlies van die digterlike stem

Derrida (1998: 130) meen dat ‘n tekstuele spoor net sy indruk kan maak deur na ‘n ander spoor te verwys, maar sodoende raak dit vergete: die energie van tekenproduksie beteken noodwendig die uitvee (“erasure”) daarvan; skryf as voorbeeld van so ‘n produksieproses, lei tot ekspropriasie: “Expropriation is not ciphered merely by the mark of numbers, whose nonphonetic operation, which suspends the voice, dislocates self-proximity, a living presence that would hear itself represented by speech.”

Skryf in Sollers se werk beteken die gewelddadige dood van die subjek – die dood van die stem wat die innerlike gedagtes van die skrywer verteenwoordig. En verder skryf Derrida (1998: 131-132):

But the death of that representative voice, that voice which is already dead, does not amount to some absolute silence that would at last make way for some mythical purity of writing, some finally isolated graphy. Rather, it gives rise to an authorless voice, a phonic tracing that no ideal signified or ‘thought’ can entirely cover in its sensible stamp without leaving something out.

In Verhelst se gedig is die stem nie net afwesig nie – die gedig self kan moeilik as die uitdrukking van ‘n stem beskou word. Die inraming van die gedig met ‘n feitelike titel, die wetenskaplike name van diere en ‘n feitelike voetnoot ondermyne die aanname dat daar ‘n digterlike ek in die teks aan die woord sou wees. Dit lyk eerder of die teks ‘n soort emanasie is van ‘n duiselingwekkend ryk interteks agter die woorde.

4.7 Die reeks “Heraldiek” en die bundel Zoo van het denken

Om te begin met die laaste teks van die reeks “Heraldiek” in die bundel is om Sollers se gebaar om te begin voordat ‘n mens begin te herhaal.

Die “Heraldię”-reeks bevat gedigte wat ingegee is deur skilderye van Rogier van der Weyden (1400-1464) gelees saam met die name en wetenskaplike name en seker dan ook die “associated commonplaces” van uitgestorwe diere, soos die Caracara, ’n uitgestorwe roofvoël (33), of die sabeltandtier (34). Die gedigte is almal geplaas, soos in groot dele van die bundel ook, in vreemde landskappe, dalk tropies, van woude en mere, dalk in Java of Suid-Amerika of op ander vreemde plekke. Dit is skynbaar ingegee, volgens die voetnote, deur die plek waar die uitgestorwe dier die laaste keer gesien of geskiet is.

Die diere vorm in hierdie reeks dus ’n reeks totems of simbole op wapenskilde waarmee gedink word – dierlik en liggaamlik – saam met konsepte en woorde. Dit vorm ook deel van dit wat na rituele handelinge lyk. As sodanig is dit moontlik ’n alternatiewe soort verstaan, ’n taal gesentreer rondom diere as vertrekpunt vir soektogte na nuwe maniere van kyk en sien.

Dit is moontlik waarheen hierdie bundel mik – ’n alternatiewe, totemistiese soort denke – denke met diere, oor diere en ook denke as ’n grillige versameling eksotiese diere bymekaargebring binne ’n mensgemaakte ruimte (van die bundel dan).

Een van die gedigte wat hierdie denke met diere probeer verwoord, is “Komodovaraan (*Varanus komodoensis*)” (13, wat in Afrikaans die komododraak heet). Die verband tussen denke en dier word hier eksoties, vreemd geskilder. Die denke “loopt als de rode gevorkte tong / uit de bek van de varaan”. Denke is dadelik ook vuur wat gestalte kry, so lyk dit, in ’n hert; ’n vroulike hert waarmee “ons” in die gedig ’n soort geslagsgemeenskap bedryf. Maar dan verander die “ons” in die seksuele objek, en die proses loop uiteindelik uit op ’n soort intellektuele fellatio: “We schuiven onze lippen over en over het rode geslacht van ons denken.” So asof denke maar net ’n selfbevrediging van die self se begeertes is. ’n Sirkulêre proses sonder uitkoms. Animaliteit wat steeds net op “hongerige selfherkenning” neerkom.

5. Gevolgtrekking: Twee sienings van ekfrase

Uit hierdie bespreking blyk twee uiteenlopende instellings teenoor ekfrase; twee verskillende maniere om die intermediale gaping te probeer oorbrug. By Verhelst is daar nouliks sprake daarvan om die skildery in woorde te probeer vertaal. Hy beskryf en interpreteer nie Van der Weyden se skildery nie, maar neem slegs enkele momente of spore daarvan oor en plaas hulle in ’n totaal ander konteks. Die reeks “Heraldię” is nie ’n gewone soort ekfrase nie, maar bring eerder ’n vreemde soort visie tot stand deur die samewerking tussen woorde, die parerga en die intertekste daaragter. Wat verwonderlik is, is die paradoksale parergiese verband wat tussen die gedig en die skildery tot stand gebring word.

Van Niekerk se instelling is meer konvensioneel, naamlik om die skilderye intersemioties goed te vertaal. Sy gebruik uiteenlopende tegnieke en retoriese instellings in 'n poging om haar verwondering oor die skilderye uit te druk. Veel meer as by Verhelst, lyk dit, of 'n verteenvoerdigende liriese ek in haar bundels aanwesig is. Dit kan egter net 'n verfynende illusie wees.

Verhelst se gedigte doop ons, soos Sollers in Nombres, "by the imperfect into the already opened thickness of another text" (Derrida, 1998: 138). Om die spore in Verhelst se teks te volg, om aan die draadjies daarvan te begin torring, het ons reeds met die aanhalingseffekte wat Derrida noem, meegevoer in die verplasing van 'n konstellasie, 'n labirint.

By Van Niekerk word die labirint dalk minder opvallend opgeroep, maar as skryf-werk het dit soortgelyke effekte. Tekens wat hulself uitvee ten einde indruk te kan maak, is byvoorbeeld die klassieke eiename, soos Philomela in die lystergedig: die een wie se tong uitgesny is maar wat danksy Viljoen (2018: 13) as meturgervrou luisterryk ter sprake gebring is.

*Navor singseenheid: Tale en literatuur in die Suid-Afrikaanse konteks,
Noordwes-Universiteit*

Bronnelys

- Billinge, Rachel; Campbell, Lorne; Dunkerton, Jill; Foister, Susan; Kirby, Jo; Pilc, Jenny; Roy, Ashok; Spring, Marika en White, Raymond.** 1997. The Materials and Technique of Five Paintings by Rogier van der Weyden and his Workshop. *National Gallery Technical Bulletin* 18: 68-86.
- Bilman, Emily.** 2013. *Modern Ekphrasis*. Bern: Peter Lang.
- Bosman, D.B., Van der Merwe, I.W. en Hiemstra, L.W.** 1986. *Tweetalige woordeboek / Bilingual dictionary*. 8ste hersiene en vermeerderde uitgawe, tweede druk. Kaapstad: Tafelberg.
- Derrida, Jacques.** 1987. *The Truth in Painting*. Vertaal deur Geoff Bennington en Ian McLeod. Chicago: University of Chicago Press.
- Derrida, Jacques.** 1998. The Time before First. In: Wolfreys, J. (ed.). *The Derrida Reader: Writing Performances*. Lincoln: University of Nebraska Press.
- Die beeldgedig in Afrikaans. 2009. *Versindaba*. 26 Augustus 2009. <http://versindaba.co.za/2009/08/26/die-beeldgedig-in-afrikaans/>. (Datum van gebruik: 24 Junie 2019).
- Douma, M.** (kurator). 2008. Carmine lake. *Pigments through the Ages*. 2008. <http://www.webexhibits.org/pigments/indiv/overview/carmine.html>. (Datum van gebruik: 24 Junie 2014).

- Dozy, R.** 1867. Kermes (insect, grondstof voor verf). In: *Oosterlingen, verklarende lijst der Nederlandschen woorden die uit het Arabisch, Hebreeuwsch, Chaldeeuwsch, Perzisch en Turksch afkomstig zijn*. 's-Gravenhage. <http://www.etymologiebank.nl/trefwoord/kermes>. (Datum van gebruik: 30 Junie 2019).
- Esterhuizen, Louis.** 2018. Onderhoud met Marlene van Niekerk (*In die stille agterkamer; Gesant van die mispels*). *Versindaba*. 15 Januarie 2018. <http://versindaba.co.za/2018/01/15/onderhoud-met-marlene-van-niekerk-in-die-stille-agterkamer-gesant-van-die-mispels/>. (Datum van gebruik: 25 Junie 2019).
- Gorus, Kim.** 2009. "Het laken wordt een muur van klei en as". Tekst en intertekst in Obsidiaan van Pieter Verhelst. *Spiegel der Letteren* 51(2): 151–171. <https://doi.org/10.2143/SDL.51.2.2038111>.
- Greenfield, Amy Butler.** 2005. *A Perfect Red: Empire, Espionage, and the Quest for the Color of Desire*. New York: Harper Collins Press.
- Heffernan, James A.W.** 1991. Ekphrasis and Representation. *New Literary History* 22(2): 297. <https://doi.org/10.2307/469040>.
- Horatius = Quintus Horatius Flaccus.** n.d. *Q. Horatii Flacci Ars Poetica*. <http://www.thelatinlibrary.com/horace/arspoet.shtml>. (Datum van gebruik: 29 Januarie 2013).
- Jolly, Penny Howell.** 2007. Rogier Van Der Weyden's "Pregnant" Magdalene: On the Rhetoric of Dress in the *Descent from the Cross*. *Studies in Iconography* 28 (September): 209–80.
- Karmijn, karmijnzuur, cochenille (E120). 2014. *Food-Info*. <http://www.food-info.net/nl/colour/cochineal.htm>. (Datum van gebruik: 23 Mei 2014).
- Krieger, Murray.** 1992. *Ekphrasis: The Illusion of the Natural Sign*. Baltimore and London: Johns Hopkins University Press.
- Louw, N.P. van Wyk.** 1981. *Versamelde gedigte*. Kaapstad: Tafelberg; Human & Rousseau.
- Mitchell, W.J.T.** 1995. *Picture theory: Essays on Verbal and Visual Representation*. Chicago, Ill.: University of Chicago Press.
- Philippa, M., F. Debrabandere, A. Quak, T. Schoonheim, en Nicoline Van der Sijs.** 2003. Karmozijn (hoogrode verfstof). In *Etymologisch Woordenboek van het Nederlands*. Amsterdam. <http://www.etymologiebank.nl/trefwoord/karmozijn>. (Datum van gebruik: 30 Junie 2019).
- Rajewsky, Irina.** 2005. Intermediality, Intertextuality, and Remediation: A Literary Perspective on Intermediality. *Intermédialités: Histoire et Théorie Des Arts, Des Lettres et Des Techniques / Intermediality: History and Theory of the Arts, Literature and Technologies* 6: 43–64. <https://doi.org/10.7202/1005505ar>.
- Ridderbos, Bernhard.** 2005. Objects and Questions. In: Ridderbos, Bernhard, Van Buren, Anne en Van Veen, Henk (red.). 2005. *Early Netherlandish Paintings: Rediscovery, Reception and Research*. Los Angeles, Calif: J. Paul Getty Museum.

- Sollers, P.** 1968. *Nombres: Roman*. Paris: Éditions du Seuil. <http://books.google.co.za/books?id=nT5RAQAAIAAJ>. (Datum van gebruik: 17 Junie 2014).
- Sterkenburg, P.G.J. en Verburg, M.E.** 1994. *Van Dale Handwoordenboek van hedendaags Nederlands*. 2de druk. Utrecht; Antwerpen: Van Dale Lexicografie.
- Van der Weyden, Rogier.** Voor 1443. Kruisafneming (“The Descent from the Cross”)—The Collection—Museo Nacional Del Prado. <https://www.museodelprado.es/en/the-collection/art-work/the-descent-from-the-cross/856d822a-dd22-4425-bebd-920a1d416aa7>. (Datum van gebruik: 25 Junie 2020).
- Van Niekerk, Marlene.** 2017a. *Gesant van die mispels. Gedigte by skilderye van Adriaen Coorte ca. 1659–1707*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Van Niekerk, Marlene.** 2017b. *In die stille agterkamer. Gedigte by skilderye van Jan Mankes 1889–1920*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Verhelst, Peter.** 1987. *Obsidiaan*. Antwerpen: Manteau.
- Verhelst, Peter.** 2011. *Zoo van het denken: gedichten*. Amsterdam: Prometheus.
- Viljoen, Louise.** 2018. Ekphrasis and/as Translation in Marlene van Niekerk’s Volumes of Poetry *Gesant van die mispels* and *In die stille agterkamer. Dutch Crossing* 0(0): 1–18. <https://doi.org/10.1080/03096564.2018.1552971>.
- Wehlte, Kurt.** 1975. *The Materials and Techniques of Painting*. New York: Van Nostrand Reinhold.
- Zeitlin, Froma I.** 2013. Figure: Ekphrasis. *Greece and Rome* 60(1): 17–31. <https://doi.org/10.1017/S0017383512000241>.

Note

1. Hierdie artikel is gebaseer op navorsing wat deels ondersteun is deur die Nasionale Navorsingstigting van Suid-Afrika (Toekenningnr. 118965).

Op plotverloor se vlakte?

Willie Burger

“Die tuin se miskruier, dit sou my kon interesseer,
die miskruier wat elke dag die skeppers van goed en
kwaad se stront wegrol, môre is dit weer daar,
ons klein Sisuphos aan die werk, sonder verposing.
Dis die storie wat my waarlik sal boei.”

Die onderwyser (Miles, 2016: 168-169)

Losing the plot, losing hope?

The value of the novel at the beginning of the 21st century has been questioned from various sides and for different reasons: it has lost the humanistic reverie for its inherent value, has been all but occluded by a growing popular cultural production, and is restricted to a “Gutenberg-mind set” (Marshall McLuhan in Will Self, 2014) in opposition to a more relevant network-mind. In South Africa, the value of fiction in postapartheid writing has also been questioned (as discussed by De Kock in Losing the Plot, 2016). In this article, John Miles’s novel Op ’n dag ’n hond (2016) [“One day, a dog”], is read as a response to the doubts cast on the value of fiction (and the novel in particular) by interrogating the ways in which individuals resist being taken up in larger (clichéd) plots (like the “wound culture” of the “pathological public space” in South Africa – De Kock, 2016) as the novel (this particular novel as well as the novel as genre) focusses on a personal space in the margins.

1. Rol van fiksie in postapartheid-Suid-Afrika

Die waarde van fiksie (spesifiek die romankuns) om enigiets meer as blote vermaak aan ’n krimpende aantal lezers te verskaf, word aan die begin van die 21ste eeu dikwels bevraagteken (sien onder ander Vaessens, 2009; Self, 2014 en Boxall, 2017). Aan die een kant hang die twyfel in die waarde vanveral “literêre” fiksie saam met die geleidelike verlies van die belang wat ’n humanistiese beskouing aan letterkunde verleen het. Die gesag van die humanisme (en breedweg die geesteswetenskappe)¹ is sedert die middel van die 20ste eeu toenemend deur onder meer die kritiese teorie en kultuurstudie uitgedaag. Die opvatting dat kunswerke uitdrukings van ewige waarhede kan wees, is vir goed verwerp deur die klem op die historiese omstandighede waarbinne elke teks sowel as die kritiek ontstaan. Die teorie-era van die 1960’s en 1970’s het tot die herverdeling van kulturele kapitaal gelei (Boxall, 2017: 13) en sodoende het dit duidelik geword

dat alle waardes geskep word deur diegene met mag en dat niks, veral nie die letterkunde (of kuns in die algemeen), inherente waarde besit nie. Ook die geloof dat “betrokke kuns” deur die ophou van ’n beeld van die werklikheid lesers se gewetens kan aanspreek en kan laat kies om betrokke te raak by ’n stryd teen onreg, het vervaag – enersyds omdat empiriese bewys daarvoor skraal is en andersyds omdat literêre fiksie ’n onbenullige deeltjie van die breë kultuuraanbod uitmaak (Vaessens, 2009 en De Kock, 2016). Verder het tegnologiese veranderings (die opkoms van die elektroniese era) ook ’n groot rol daarin gespeel om die idee van die relevansie van die gedrukte boek uit te daag. Aan die een kant voer die gedrukte boek ’n stryd teen films en TV-reekse, maar soos Will Self (2014) redeneer, gaan dit in die 21ste eeu veel verder as bloot verskillende medium. Die elektroniese era gee aanleiding tot ’n ander manier van dink, die digitale media verwoes die ouer “Gutenberg mind” (Gutenberg-denke) wat moet plek maak vir ’n soort netwerkdenke. Die romankuns het volgens Self ongetwyfeld ’n rol gespeel in die opkoms van die moderne wêreldeskouing sedert die 17de eeu, maar is nou uitgedien omdat die idee van ’n boek, die omvattendheid en afgeslotenheid van denke wat met ’n boek gepaard gaan, uitgedien is (Self, 2014).

In baie van die argumente téén die relevansie van fiksie staan twyfel dat fiksie iets oor die werklikheid kan kwytraak sentraal. Vaessens (2009: 14-16) verwys na die sogenaamde laat-postmodernistiese skrywers wat besef dat hulle die literêre stellings moet verlaat indien hulle enigsins relevant in die samelewing wil wees. In die lig van ’n behoefte aan feite en aan data, aan wetenskaplike kennis, word die vraag na die bydrae wat fiksie tot kennis kan speel, bevraagteken. Ons leef volgens David Shields (2010) in ’n tyd van realiteitshonger. Die maniere waarop fiksie realiteit naboots, is aan konvensies te danke en hierdie konvensies is veral gedurende die tweede deel van die 20ste eeu ál meer uitgedaag. Skrywers is bewus daarvan dat hulle slegs met taal besig is en dat die maniere waarop hulle oor die werklikheid probeer praat, nie “prentjies” van daardie werklikheid kan voorhou nie, maar dat dit berus op ’n aantal tegnieke. In postmodernistiese fiksie word hierdie tegnieke en ’n bewustheid van die effek van die tegnieke en dus die onvermoë om iets oor die werklikheid mee te deel, selfbewus blootgelê. In die nadraai van die talige wending en dekonstruksie het fiksie (en literatuurkritiek) die idee dat die romankuns die werklikheid kan weergee of ’n invloed daarop kan hê, op verskeie maniere ondermyn. Skrywers wat die uitgangspunte van die dekonstruksie en postmodernisme onderskryf, besef dat alle literatuur, ook hul eie werk, in relativisme en ironiese beskouing oorgaan. Op hierdie manier raak hulle in hul eie werk van ’n uitgediende kultuurideaal ontslae, maar in die proses word ook hul eie skryfwerk irrelevant gemaak (Vaessens, 2009: 16 en Boxall, 2015: 2-10).

Binne die Suid-Afrikaanse situasie word die vraag na die waarde van literêre fiksie selfs dringender, huis omdat die land in 'n krisis van korruksie en gewelddadigheid, van ekonomiese, politieke en morele koersloosheid, oënskynlik eerder aan die niefiksie van joernalistiese verslaggewing as aan fiksie behoeft het (De Kock, 2016: 179); De Kock wys op die uitdagings wat deur fiksie in die gesig gestaar word in die teenwoordigheid van 'n oorweldigende eksterne realiteit en selfs op die onmag van fiksie om as betekenisvolle agent in sulke omstandighede op te tree (De Kock, 2016: 181).

John Miles se roman *Op 'n dag 'n hond* (2016) kan as 'n reaksie op hierdie bevraagtekening van die waarde van literêre fiksie gelees word. Die skep van fiksie, die maak van stories, is 'n sentrale tema in die roman en boonop word die romangebeure geplaas binne die oorweldigende eksterne realiteit van die gewelddadige, eietydse Suid-Afrika. Albei bogenoemde invalshoek op die bevraagtekening van die waarde van fiksie (die kwynende geloof in fiksie of realiteitshonger in die algemeen en die oorweldigende eise wat gewelddadigheid in Suid-Afrika stel), word dus eksplisiet in die roman betrek.

Hierdie bespreking sluit by twee ou temas in die literatuurstudie aan. Eerstens staan die komplekse verhouding tussen fiksie en die werklikheid sentraal: Op die spoor van Plato kan mens die agterdog teenoor fiksie as "blote" leuens en misleiding, as verdraaiing van die werklikheid volg tot by die opvatting van Shields dat fiksie in 'n tyd van realiteitshonger oorbodig geword het en, soos De Kock (2016: 178) aanvoer, dat fiksie in 'n tyd van 'n "wound culture" (wondkultuur) in 'n "pathological public sphere" (patologiese openbare ruimte) eerder plek moet maak vir soekte na feite as vir verbeeldingsvlugte. (In die Suid-Afrikaanse konteks sou 'n mens kon sê eerder Jacques Pauw en Pieter-Louis Myburgh as Marlene van Niekerk en Etienne van Heerden – 'n keuse wat duidelik in verkoopsyfers weerspieël word.) Hierteenoor plaas die verdedigers van fiksie dikwels, op die spoor van Aristoteles, klem op die idee dat fiksie deur redusering, opsomming en plotskepping, 'n houvas op die andersins té omvattende werklikheid bied. Benewens die ou debat oor fiksie teenoor realiteit, word in die tweede plek ook aangesluit by die vroeër meer geloofwaardige idee van betrokke kuns, die idee dat kuns 'n direkte impak op die wêreld kan maak (of behoort te maak).

2. Plotverlies en realiteitshonger in 'n wondkultuur

In sy stimulerende studie oor die stand van die Suid-Afrikaanse literatuur ná 1994, *Losing the Plot* (2016: 5), skryf Leon de Kock dat die begrip oorgang ("transition") gedurende hierdie tydperk sentraal in sowel die Suid-Afrikaanse samelewings as in Suid-Afrikaanse skryfwerk staan. Hy identifiseer plotverlies

as die uitstaande formele kenmerk van Suid-Afrikaanse literatuur sedert 1994. Volgens sy beskouing is die anti-apartheidsbewegings se optimistiese drome oor 'n reënboognasie deur swak dienslewering, korruksie, die agteruitgaande ekonomiese situasie, misdaad en die kriminalisering van die staat verraai. Nie alleen het die samelewing, die regering en die ANC polities, ekonomiese en moreel volgens De Kock (2016: 14) die plot verloor nie, hierdie ontgogeling lei volgens hom ook tot plotverlies in literêre skryfwerk, wat hy as die opvallendste formele kenmerk van postapartheidletterkunde beskou.

De Kock redeneer dat die belang van fiksie in hierdie tyd (sedert 1994) afgeneem het en dat 'n soort realiteitshonger (met verwysing na David Shields se boek *Reality hunger. A manifesto* van 2010) hier te lande oorheersend geword het; dat die kru realiteit van die misdaad, korruksie en armoede in Suid-Afrika só erg is, dat die noodsaak om te rapporteer oor die mislukking van die nuwe bedeling belangriker geword het as om op indirekte wyse, deur middel van fiksie, daaroor te reflektere. Hy redeneer dat die verwagting dat skrywers se verbeelding ná 1994 bevry sou wees (omdat dit nie meer nodig sou wees om slegs anti-apartheid-skryfwerk te lewer nie)², gou reeds vervaag het en dat die teleurstelling in die "nuwe bedeling" tot 'n afname in belangstelling in fiksie in die aangesig van 'n afsigtelike werklikheid gelei het.

Volgens De Kock bestaan daar 'n lang tradisie in Suid-Afrikaanse skryfwerk om oor die land se realiteit te rapporteer. Hierdie rapportering van die onreg in die samelewing was deel van die stryd teen apartheid. (Die sogenaamde betrokke literatuur van die 1970's en 1980's in Afrikaans is 'n voorbeeld hiervan.) Volgens De Kock het die drang om te rapporteer gedurende die 1990's steeds sterker in Suid-Afrikaanse skryfwerk geword en die vooruitsig na verbeeldingryke skryfwerk het, benewens 'n kort opbloei in magiese realisme, nie gerealiseer nie. Fiksie het deel van die rapporteringsproses geword en het as't ware 'n soort Waarheid-en-Versoeningskommissie-rol vervul, soos Van Coller (2009) ook aangevoer het oor die Afrikaanse literatuur van die 1990's.³

De Kock wys daarop dat boekverkope aandui dat fiksie nie die oorheersende vorm in die boekbedryf is nie. Hy skryf die dalende belangstelling in fiksie (en die stygende belangstelling in niefiksie) aan die neokoloniale gevolge van die antikoloniale stryd toe (De Kock, 2016: 177). In hierdie omstandighede het die openbare ruimte ná apartheid "pathologies" geword en laat daarom volgens hom nie ruimte vir uitvinding ("invention") nie. Skrywers moet in hierdie omstandighede eerder ontdek ("discover") as uitvind. Te veel korruksie en misdaad verg dat alles wat skeefloop ontdek moet word. Skrywers ondersoek die werklikheid, die aktuele, materiële situasie en die sterkste behoeftes is om daaroor te rapporteer, eerder as om die verbeelding kans te gee. De Kock vra byvoorbeeld

of die Marikana-slagting 'n herverbeelding van die gebeurtenis, eerder as die soeke na die feite daarvan verg. Hy redeneer dat daar in 'n tyd van vals nuus nie net plek vir herverbeelding is nie maar dat dit noodsaaklik is om die feite bloot te lê (De Kock, 2016: 178).⁴

De Kock steun op Seltzer (1997: 237) se beskrywing van 'n patologiese openbare ruimte (in teenstelling met Habermas se idee van die openbare sfeer as ruimte waar opinies vrylik en op gelyke voet geruil kan word) en die gepaardgaande wondkultuur. Seltzer wys op mense se fassinasié met wonde – soos mense byvoorbeeld by ongelukstonele saamstrom. Mense identifiseer met die wonde van ander. 'n Patologiese openbare ruimte ontstaan wanneer 'n misdaadtoneel nie meer slegs die fisiese plek van die gebeurtenis is nie maar verdubbel word in die media (soos beeldmateriaal daarvan byvoorbeeld aangestuur en gedeel word op sosiale media). Op hierdie manier word die spesifieke misdaad, die spesifieke wonde van die slagoffers, daardie individue se pyn, die hele gemeenskap se pyn. Die gemedieerde beelde van die individuele slagoffers se wonde word almal se wonde. De Kock redeneer dat almal in die land soos slagoffers voel. Almal voel soos slagoffers van die plotverlies in die postapartheidtydperk. Dit maak ook almal meer angstig omdat almal vrees dat die wonde wat hulle waarneem, ook hul eie wonde kan word: Wat hier in hierdie beeld gebeur het, gaan ook nog eendag met my gebeur. Die openbare ruimte word patologies wanneer die beelde van wonde, losgemaak van die oorspronklike konteks, almal se wonde word – sodat die gemeenskap met 'n gevoel van verwonding leef.

Die identifisering met en deel van die gruwelikste geweld op sosiale media is 'n manier om verontwaardiging, woede en teleurstelling met die nuwe bedeling in die post-Mandela-fase te wys. Dit is ook 'n manier om bewyse van die mislukking van die staat uit te skree, en word só, volgens De Kock, (2016: 86) 'n katarsis. Aan die een kant bied hierdie belangstelling in die wonde en die deel daarvan met ander 'n uitlaatklep vir die teleurstelling weens die nuwe Suid-Afrika se plotverlies, maar aan die ander kant bied dit ook die hoop dat die bloatlegging van al die misdade, die deel daarvan, kan lei tot 'n ommekeer sodat die land kan terugkeer na die idee van die reënboogstaat. De Kock (2016: 175) redeneer na aanleiding van Seltzer dat die wondkultuur in die patologiese openbare ruimteveral twee belangrike gevolge het:

- Die grens tussen die persoonlike en openbare word opgehef (die persoonlike wond word almal se wond – soos die binnekant van die verwonde individu ook sigbaar gemaak word na buite vir almal om te sien).
- Die grens tussen feit en fiksie word opgehef gewoon as gevolg van die ooraanbod en hersirkulering van beelde. Die werklike misdade – soos hulle gemedieer word deur videogrepe en foto's – word as mediaweergawes beleef

– op dieselfde wyse as fiksie, met 'n affektiewe effek. Ons leef meer as tevore in 'n gemedieerde werklikheid.

Volgens De Kock toon fiksie in hierdie omstandighede tekens van plotverlies. Geloof in fiksie om deur middel van 'n samehangende plot 'n greep op die omstandighede te kan vind, het oënskynlik verdwyn en plot word in die werk van die belangrikste fiksieskrywers op verskeie maniere ondermyn.⁵

Postapartheidfiksie reageer volgens De Kock (2016: 177) op veral twee maniere op die situasie in die land: Aan die een kant is daar talle literêre tekste waarin die realiteit ingebed word in die representasie – die struktuur van talle tekste is dat stukkies rapportering oor die werklikheid van die land opgeneem word in die fiktiewe vertelling en op die manier word die realiteitshonger bevredig. Rapportering word in sulke werke gefilter deur die bewussyn van 'n fiktiewe karakter. Dikwels neem fiksie die vorm van 'n soort "fictionalised memoir" aan waarin werklike karakters ook as gefiksionaliseerde dubbelgangers voorkom.⁶ Aan die ander kant word hierdie stukkies rapportering volgens De Kock opgeneem in werke wat gekenmerk word deur plotarmoede ("underplotting", De Kock, 2016: 179). Met plotarmoede wys De Kock op werke waarin die oueurstem bloot 'n medium word waardeur die onplotbare situasie in Suid-Afrika aangebied word, eerder as wat 'n singewende geheel aangebied word.

Die dokumentêre wending (rapportering), gepaard met plotarmoede, vestig volgens De Kock die aandag op die onmag van fiksie om as betekenisvolle agent op te tree: Die realiteit word opgeneem in die vorm van foto's of die beskrywings van werklike gebeurtenisse, maar hierdie dokumentêre weergawes van gebeurtenisse en feite word nie aaneengeskakel deur 'n enkele plot nie (De Kock, 2016: 181). Hy wys byvoorbeeld op romans deur Lauren Beukes en Henrietta Rose-Innes waarin "experiencing subjects find themselves caught up in plot contortions that signify profound dislocation, a lack of anchorage and an irrational order" (De Kock, 2016: 179-180); hierdie "profound dislocation" kenmerk ook die onderwyser se situasie in *Op 'n dag 'n hond*, maar Miles se oeuvre ondermyn die idee dat dit 'n kenmerk van postapartheid-skryfwerk is. Eintlik geld De Kock se opmerking oor subjekte se ervaring van "profound dislocation" vir byna al die karakters in Miles se oeuvre. Dink maar aan Okker in *Okker bestel twee toebroodjies* (1973), Eksteen in *Donderdag of Woensdag* (1978) en Flip Nel in *Blaaskans* (1983) wat almal hulself in verwarringde (en gewelddadige) omstandighede bevind waarin die intrigue telkens verrassende en irrasionele wendings neem. Miles se oeuvre ondermyn dus tot 'n groot mate De Kock se argument dat hierdie reaksies van rapportering en plotarmoede tot literêre fiksie van die omstandighede na 1994 hoort. Terwyl De Kock se argument dat fiksie oënskynlik in 'n tyd van realiteitshonger en plotverlies nie meer 'n sterk bydrae te speel het nie, behalwe deur stukkies van die realiteit daarin op te neem of deur

plotverlies as ikonies van Suid-Afrika bloot te lê, maak *Op 'n dag 'n hond* ook die leser van 'n verdere rol van fiksie bewus. Die taak van fiksie, so word hieronder redeneer, is nie bloot dié van 'n plot te verskaf om 'n wêreld te verbeeld nie, maar ook om die individu se verhouding tot die wêrelde wat verbeeld word te ondersoek. In *Op 'n dag 'n hond* demonstreer die skrywer hoedat die skeiding tussen die persoonlike en die openbare wel gehandhaaf kan word en dat die wondkultuur ook afgewys kan word.

Die ondermyning van die grense tussen die persoonlike en die openbare, sowel as tussen feit en fiksie wat De Kock na aanleiding van onder meer Seltzer as kenmerkend van Suid-Afrikaanse fiksie beskryf, word ook op groter skaal as kenmerk van die romankuns in die algemeen deur Self beskou. Self (2014) redeneer in sy provokerende artikel "The novel is dead (this time it's for real)" dat die roman as kunsform aan die begin van die 21ste eeu uitgedien is omdat dit nie meer uitdrukking kan gee aan die wêreld waarin ons tans leef nie. Die roman kon in die tyd van die boekdrukkuns as kunsform slaag om omvattende grepe op die wêreld te bied. Volgens Self leef ons egter in 'n tyd waarin 'n Gutenberg-denkwiese uitgedien is en plek maak vir denke wat nie vasgevang kan word binne die beperkings van 'n omvattende boek nie (wat netwerkdenke genoem kan word – WB). Boonop ondermyng die opheffing van die grens tussen die persoonlike en die openbare sfere volgens Self die moontlikhede van die romankuns wat eintlik binne 'n afgegrensde persoonlike sfeer gedy het.

Die "network mind" (netwerkdenke) waarna Self verwys, is gevorm deur die vinnige verplasing van inligting in die tyd van die internet. Die ooraanbod van inligting in ons tyd, wat gepaard gaan met die gelyktydige beskikbaarheid van alle inligting, sodat chronologie van inligting verdwyn, laat ons volgens Self in die ewige hede leef. Enersyds is die aanbod van inligting so oorweldigend dat 'n omvattende greep deur 'n individu daarop onmoontlik is, en andersyds is al die inligting gelyktydig teenwoordig wat die grens tussen verlede en hede ophef. In hierdie omstandighede word die roman volgens Self irrelevant omdat die roman juis individueel en privaat (in die skryf en lees daarvan) is. En omdat die romanform te chronologies en te afbakenend is vir die heersende netwerkdenke. Die roman baken af en is tekenend van Gutenberg-denke wat veronderstel dat idees in een lang boek onder woorde gebring kan word. Die netwerkdenke aanvaar gewoon nie die beperkings van 'n boek en afgeslotenheid nie en daarom is die romanform nie meer geskik om die netwerkswêreld weer te gee nie.

Vervolgens word ondersoek hoe in *Op 'n dag 'n hond* gereageer word op sowel die indruk dat die roman eintlik net kan rapporteer en plotverlies kan demonstreer as op die idee dat die romankuns, omdat dit nie omvattende, bevredigende grepe vir 'n realiteitshonger wêreld kan bied nie, eintlik waardeloos geword het.

3. John Miles: Op 'n dag 'n plot

Miles was reeds met *Kroniek uit die doofpot* (1991) een van die voorlopers om gedurende die 1990's fiksie in Suid-Afrika te benut vir die blootlegging (ontdekking) van die politieke realiteit en magsvergrype. Hy het met daardie roman, op overte manier, fiksie eerder as rapportering gekies. Die Checkers-sak met dokumente oor die geval van Tumelo John Moleko wat "die skrywer" van die menseregteprokureur bekom het, gebruik hy nie soos Pauw in *Into the Heart of Darkness* (1997)⁷ om onthullend te skryf oor Vlakplaas en die Motasi-moorde nie, maar om fiksie te skep, tot teleurstelling van die prokureur wat aanvoer dat fiksie nie "die saak enigsins (sal) help nie" (Miles, 1991: 53). Betekenisvol in hierdie verband is die skrywer se reaksie dat hy juis nie die dokumentêre metode wil volg nie. Die skrywer se vriend vra dat hy meer "feite" uit die bronne tot sy beskikking in die roman moet opneem; meer statistiek, meer inligting en onthullings oor die apartheidspolisie se magsvergrype. Hierop antwoord die skrywer dat hy júis nie statistiek wil gee nie, maar die klem wil laat val op die ervaring van die gewone individu wat alles ervaar in weerwil van die geskiedenis se majestueuse afrol (Miles, 1991: 243):

Mense word gebore en gaan dood. Die grootse gang van die geskiedenis, laat ek maar vir mense soos jy wat die stomme massa wil verswelg onder die een of ander verstikkende mite van 'n samelewing. Ek probeer nie 'n roman skryf waarin studente die groot en helder lyne van jou geskiedenis kan volg nie. Ek skryf oor 'n armsalige mens wat versmoor word in weerwil dalk van die majestueuse afrol van die geskiedenis.

Vir die skrywer gaan dit om die individu, en hierin is Miles se verset teen die ophef van die grens tussen die persoonlike en die openbare reeds te bemerk. Die skrywer in *Kroniek uit die doofpot* sê oor die grafiese en tabelle (Miles, 1991: 176):

[...] as ek dit in my boek opneem, sal dit gaan soos met alle statistiek oor apartheidsmense: soveel verskuiwings, soveel aanhoudings [...].

Maar ek skryf nie net vir die dag waarop daar niemand oorgebly het wat apartheid steun nie, wanneer geeneen meer kan glo dat mense so ongevoelig kon wees om onbillike behandeling goed te praat nie... Ek wil nie hê my karakters moet mense aan iets baie ver buite hulself herinner nie. Nec, jy moet jouself oral en in alles raaksien. Dan was dit die moeite werd.

Miles reken reeds in 'n roman wat aansluit by die New Journalism af met die eise van realiteitshonger en die idee dat fiksie wat nie die rol van ontdekking speel nie, 'n onmag toon om 'n betekenisvolle agent te wees. *Op 'n dag 'n hond* is deuren tyd

gemoeid met fiksie, skryfwerk, die skryf en lees van boeke, en die klem val huis op plot, of dan die plotarmoede of “underplotting” soos De Kock (2015:7) dit noem. Aan die ander kant is die roman ook, soos Miles se vorige werk, inhoudelik ten nouste gemoeid met die aktualiteit van die land: misdaad, moord, polisie-onbeholpenheid, die mediese stelsel wat in duie stort en ’n skoolstelsel wat voor groot uitdagings staan.

3.1 Plotarmoede

Die lees en skryf van fiksie, die volg en skep van plots, neem ’n sentrale plek in *Op 'n dag 'n hond* in. Die onderwyser se tweede vrou is ’n skrywer. Hy probeer om haar laaste boek te voltooi. Hy is ook ’n leser. Die eerste sin van die roman is gemoeid met die lees van fiksie: “Die aand voor die hond gekom het, sit die onderwyser by ’n tafel, hopeloos te groot vir die klein voorkamer, die laaste hoofstuk van ’n roman en lees.” (9)⁸ Twee paragrawe verder word hierdie roman wat die onderwyser lees, ook beskryf. “Pure fiksie. Fiksie wat die hele lewe in beslag neem, roetes van die verbeelding waarsaam dat geen mens kan lewe nie, van die wieg se eerste indrukke [...] tot die laaste galopperende beeld in die spieël wat verdonker.” (9).

Uit hierdie aanhalings blyk dat die roman gemoeid is met die probleem van fiksie, maar dat fiksie ook beskou word as onontbeerlik (9): “roetes van die verbeelding waarsaam dat geen mens lewe nie”. In teenstelling met Shields se opvatting oor realiteitshonger wat oorheersend sou wees in ons tyd en De Kock se aansluiting daarby dat die Suid-Afrikaanse postapartheidsituasie eintlik nie ruimte laat vir fiksie en verbeelding nie, word fiksie hier uitdruklik as noodsaaklik beskou.

Die onderwyser besoek gereeld die boekwinkel van Montalbán waar fiksie bespreek word. Heelparty opmerkings word oor die letterkunde gemaak – van die opvallendste is die opmerkings deur TC Malan, die literator wat die literêre tekste “agterdogtig” lees ten einde te meet aan sy vooropgestelde idees (74):

Van hom sou die onderwyser kort daarna twee resensies van nuwe romans lees, in albei gee hy elselange uiteenstellings van die ras- en genderhoudings by die karakters om dit met sy selfopgestelde beeld van die nasionale psige te vergelyk en so afwykings op ’n persentasieskaal af te merk.

Dit is betekenisvol dat al die gesprekke tussen die onderwyser en die vrou van Bloemfontein om boeke, musiek en kuns wentel – die belang van kuns, van die verbeelding en van fiksie staan vir hulle sentraal en bied ’n manier om mense by mekaar uit te bring en te bind.

Belangrik ook is die agterdog van die onderwyser teenoor romans waarin die

groot gebeurtenisse van die geskiedenis gekoppel word aan persoonlike ervarings ('n Mens kan hier byvoorbeeld dink aan André P. Brink se roman *Voor ek vergeet* van 2004, of Elsa Joubert se *Die reise van Isobelle* van 1995.).

Die onderwyser is agterdogtig oor romans waarin die plot gestructureer word om die ervarings van 'n individu wat saamval met die groot gebeurtenisse in die geskiedenis (168-169):

[...] Onthou jy laas toe ek die roman gelees het waaroer jy so in vervoering was en ek nie kon saamstem nie? Die karakters se lotgevalle was uiterst bedag en het telkens saamgeval met sogenoemde politieke keerpunte, soos die jong meisie wie se menstruasie begin op 2 Februarie 1990, en die ander wat telkens geplaas is teen die een of ander groot datum.

Montalbán het in ongeloof sy kop geskud. – Jy verstom my, het jy geen aanvoeling vir die tydsgees nie? Ons skrywers word tot verantwoording geroep, die tyd verwag dat daar dringend bestek opgeneem word.

– Dan moet dit oortuigend gedoen word, anders beteken dit nie veel vir die gewone lewe nie. Ook nie die verantwoordelike lewe nie. Wie sê staatkundige datums moet ingrypend wees op ons eielewens?

Een van die boekwinkel se ander klante het nader gestaan, – Wil jy jou by wyse van spreke besig hou met die paradys se bokmakierie, terwyl ons spook met die wesenlike drama van ons tyd, van Adam en Eva se skuld en gewete?

Die onderwyser het uit die heup geskiet, – Die tuin se miskruier, dit sou my kon interesseer, die miskruier wat elke dag die skeppers van goed en kwaad se stront wegrol, mōre is dit weer daar, ons klein Sisuphos aan die werk, sonder verposing. Dis die storie wat my waarlik sal boei.

'n Omvattende plot, geknoop aan belangrike staatkundige gebeurtenisse of aan die aktualiteit van die dag, is vir die onderwyser onaanvaarbaar. Sy aandag val op die miskruier se lot.

Aandag aan die klein mens, die gewone mens, kenmerk nog altyd Miles se werk en dui nie op 'n nuwe besef, in die postapartheidsera, van De Kock se plotloosheid nie (Kannemeyer, 2005: 434 en Malan & De Wet, 2016: 816). In hierdie verband is die verwysings na die stoïsisme en spesifiek na Marcus Aurelius (2017) ook belangrik, maar ruimte ontbreek om dié aspek van die roman hier volledig te ondersoek.⁹

3.2 Realiteitshonger: aktualiteit van misdaad en teleurstelling

In *Op 'n dag 'n hond* val die klem nie slegs op plot en 'n verweer teen plotverlies nie, maar die roman is ook gemoeid met die misdaad en aktualiteit van die land: sentraal staan immers die moord op die onderwyser se vrou, die polisie se

onhandige hantering van die saak, die moord wat hy self gepleeg het, die besit van onwettige vuurwapens, die deurmekaarspul by die oorbevolkte hospitaal en die wanhopige situasie van onderwys in die land. Weer eens kan opgemerk word dat geweld reeds van die vroeg-1970's 'n belangrike plek in Miles se oeuvre inneem en dat dit nie nou eers, as deel van misnoë met die postapartheid-situasie en die oorheersing van misdaad in die land in Miles se postapartheid-romans opduik nie. Wat wel belangrik is, soos hieronder aangevoer word, is dat Miles met hierdie roman oënskynlik huis ook op die wondkultuur en patologiese openbare sfeer reageer. In die boekwinkel is 'n aanspeldbord (72-73):

Teen die muur tussen die rakke boeke is 'n aanspeldbord met 'n lys van petisies van die afgelope jaar, lyste van vergrype dwarsoor die wêreld, elkeen word uitgenooi om alle moontlike kwessies by 'n spesiale webwerf aan te meld, soos nuwe mense- en diereslagtings, verkragting, aftakeling van die omgewing. Van polisie en troepe wat in Bolivia met traanrook toesak op betogende plaaslike inwoners wat oor die bou van 'n megasnelweg deur die Amasonewoud protesteer, vroue en kinders wat vir aanhouding in busse geprop word. Onregmatige teregstellings. Word aktief, skakel in en klik jou steun. Massamoord op 'n kerk in Ethiopië, grusame offerande, hý (foto) het die bevel gegee! Oproep aan die president van Oekraïne, 'n eijskrif om 'n einde te bring aan die sistematiese doodmaak van dolende honde en katte wat voor die voet gevang en lewend in mobiele oonde (900 °C) gegooi word. Klik vir demokrasie. Klik vir verandering. En klik NOU vir jou donasie. [...] Hoeveel gewig dra 'n moord op Oubai? Hoeveel keer was hy al oor die polisiestasie se drumpel? Daar was net een, 'n vrouekonstabel, met 'n simpatieke houding, moordenaars moet aan die pen ry, dis waarvoor die polisie daar is, het sy gesê, maar daarna moes hy op navraag hoor sy is verplaas [...] 'n Verenigde front het agtergebleby, jy stel jou saak, 'n lêer word kwansuis bygehou, traag en mocisaam, en jy sien deur elke reaksie hoe alles op die lange baan van 'n onopgeloste saak geskuif word.

Hierdie aanhaling lees eintlik soos 'n ego van die wondkultuur waaroor Seltzer (1997) en De Kock, (2016) skryf en as 'n beskrywing van die patologiese openbare sfeer. Die gebruik van elektroniese media maak dit maklik om beelde van geweld te versprei. Met die eenvoud van 'n kliek kan 'n foto versprei word, kan mense om die wond vergader en die openbare ruimte is nie meer soos vir Habermas, soos reeds genoem, 'n ruimte waar idees oor die politiek op gelyke voet in 'n oop gesprek uitgeruil word nie. Op sosiale media ontstaan 'n patologiese openbare ruimte waarin mense om die wonde vergader.

Die beelde het skoefekte tot gevolg. Omdat mense emosioneel reageer (geskok is), kruis die openbare en die persoonlike. Die eie emosionele reaksie lei nie tot 'n soek na 'n politieke storie van die regering om alles te verduidelik nie, maar aanvaar die wonde as die "feite" (al word die wonde in mediaverdubbelings

daarvan beleef). Die “wonde” is die “feite” – dit is die werklikheid – eerder as ’n abstrakte verhaal. Hieruit ontstaan die voorliefde vir niefiksie in ons tyd, vir die sensasionele aanbod van “feite”, van “wonde” waarmee mense kan identifiseer en wat staan vir hul eie verontwaardiging met die regering se plotverlies. Sodoende ontstaan die “realiteit” van die wondkultuur.

Aan die een kant identifiseer mense met die wond van die slagoffer. Hulle weet dat daardie wonde wat kwistig gedeel word, hul eie wonde kon wees, dat hulle net so blootgestel is aan geweld as die slagoffers. Aan die ander kant is die deel van die beelde van wonde (fisiese wonde soos veroorsaak deur misdaad en uitgestal in video’s en foto’s of psigiese wonde van huilende getuies) ook ’n uitdrukking van woede en protes. Deur die beelde van die wonde te versprei word eintlik misnoë uitgespreek, ontsteltenis met die onvermoë van die regering om gewone burgers te beskerm. Die deel van individue se wonde word ’n uitdrukking van almal se lyding. Miles weerstaan hierdie versoek om in die wondkultuur op te gaan, onder meer deur die onderwyser se besef dat hy nie sy vrou se boek kan voltooi nie, deur sy weiering om met slagofferskap te identifiseer en deur nie die klem van die plot op die wonde en trauma te plaas nie, maar eerder op die nie-sensasionele gebeurtenisse te laat val – soos ’n hond wat op ’n dag in sy klaskamer opdaag en wat reeds deur die titel sentraal geplaas word, eerder as die ervaring van roof en moorde.

Die mees onlangs aangehaalde deel plaas ook klem op die nuwe media – “klik vir verandering” (72). Volgens Seltzer is die gemedieerde aard van die wonde belangrik. De Kock (2016: 165) redeneer dat ons anders in die era van nuwe media lees. Die literêre kultuur is relatief “highbrow”, maar in die postapartheidsera het dit heeltemal verander. Die wyse waarop literêre tekste met ’n gelaagdheid rustig in seminaarkamers bespreek is, word vervang deur ’n ander manier van lees – in die openbare ruimte waarin die oppervlak en die onmiddellike affek, die emosionele skoekeffekte van beelde blootgelê word. Die beelde laat waarnemers soos getuies voel, maar dit bied geen plot waarby dit inpas nie. Hulle versamel om die wonde (die misdade wat versprei word, is plotlose uitstellings van misdade).

De Kock wys daarop dat die grens tussen die openbare en die persoonlike deur die wondkultuur opgehef word. Die persoonlike wond – die video van die inbraak, die kaping, die moord, die emosionele reaksie van ooggetuies – word kwistig en onmiddellik deur sosiale en ander media versprei. Hierdie video’s versprei soos virusse, want hulle is opwindend, die skok van geweld, van gebroke liggeme bring opwinding: “Excites in opening of the private and bodily and psychic interiors: the exhibition and witnessing of wounded bodies and wounded minds in public” (De Kock, 2016: 174-175). In hierdie oopsig is dit belangrik dat die aanspeldbord in die boekwinkel die wonde in die openbaar uitstal.

Die onderwyser in *Op ’n dag ’n hond* weier om die wond van sy vrou of sy eie

wonde te laat instaan vir die hele gemeenskap se wonde. Op die manier verhoed hy dat die individuele slagoffers se liggame en trauma deel word van 'n massa-subjek (De Kock, 2016: 163).

4. Plot, Aristoteles, Ricoeur

In *Op 'n dag 'n hond* word sowel die wondkultuur as plotverlies weerstaan deur 'n uitdruklike keuse vir fiksie en die verbeelding. Die wyse waarop die handelingskomposisie eksplisiet deurdink word, is belangrik. 'n Bemoeienis met plot, soos reeds hierbo daarop gewys, kenmerk eintlik Miles se hele oeuvre. In *Voetstoets* word die plotstruktuur van 'n sepie aangewend, in *Op 'n dag 'n hond* val die klem op die kunsmatigheid van singewende plots, en in *Okker bestel twee toebroodjies* en *Blaaskans* word elemente van die spanningsrillerformule aangewend. Miles se romans word hier bespreek in die lig van Ricoeur se opmerkings oor die sin van handelingskomposisie (die maak van plots) as die manier waarop ons ons verwade en oningeligte ervaring van tyd rekonfigureer deur middel van plots (Ricoeur, 1984: xi): "I see the plots we invent as the privileged means by which we re-configure our confused, unformed, and at the limit mute temporal experience."

Hierdie konfigurasie waardeur die verloop van tyd verstaanbaar gemaak word, behels prosesse van seleksie en ordening. Die geselekteerde gebeurtenisse word tydens die maak van 'n plot (handelingskomposisie) chronologies en kousaal geskakel om 'n geheel te vorm, met 'n begin, middel en einde. Al die insidente word eers gebeurtenisse wanneer hulle in die plot opgeneem word; kry hulle betekenis, en is afhanglik vir betekenis van die plek in die komposisie. Hierdie redenasie word deur Self verwerp as deel van Gutenberg-denke, maar vir Miles is dit kennelik nie so eenvoudig dat plot laat vaar kan word ten gunste van die netwerkdenke nie. In *Op 'n dag 'n hond* word wel 'n ander soort, hoogs individuele plot voorgestel, nie noodwendig 'n groot, sinmakende algemeen geldende plot nie.

4.1 Tyd en sinmaak van tyd

Tyd en sin maak van tyd staan sentraal in *Op 'n dag 'n hond*. Reeds in die titel is 'n tydsaanduiding, naamlik "op 'n dag". Ook is die roman in drie dele verdeel wat al drie tydsaanduidings het: "Aand" (ses afdelings) "Oggend" (ses afdelings) en "Vroeër of later" (drie afdelings). Hierdie tydaanduidings is egter al ook 'n aanduiding van die moeite om deur plot werklik die ervaring van tyd te herkonfigureer, in Ricoeur (1984: xi) se terme soos hierbo aangehaal. Sprake van 'n gemaklike, logiese chronologie word ondermy. "Oggend" kan nog chronologies volg op "aand", maar "vroeër of later" kan enersyds dui op die

onmoontlikheid van chronologie (dat hierdie gebeurtenisse óf vroeër óf later kon plaasvind). Andersyds kan dit ook dui op die onafwendbaarheid van die slot waarop alles afstuur: vroeër of later gaan die einde onafwendbaar opdaag.

Elke afdeling begin ook met 'n tydsaanduiding. "Aand" begin met: "Die aand voor die hond gekom het" (9). "Oggend" begin met: "Soggens druk hy die wekker om halfses dood, somer en winter" (105). "Vroeër of later" begin met die onderwyser se besef dat hy sy greep verloor het met die enkelwoordsin: "Tydelik" (221).

'n Reeks toevallige gebeurtenisse kry in die lig van die slot van 'n plot sin. Die probleem van 'n mens se lewe is dat die slot nie bekend is nie. Die einde waarop afgestuur word, kan nie voorsien word nie. Selfs die volgende gebeurtenis kan nie voorsien word nie. Dit hou verband met wat Ricoeur (1984: 43) die konkordante diskordansie en diskordante konkordansie noem: elke nuwe gebeurtenis maak nuwe moontlikhede oop, bring tydelik diskordansie, maar word uiteindelik geïntegreer om weer konkordansie te bring.

Toevalleigheid speel 'n sentrale rol: Die vrou wat snags bel en na Reyneke soek, die misverstande oor situasies, onvoorspelbare gebeurtenisse (die hond wat opdaag), die onbeplande wyse waarop die onderwyser in die kar na Bloemfontein beland, hoedat hy nie raakgesien word ná die ongeluk nie en 'n vrou ontmoet wat van hom gedroom het.

Belangrik ten opsigte van die verbintenis tussen tyd en plot is ook die laaste bladsy van die eerste afdeling van die roman (101):

Dis die aand voor die hond gekom het. Die dag hierna sou hy nooit kon voorsien nie, 'n verdere onvoorsiene verhuisding die bekende in.

Toe hy die batterylamp afskakel en die donkerde alles oorneem, kruip hy onder die beddegoed in om sy lê te kry terwyl hy dink aan die boek wat hy deurgelees het, die op-sig-boek wat hy besluit het om te hou. 'n Boek wat jou verplig om sy leidrade te volg: Die tyd vloei onder die voete verby, ons voel aan hoe alles onder ons wegsterf. Ons ken die toekoms as 'nwoord. Ons is blind vir mōre, kan net so wel met die rug daarop gekeer staan, en vir die verlede het ons verbeelding nodig om die gestolde momente as *vantevore* op te roep, verpak as 'n versameling tablo's, momente, tydpunte, oogknippe, brailleprentjies op speelkaarte, 'n pak speelkaarte gedurig gereed om geskommel te word.

[...]

So kom die dag tot 'n einde. Hy lê doodstil op sy rug, eintlik hoef hy sy oë nie te sluit nie, oral is dit pikdonker. So lê hy in sy lewe.

Sy laaste gewaarwording voor die slap hom oorval is die pompgeluid van sy hart: doef-doef, sē party mense; tik-tak, tik-tak, sē ander.

Dis veel eerder: en-toe, en-toe, en-toe.

Selfverterende tydstippe.

Die aangehaalde gedeelte begin met 'n tydsaanduiding ("Die aand voor die hond gekom het"), gevvolg deur nog 'n tydaanduiding ("Die dag hierna"). Tyd word beskryf as iets wat onder ons vloei en sterf. Ons het net die moment en dan is dit reeds verby ("Selfverterende tydstippe"). Die toekoms is onkenbaar want dit bestaan nie (nou nie), terwyl die verlede ook nie (nou meer) bestaan nie en slegs onthoubaar is as gestolde momente in die geheue.

Ook plot word in hierdie gedeelte op die voortgrond gestel deur klem op die klassieke elemente van plot te plaas – die aaneenskakeling van geselekteerde handelings in 'n enkele samehang: Die boek wat die onderwyser gekoop het, dwing hom om die leidrade te volg. Ook word gestolde momente, tablo's en herinneringe uit die verlede gerangskik en kan weer herrangskik word (skommel soos kaarte). Ons leef in 'n reeks van aaneengeskakelde nou-momente en gee sin daaraan deur hulle te rangskik in tyd (chronologie).

Omdat die toekoms onkenbaar is (die toekoms is slegs 'n woord) kan ons nie ten volle lewensplots skep nie. Die finale afloop van die geskiedenis kan nie uit 'n agternaperspektief aangebied word nie. Ons kan bloot aanhouwend die gestolde momente van die verlede herskommel ten einde sin te gee. In hierdie verband is die slot betekenisvol (255):

Môre moet hy die boer gerusstel [...] Hulle sal op die werf stilhou, Bluf sal met 'n blaf nader draf [...] Hy sal uitklim [...] en vir Hond sê, jammer, maat, dat ek jou in die steek gelaat het [...] En hy sal wag totdat Bluf met sy stert te kenne gee, Nee, dis reg, dankie dat julle gekom het.

Die einde kan slegs in die toekomende tyd beskryf word – en die hoop op die slot is dat alles wat voorheen gebeur het en wat verkeerd geloop het, reggemaak kan word. Uiteindelik gaan dit oor persoonlike verhoudings: met die hond, Bluf, maar ook met die vrou van Bloemfontein wat saam met hom op reis gaan. Die klem op persoonlike verhoudings het tot gevvolg dat die persoonlike en die openbare weer geskei word: 'n plot word vir 'n persoonlike ruimte geskep. Die individu identifiseer nie met die wond en die patologiese openbare ruimte van die internet en die slagofferskap nie.

4.2 Plot en wêreld

Die onderwyser in *Op 'n dag 'n hond* weier om 'n plot van persoonlike verwonding te aanvaar en die roman suggereer dat die maak van 'n plot meer behels as die skep van fiksie, dat die skep van 'n fiktiewe plot uiteindelik lei tot insig. Vertellings, die skep van plots, is nie blote uitvindings ("inventions") nie. Vertelling, so

voer Ricoeur (1984: 158)¹⁰ aan, maak ontdekings deur uitvindings moontlik – “discovery through invention” (Vanhoozer, 1990: 11). Fiksie het vir Ricoeur (1984: 158) ’n spesiale funksie, naamlik dié van ontdekking deur middel van uitvinding. Deur iets nuuts uit te vind (’n nuwe storiewêreld tot stand te vertel) word ’n ontdekking gemaak van iets waarvan mens nie vroëer bewus was nie.

Wanneer De Kock (2016: 180-185) aanvoer dat fiksie oënskynlik in ’n tyd van realiteitshonger en die noodsaak van die rapportering van die werklikheid eintlik nie ander opsies het as om plotverlies te demonstreer nie, of om die werklikheid op verskeie maniere daarin op te neem nie, word implisiet kommentaar gelewer op die idee van wat werklikheid dan sou wees en hoedat dit hoegenaamd weergegee kan word. De Kock (2016: 235-238) verwys ook na die komplekse verhouding tussen werklikheid en fiksie en wys byvoorbeeld daarop dat elemente van fiksieskryf ook ingespan word in joernalistiese niefiksieverslaggewing, ten einde byvoorbeeld ’n bepaalde emosionele impak op die leser te maak.

Plato het aangevoer dat fiksie “minder waar” is omdat dit bloot afbeeldings van die reële is – nie die reële self nie (Boek X van Die Republiek). Vir Ricoeur (1984:179) (op die spoor van Aristoteles) is fiksie eintlik ‘meer waar’ as wat ’n blote afbeelding sou kon wees, omdat dit fokus op die essensiële. Fiksie verminder nie realiteit nie maar brei dit uit. Deur te verkort, te selekteer en saam te vat, slaag die fiksieskrywer daarin om sekere aspekte van realiteit uit te hef.

Elke fiktiewe narratief nooi die leser uit om na die wêreld te kyk uit die perspektief van die storie. Fiksie vra van ons om ons aandag van die reële wêreld op te hef en te vestig op ’n ander wêreld. Fiktiewe narratiewe is die verbeeldingryke werk wat ’n wêreld metafories projekteer. Sodoende word realiteit “oorgemaak” (Ricoeur, 1983: 179):

Fiction has the power to “remake” reality and, within the framework of narrative fiction in particular, to remake real praxis to the extent that the text intentionally aims at a horizon of new reality which we may call a world. It is this world of the text which intervenes in the world of action in order to give it a new configuration or, as we might say, in order to transfigure it.

Die oordoen (“remake”) van die werklikheid vind volgens Ricoeur plaas deurdat die wêreld van die teks en die wêreld van die leser versmelt. Die wêreld wat deur die leser tot stand gebring word na aanleiding van die lees van die teks, verg medeskepping en verbeeldingryke aanvulling van die gegewens in die teks en daarom word die fiksiewêreld deur die leser gevorm. Gevolglik redeneer Ricoeur in *Time and narrative Volume 3* (1988: 158), dat die fiksiewêreld vir die leser onthullend en transformerend is:

Revealing, in the sense that it brings features to light that were concealed and yet already sketched out at the heart of our experience, our praxis. Transforming. In the sense that a life examined in this way is a changed life, another life.

Wanneer fiksie en die werklikheid op hierdie manier met mekaar in verband gebring word, is dit nie meer moontlik om ontdekking en uitvinding uitmekaar te hou nie. Dit is nie die realiteit as sodanig wat deur fiksie gevorm word nie, maar die leser se persepsie van daardie realiteit. Nee, intendeel, daardie lewe wat vir my as leser saak maak, die wêreld waarvoor ek omgee, my wêreld, word "oorgemaak" (Vanhoozer, 1990: 99): "Ricoeur holds that by broadening our horizons, by proposing new possibilities, the reader's world is remade or refigured, for our 'world' is nothing else than the scope of our possibilities."

In hierdie oopsig is die slotparagraaf, wat "moontlikheid" uitspel deur die toekomende tyd te gebruik belangrik. Maar uiteindelik skep Miles 'n wêreld waarin karakters moontlikhede vir hul bestaan bedink, ervaar en ondersoek. En die leser word nie daardeur vervreem van die werklikheid nie, maar verkry self moontlikhede van ervaring van die werklikheid.

Die idee dat die leser deur die fiksiewêreld verander kan word, is egter slegs een aspek van die rede waarom fiksie wel onthullend kan wees en 'n transformerende effek op die leser kan hê. Selfs as hierdie beskouing van Ricoeur as 'n hoopvolle stukkie romantiek oor die rol van fiksie verwerp sou word, is daar nog 'n ander, dalk meer oortuigende rede waarom die skep van fiksiewêrelde wel 'n belangrike rol bly speel – ondanks De Kock se beskouing dat realiteitshonger en die misdaad in Suid-Afrika die rol van fiksie ondermy en Self se argument dat fiksie nie meer 'n sinvolle rol in die netwerkwêreld kan speel nie.

Hoewel romans aan die een kant deur die skep van plots (fiktiewe) wêrelde tot stand bring wat volgens De Kock nie "die werklikheid" na behore kan onthul nie (en daarom verval in plotarmoede), of wat die veranderde werklikheid nie genoegsaam kan bedink deur die Gutenberg-denke inherent aan romans nie (Self, 2014), is dit belangrik om daarop te let dat fiksie nie slegs wêrelde tot stand bring nie, maar ook die manier waarop die wêrelde tot stand gebring word, voortdurend ondersoek. Byna alle romans lê hul eie talige aard, die konvensionele aard van die maniere waarop die fiktiewe wêrelde in hulle geskep word, bloot.¹¹

Boxall redeneer in *The value of the novel* (2015) dat romans aan die een kant die mag het om vorm te gee aan die wêreld, deur plots te skep, maar dat romans aan die ander kant ook dikwels die verleiding van plots en die konvensies van realistiese skryfwerk ondermy – veral 20ste-eeuse romans in die teken van die talige wending. Die roman as moderne kunsvorm gee vorm aan die wêreld maar breek ook voortdurend die reëls, die konvensies waarvolgens die wêreld

deur plots en verteltegnieke as realisties voorgedoen word (Boxall, 2016: 10-11). Boxall wys daarop dat die beskouing (wat ook onderliggend aan De Kock se redenasie is) dat die romankuns eens op 'n tyd realisties was en dat daar toe, teen die einde van die 20ste eeu, 'n wantroue in die vermoë om realisties te wees ontstaan het, foutief is. Die romankuns het nie teen die einde van die 20ste eeu skielik in die aangesig van realiteitshonger in 'n krisis beland nie. Deur middel van 'n noukeurige lees van byvoorbeeld Defoe en George Eliot se romans, dui Boxall aan hoedat die konvensies van realisme nog altyd selfbewus aangewend is, dat daar selfs by daardie skrywers wat as realiste beskou word (Flaubert, Balzac en Tolstoi) 'n wete was dat die werklikheid nie sonder meer weergegee kan word nie. Deur sy noukeurige analyse probeer Boxall om die karikatuuragtige opvatting dat fiksie eens realisties was (met 'n hoogtepunt aan die einde van die 19de eeu) en dat geglo is dat die werklikheid deur middel van "prentjies" daarvan te skep meegedeel kan word, vals is. Daarom is die aanname dat die romankuns se relevansie verdwyn het omdat dit "nie meer" op realistiese uitbeelding van die wêreld kan aanspraak maak nie, ook vals. Die romankuns kon immers nog nooit daarop aanspraak maak nie. 'n Meer genuanseerde blik van realisme is noodsaaklik.

Die romankuns bied volgens Boxall nie bloot kreatiewe skeppings (uitvindings) van die werklikheid nie, maar reflekteer ook voortdurend hóé die wêrelde geskep word. Gevolglik kan plotarmoede of die opneem van niefiksie in fiksie nie dui op die mislukking van die romankuns om 'n bydrae tot die verstaan van ons eietydse wêreld te lever nie. Die romankuns is meer as die maak van "prentjies van die wêreld" (realisme); die romankuns gaan ook oor die nadenke oor hóé die "prentjies van die wêreld" gemaak word. Soos Boxall dit stel, staan die roman eintlik in die gaping tussen woorde en wêrelde. Hy haal Blanchot in dié verband aan: "Literature by its very activity, denies the substance of what it represents. This is its law and its truth" (Blanchot aangehaal in Boxall, 2015 120). Literatuur is bewus daarvan dat die wêreld wat daardeur voorgehou word, fiksie is, nie "dié werklikheid" nie. Literêre fiksie het nie ten doel om 'n permanente waarheid buite sigself vas te stel of uit te beeld nie, want dan sal dit ophou om literatuur te wees (Boxall, 2015 120). Wat egter wel gebeur, is dat literatuur die verhouding tussen die wêreld wat daarin tot stand gebring word, en die manier waarop dit tot stand gebring word, ondersoek. Die literêre teks bly voortdurend bewys daarvan dat dit fiksie is, dat die substansie wat daardeur gerepresenteer word nie iewers "daarbuite" bestaan nie.

Só 'n beskouing van literatuur kan egter lei tot die beskuldiging dat literatuur "die werklikheid" verwerp, dat dit blote ontsnapping is, en in daardie geval word literatuur slegs vermaak. As egter van literatuur verwag word om 'n "beter"

wêreld voor te hou, 'n wêreld waarvan 'n samehangende plot gebied kan word (dit wil soms lyk asof De Kock verwag dat literatuur 'n beter uitsig moet bied as om bloot die plotloosheid van postapartheid-Suid-Afrika uit te druk), word die roman weinig meer as propaganda.

Boxall (2015: 75) wys op 'n verband tussen utopiese fiksie en misdaadfiksie wat albei eintlik pogings is om 'n ideale wêreld voor te hou, 'n omvattende plot wat kan lei tot die verbetering van die wêreld. De Kock wy 'n hele hoofstuk aan die gewildheid van misdaadfiksie in Suid-Afrika en hoedat hierdie fiksie eintlik aan die eise van betrokke literatuur voldoen (De Kock, 2016: 36).

Uiteindelik wil dit voorkom asof literêre fiksie aan die een kant dus die werklikheid moet voorhou ten einde dit te verander (betrokke literatuur – of propaganda volgens Blanchot – in Boxall, 2015: 121) of aan die ander kant getrou moet wees aan die skepping, aan literatuur se outonomie, en sodoende irrelevant word. Boxall waarsku dat fiksie se waarde nie in een van hierdie uiterstes lê nie, maar huis in die ruimte tussenin. Met verwysing na verskeie romans (ook "realistiese" romans soos Dostojewski se *Misdaad en Straf* of Hugo se *Les Misérables*) toon Boxall aan dat die "geregtigheid" wat in die geskepte, fiktiewe wêrelde in romans voorgehou word, nie die stel van 'n "finale openbarende visie" is en sodoende 'n "revolucionêre ideaal" bied nie. Wat uiteindelik sentraal staan, is die verhouding tussen die visie van geregtigheid en die belewenis daarvan (in die vorm van geformuleerde wette) deur gewone mense. Selfs wanneer romans 'n ideale wêreld voorhou waarin etiese gedrag geformuleer word, bly dit slegs 'n formulering en 'n gaping tussen daardie formulering en die belewenis van die werklikheid bly bestaan. Literêre fiksie werk huis met die ruimte tussen die ideaal wat voorgehou word en die ervaring van die individu wat sigself in 'n werklikheid wat die ideaal kompliseer, bevind (Boxall, 2015: 123).

Die roman bestaan uit die spanning tussen die verbeeld van 'n ideale wêreld met abstrakte konsepte van die goeie en geregtigheid en die afwysing daarvan weens die individu se ervaring. Al bied die roman idees oor 'n groter 'waarheid' en 'geregtigheid', 'n groter plot met doel en rigting, is die individu se wêreld te deurmekaar, te uitgelewer aan kontingensie om hierdie groter plot te kan raaksien of met sukses te kan nastreef. Die ideale (geregtigheid, misdaadvryheid, gelykheid en versoening) is nie die moeilike deel nie, dit kan verbeeld word. Die moeilike deel is altyd waar die individuele karakters in spesifieke, komplekse omstandighede met die ideale worstel. Hierin is die spanning tussen 'ontspanning' (en irrelevante kuns) en 'realiteit' (en betrokke kuns): Die ontsnapping bied 'n ideale wêreld, 'n wêreld waarin daar geregtigheid en versoening kan bestaan – 'n plot wat sin gee. Die "realiteit" van 'n karakter in daardie ideale wêreld gee uitdrukking aan 'n komplekse worsteling wat die ideaal onmoontlik maak.

Die roman se krag is nie in die verbeel van 'n ideale gemeenskap nie, maar in die vermoë om te wys hoedat die verbeel van enige wêrelde tekortskeiet: "The novel has always been at the edge of culture, in that space between a completely revealed world and a world that is yet to come" (Boxall, 2015: 43).

In die komplekse deurmekaarspul van die plotlose werklikheid val die klem in Miles se roman daarop dat die ideale van 'n oorkoepelende groot plot, 'n weergawe van die werklikheid asof dit iewers onomstootbaar vasgevat kan word in 'n plot, nie meer as 'n ideaal kan wees nie. De Kock se ervaring van plotverlies behoort ook nie met nostalgie vir 'n vaste plot beveg te word nie. Die idee dat fiksie deur die skep van samehangende plots sin kan gee, is in elk geval vals. Vir die individu is die werklikheid ingewikkelder. Die onderwyser in *Op 'n dag 'n hond* wys die plotloosheid van die wondkultuur af en vind in 'n eie plot, vir homself gemaak, sin. Die wyer wêreld se etiese ideale word te kompleks wanneer dit op individuele vlak kom – soos die buite-egtelike verhouding wat die onderwyser met sy vriend se vrou gehad het geredelik in ideale morele terme afgewys kan word, maar in die kompleksiteit van die verhouding nie meer so maklik onder 'n veralgemenende abstraksie afgemaak kan word nie. Plots, romans, is dus nie gerig op die skep van groter abstraksies nie, maar in die verkenning van 'n lokale, persoonlike situasie.

Plotverlies is in hierdie sin dus nie 'n nuwe kenmerk van literatuur in postapartheid-Suid-Afrika nie. *Op 'n dag 'n hond*, maar eintlik Miles se oeuvre en – volgens Boxall die romankuns in die algemeen – gaan nie oor die stel van wetmatighede oor die werklikheid nie, maar lê bloot hoedat dergelike abstraksies moeilik rym met die individu se lewe.

5. Slotsom

De Kock eindig met 'n pleidooi dat Suid-Afrikaanse fiksie die "storie moet regkry". Wat hierdie "reg" mag beteken, is 'n probleem wat hy nie uitspel nie. En die idee dat daar 'n regte storie is, word hierdeur geïmpliseer.

Miles se roman kan as 'n reaksie op hierdie pleidooi gesien word. Dit is duidelik dat die "storie nie reggekry" kan word nie. Daar is kennelik vir Miles geen "regte storie" nie.

Die idee van 'n groter plot waaraan die persoonlike lewe gekoppel kan word, word eksplisiet afgewys. Ook die aanvaarding van 'n wondkultuur van slagofferskap van die groter afloop van die geskiedenis, word eweneens deur die onderwyser (en in Miles se oeuvre) afgewys. Uiteindelik is dit duidelik dat in Miles se roman die skrywer wel die maak van 'n plot sentraal stel – as iets waaronder 'n mens eintlik nie kan lewe nie. Maar eerder as om gemoeid te

wees met die vind van “die korrekte plot”, is die roman ’n ondersoek na die aard van plot. De Kock se idee van plotverlies is dus nie volgens hierdie roman iets waarteen in opstand gekom hoeft te word nie, want daar is nie een of ander sentrale plot wat “verloor” is nie. Die veronderstelling dat daar ’n “korrekte plot” bestaan, ’n plot wat aan al die samelewingsverwagtinge kan voldoen, en dat hierdie plot deur romans aangebied behoort te word, word afgewys. Die romankuns is eerder gemoeid met die situasies van enkelinge. Hoewel daar ideale oor geregtigheid of liefde of ’n sinvolle lewe gestel kan word – ideale plots – is dit nie die romankuns se taak om hierdie ideale daar te stel nie, maar eerder om te ondersoek hoedat individue in hulle omstandighede worstel met hierdie ideale, met die gapings wat tussen ideale en die morsige werklikheid bestaan. *Op 'n dag 'n hond* is dus nie daarop uit om plotverlies teen te werk deur die skep van ’n ideale plot nie, maar eerder om te ondersoek hoedat ’n individu oorleef binne al die onvoorsiene en irrasionele gebeurtenisse, die onomvatbaarheid van die werklikheid, en sin vir sigself vind deur ’n plot te skep. Daarom is die onderwyser ook minagtend teenoor die “literator” TC Malan se resensies waarin romans gemeet word aan sy eie projeksies van hoe die samelewing behoort te wees.

Wat meer is, op hierdie manier word die skep van plot, op persoonlike vlak, ’n vorm van weerstand teen die wondkultuur en die patologiese openbare ruimte, dit word ’n weerstand teen slagofferskap deur ’n eie verantwoordelikheid te aanvaar om self plot te vind, plot te skep.

Die krag van die roman lê volgens Boxall uiteindelik nie daarin om (ideale) gemeenskappe te kan verbeeld nie, maar in die vermoë om te wys hoedat die verbeeld van enige wêreld tekortskiet. Om dus van die roman te verwag om omvattende gehele te bied – soos Self in sy doodverklaring van die roman doen – is om nie te verstaan wat die roman nog altyd gedoen het nie. Volgens Boxall was die roman nog altyd gemoeid met die individu se stryd om ’n greep op die groter wêreld te kry – nog altyd in onsekerheid, nog altyd voorlopig. In Miles se roman word hierdie onseker greep bevestig – maar ook juis die noodsaak daarvan vir die individu om weerstand te bied teen die verdwyning van die subjek in ’n groter, eenvormige wêreld in, ook teen die cliché-formuleplots van die patologiese openbare ruimte. Die roman fokus op die vind van ’n voorlopige, persoonlike ruimte op die marge eerder as wat ’n ruimte binne ’n veronderstelde, sentrale, ideale samelewingsplot nagestreef word.

Bronnelys

- Aurelius, Marcus.** 2017. *Meditations*. London: Arcturus.
- Boxall, Peter.** 2015. *The Value of the Novel*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Brink, André.** 1993. To Re-Imagine Our History. *Weekly Mail & Guardian Review of Books*. 24-30 September: 1-2.
- Brink, André.** 1998. *The Novel: Language and Narrative from Cervantes to Calvino*. Kaapstad: University of Cape Town Press.
- Brink, André. P.** 2004. *Voor ek vergeet*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Collini, Stefan.** 2018. *Speaking of Universities*. London: Verso.
- De Kock, Leon.** 2016. *Losing the Plot. Crime, Reality and Fiction in Postapartheid Writing*. Johannesburg: Wits University Press.
- Dostoevsky, Fyodor.** 1981 (1866). *Crime and Punishment*. New York: Bantam Books.
- Hugo, Victor.** 1978 (1862). *Les Misérables*. London: Everyman Library Classics.
- Joubert, Elsa.** 1995. *Die reise van Isobelle*. Kaapstad: Tafelberg.
- Kannemeyer, J.C.** 2005. *Die Afrikaanse literatuur 1652-2004*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Klages, Mary.** 2007. *Literary Theory: A Guide for the Perplexed*. New York: Continuum.
- Krog, Antjie.** 1999. *Country of my skull*. Johannesburg: Random House.
- Kronman, A.** 2007. *Education's End: Why our Colleges and Universities have given up on the Meaning of Life*. New Haven: Yale University Press.
- Malan, Charles & De Wet, Karen.** 2016. John Miles (1938-) profiel in: Van Coller, H.P. (red.). *Perspektief en Profiel* 3. Pp.815-837.
- Miles, John.** 1973. *Okker bestel twee toebroodjies*. Kaapstad: Buren.
- Miles, John.** 1978. *Donderdag of Woensdag*. Emmarentia: Taurus.
- Miles, John.** 1983. *Blaaskans*. Emmarentia: Taurus.
- Miles, John.** 1991. *Kroniek uit die doofpot*. Emmarentia: Taurus.
- Miles, John.** 2003. *Die buiteveld*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Miles, John.** 2009. *Voetstoots*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Miles, John.** 2017. *Op 'n dag 'n hond*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Pauw, Jacques.** 1997. *Into the Heart of Darkness. Confessions of Apartheid's Assassins*. Johannesburg: Jonathan Ball.
- Plato.** *The Republic*. (vertaal deur Jonathan Howitt) <https://socialpolicy.ucc.ie/THE%20REPUBLIC.pdf>
- Ricoeur, Paul.** 1983. On Interpretation. In: Montefiore, Alan. (red.). *Philosophy in France Today*. Cambridge : Cambridge University Press. Pp.175-197.
- Ricoeur, Paul.** 1984 (1983). *Time and Narrative. Volume 1*. Chicago: University of Chicago Press.

- Ricoeur, Paul.** 1988 (1985). *Time and Narrative. Volume 3*. Chicago: University of Chicago Press.
- Sachs, Albie.** 2014. Preparing Ourselves for Freedom. In: Crais, Clifton & McClendon (eds.). *The South Africa Reader*. Durham: Duke University Press. pp. 455-458.
- Self, Will.** 2014. The novel is dead (this time it's for real). *The Guardian*. 2 May. <https://www.theguardian.com/books/2014/may/02/will-self-novel-dead-literary-fiction> (toegang: 2 Februarie 2019).
- Seltzer, Mark.** 1997. Wound Culture: Trauma and the Pathological Public Sphere. *October*, 80: 3-26.
- Shields, David.** 2010. *Reality Hunger: A Manifesto*. New York: Knopf.
- Vaessens, Thomans.** 2009. *De revanche van de roman. Literatuur, autoriteit en engagement*. Nijmegen: Uitgeverij Vantilt.
- Van Coller, H.P.** 2009. Die waarheidskommissie in die Afrikaanse letterkunde: die Afrikaanse prosa in die jare negentig. In *Tussenstand*. Pretoria: Van Schaik Uitgewers. Bl. 69-81.
- Vanhoozer, Kevin. J.** 1990. *Biblical Narrative in the Philosophy of Paul Ricoeur*. Cambridge : Cambridge University Press.

Note

1. Stefan Collini (2018) bied 'n omvattende bespreking en historiese oorsig van die "krisis" in die geesteswetenskappe.
2. Soos verwoord deur onder andere André P. Brink (1993) en Albie Sachs (2014), en soos 'n mens kan waarneem in die kortstondige opbloeи van byvoorbeeld magiese realisme in die Suid-Afrikaanse skryfwerk gedurende die 1990's.
3. Een van die vroegste Afrikaanse romans wat 'n soort "WVK-rol" gespeel het nog voordat die WVK in die lewe geroep is, was juis 'n roman deur John Miles, *Kroniek uit die doofpot* (1991). Gevolglik is dit interessant om in hierdie artikel te verken hoedat Miles se mees onlangse roman, *Op 'n dag 'n hond*, op die post-apartheidsituasie reageer. Ruimte ontbreek hier om aan te toon hoedat Miles se oeuvre deurgaans die klem plaas op individue se pogings om in weerwil van ander, groter verhale wat op hul afgedwing word en te midde van 'n onverstaanbare en onvoorspelbare groter geskiedenis, hul eie sin te skep (Malan en De Wet, 2016).
4. De Kock nuanseer ook hierdie stelling tot 'n mate wanneer hy daarop wys dat die verteltegnieke van fiksie noodsaaklik is om steeds 'n effek op die leser te kan hê. Antjie Krog wys in *Country of my Skull* in haar bespreking van die getuies voor die WVK oor die Mutasi-moorde op die probleem van onderskeid tussen "getuenis" deur polisiebeamptes en "fiktiewe weergawes, soos dié in Miles se roman, *Kroniek uit die doofpot*.
5. De Kock redeneer in 'n hoofstuk oor misdaadfiksie in Suid-Afrika dat die verwyt dikwels

teen misdaadfiksie gerig word dat die formuleagtigheid van genrefiksie oorvereenvoudigde oplossings vir die Suid-Afrikaanse situasie aanbied. Na aanleiding van die romans van Mike Nicol en Deon Meyer toon hy egter aan dat hierdie fiksie juis nie eenvoudige oplossings bied nie en werklik ‘betrokke’ is in die sin dat dit die ‘realiteit’ van misdaad in Suid-Afrika aan lesers toon en hulle aanmoedig om betrokke te raak by die realiteit, om verandering te bewerkstellig (De Kock, 2016: 36).

6. Hy wys veral op Ivan Vladislavic se *Double Negative*, maar mens sou ook dink aan *Nagmusiek* deur Stephanus Muller of Dominique Botha se *Valsrivier*.
7. Jacques Pauw skryf in *Into the Heart of Darkness. Confessions of Apartheid's Assassins* (1997: 189-207), oor die moorde op sersant Tumelo Richard Motasi en sy vrou, Irene Motasi, op die aand van 30 November, 1987.
8. Bladsynnommers tussen hakies, sonder datum of outeur, verwys na Miles, John. 2016. *Op 'n dag 'n hond*. Kaapstad: Human & Rousseau.
9. Vir stoësyne word die individu se sensoriese waarnemings deurentyd oorweldig deur 'n magdom indrukke. Hieruit maak die mens dan 'n beeld van die wêreld. Vir stoësyne is dit noodsaklik dat hierdie beeld so onverdraaid en helder as moontlik gemaak moet word, want probleme ontstaan omdat mense die waarnemings verdraai, veral deurdat hulle dadelik waardeoordele by die waarnemings voeg. Mense interpreteer waarnemings reeds by voorbaat as goed of sleg en daarom word nie objektief of akkuraat waargeneem nie. Die stoësyne voer aan dat ons beter sal vaar as ons sonder die oordeel net na die gebeurtenisse kan kyk. Die stoësynse besef dat die individu nie die groot verskuiwings bepaal en verander nie maar sy/haar wil daarna moet skik, soos wat 'n hond wat aan 'n wa vasgemaak is, maar die rigting waarin die wa gaan moet aanvaar.
10. Vir Ricoeur is geskiedskrywing en fiksie in hierdie verband dieselfde – beide ontdek deur uitvinding – maar die idee van ontdekking deur uitvinding is, soos Vanhoozer dit stel, 'n “konstante” in Ricoeur se werk: “Indeed, it is a virtual constant in Ricoeur’s philosophy that we come to discover the real only by first inventing” (Vanhoozer, 1990: 11).
11. Vir 'n bespreking van die selfbewuste wyse waarop romans telkens gemocid is met die problematiek van talige refleksie, sien byvoorbeeld Brink (1998).

Marlene van Niekerk

Constandt va

**g e r b r a n d / j a n
'n van niekerk-remix**

k hebbe Reeds enige die Zulks schend hebben
verangen op Swellendam ook is er
Reeds op Seekere Plaats van de
reeede Rivier, Ruijm 120 bij elkander
sien en door Kristene geteld.

ans ontfangen van de
eldwagmeester Tal Jaan de
naangenaamen Tijding dat de beromde
ap. Kees met 200 van zijn
ende uit het Bosjiesveld zoude
omen om de hier in het Land wondenden
ottentots te helpen haar godvergeete
oornemens ten uitvoer te brengen.

Ons kom

uit Bellville waar

Gerbrand Visagie se

suster woon.

Via Klapmuts

ry ons

om verwers

op te tel

vir

Gerbrand

se

huis

in die Paarl

wat hy come hell

or high water

wil over-all.

wyden Den 15 October 1788
oog Edele Gestrenge Heer
dert mijn Laatste aan U Hoog
dele gestur behelsende communicatie
ls dat er een conspiratie onder de
ttentots ondekt was.

e Slaaven zalde zij in het
eve spaaren, mits haar voornemens
ee te helpe Bevorderen, omme op die
ijse het gansche Land Wederom onder haar
irectie en Regering te Krijgen als haar
oor Vaderen gehad hebben

omme alsdan eerst de Drostdij Swellendam afte
open en Vervolgens alle de Boere Plaatste en geen
uygent Kind te spaaren.

Daar is

vier

tienliterblikke

eggshell barley white

mat

plascon

agter

op die

bakkie en

rollers, bakke, kwaste.

dis warm en

daar's donderwolke

in die suide

donkerpers met geel

onder die pense,

nie huis 'n dag

vir verf nie.

uyden den 23 October 1788

ompareerde voor mij Menso Blankenstein
eeretaris den Colonie Swellendam present de nagoem,
etetugen den Burger David Janszen van competente
derdom, denwelke ter requisitie van den
oopman en Landdrost alhier
verklarende hoe waar is.

at de Wed. van Philip Rijkard
omende in 't rogeveld op den 12 deser
an 't Compts. moeder de Wedw.
hendrik Janszen, dewelke naar 't
dezand na de Kerk gereeden was,
dezzelde hadde: dat eer in 't Rogeveld
lus minus tweehonderd
tientallen onder vier capteins
ij elkanderen lagen;

Ek sit die radio aan,

daar is 'n oor-
aanbod

van bruin mense
in die Kaap, sê
'n woordvoerder van
die regering.

Gerbrand draai die radio

dood op die Joostenbergse vlakte,
sy kneukels lyk
ge fok.

Mens moenie sukkel

met Gerbrand
as hy sleg
geslaap
het nie.

Hulle (sy suster en haar man)

wyden den 23 October 1788
ompareerde voor mij
en Colonie Swellendam
present de nagoem, getuigen den
wurger Johannes Grobbelaar Pietersz
an competente ouderdom, denwelke ter
equisitie van den Coopman en
androst alhier den Heer Constant
an Nuld Onkruid verklaarde hoe waar is.
at den Compt. in den nagt voor
aterdag en sondag herwaarts
ijjdende op den top van den berg
vegt over Swellendam een vuur gezien had;
itsgaders dat hij den volgenden avond op
anzelfde plaats wederom vuur
eezien had.

het hul bes gedoen sê hy,

met sy kopkussings

maar dis geen

waarborg

vir broerliefde nie,

elke keer as hy

gaan pie het in die

nag

het die

gangalarm

afgegaan.

As mens nie eers

die pad

toilet toe

kan bypass

vir jou gaste nie

sê Gerbrand.

riet Hamel

at Hans Ruiter en Jan Schapen Wagter
resent zijn geweest toen kreupele Frederik en Trijn
gezegd hebben dat de Hottentotten al de Christen
tide vermoorden, mitgaders dat zij dan
onder Cobus Valentijn zoude staan dat die haar
voofd zoude weesen.

nna

at Jan piekke aan haar gesegd
veerd, dat hij onse lieve Heer met eene Mes
at zij gezien had, gestoken had,
at zij den Landrost met vrouw en
inderen dezen wilden vermoorden
n dan vervolgens al het Duyts Volk.

at een sergeant
an onsen Liewen Heer

ulks insgelijks aan haar gezegd had met
vroegingen dat zij dan al het Goed
n Vee van de Christenen zoude krijgen.

Twintig kilometer stilte.

Skryf jy nog poetry? vra ek.

Gerbrand smak

sy tong

teen

sy verhemelte.

Dis jy wat neuk

met koekmekranke,

mor hy in sy kraag.

Cut it Gerbrand sê ek,

ek skryf prosa.

Nog twintig kilometer stilte.

Claas Rasmus

at hij van den

urger Jan Hatting gedrost en naar de
straal van oude Dallij gegaan is en

at aldaar den vrij Slaaf Hans zoek is

at gekomen, en gezegd heefd: dat Jans Piekke hem

stuurde om aan hem te zeggen, dat zij

n alle Hottentotten uit de Christenen

oesten uit gaan, en zig niet langer

ls voor een Caabsche Togt aan deselve verhuren,

n Assegaijen bij malkanderen dezen

n de Crael van Willem Stompje

en vermits zijden 25ste October alle met
oosten koomen.

unne Pijlen, Boogen

at zij hunne klederen moeste verbranden,

elijk ook Eerige hadden gedaan,

at Mallegas Dik Kop en Kreupel Frederik

em gesegd hadden dat aldán de Wereld zoude vergaan

n dat zij eerst Swellendam zoude afloopen;

e Vrouwen en Kinderen vermoorde,

n vervolgens alle de Christenen.

By die rooi

Chinese winkel pal

voor die Ou Paarlpad

hou ons stil

om

die lugte

te bewonder.

Onder sweetpakkappe

op die stoep

staan

die spanne,

hul skouers vra wat

de fok

ons dink

ons soek hier

met ons Hilux Twincab.

at Kreupele Frederik aan hem verhaald heefd, dat
ij van Jan Pieke gehoord heefd dat
e Wereld Zoude vergaan, en dat de
ottentotten alle bij malkanderen moesten
lijven dat Hans Zoek hem heefd gesegt,
at de Wereld zoude vergaan en dat zij
e plaatsen aflopen en alle Christen
vermoorden wilde.

Frederik Haas

at hij van Volk gehoord heefd dat zij oorlog
ilde maken, en eerst op Swellendam
lle Mensel gan vermoorden

n de kinderen aan Riempjes Snijden,
n vervolgens al het Duitsch Volk
vermoorde.

'n Outoppie lê sleg

gesuip in sy

urine

teen

die muur.

Gerbrand se adamsappel spring

'n paar keer

op en af.

Hy trap-trap in die stof.

(Ek lees sy voete, ek

is 'n wiggelaar

van rusteloze voete.)

Hy wil na hulle gaan

sien ek omrede

sy gedigte,

die toestand in die land,

U smede dat Kreupele Frederik
an deze Hottentotten haar gesegd
s een lang Karel blank dog Rood in't Gesigt
otterverft, Sprekende goed duytsch en slegt
ottentots door malkanderen en dragende
ver een broek & baaitjie een lange Karos
at hij haar in een Huijs onder de grond gebragt
at hij daar nog drie à vier Hottentotten ware

oorts zegd zij dat den voorm. Sergeant
s een Lang Karel blank dog Rood in't Gesigt
otterverft, Sprekende goed duytsch en slegt
ottentots door malkanderen en dragende
ver een broek & baaitjie een lange Karos
at hij haar in een Huijs onder de grond gebragt
at hij daar nog drie à vier Hottentotten ware
ietje Kletijn
at zij Vijf maal onse lieve Heer gezien heefd
ij de Compt.'s Drift aan een zijden van 't zieken Huijs
n dat hij aan haar gesegd heefd: dat den
ttentoten alle Witte Beesten moesten
lagten en strooiij hutten met twee
euernen maaken, met byvoeginge
an weetje wel jou God.

die kleure van die lug,

maar

hy weet nie lekker

hoe nie-

en hy wil dringend

laat verf

ook nog.

Ek kry hom

regtig

jammer.

Wat soek hy

in vadersnaam

buk-buk

terug by die bakkie

op die grond?

Seker sy lighter.

uijden den 25 October 1788
ompareerde voor mij Menso Blankstein
secretaris des Colonies Swellendam present
genoemde getuigen den Burger Gerrit Beukes
e oude van Competente Ouderdom denwelke ten
equisitie van den Coopman en Landdrost
hier de Heer Constant van Nuld Onkruijdt
eerklaarende hoe waar is.

at den Compt. in 't laast den verlopene Maand Augustus,
anneer den Comparant naar een nabij zijn woonplaats
iggende Craal gegaan zijnde om zekere Kleijne
ttenttentot in Name April deswelke bij den Compt.
oond te soeken, wijl hij als Beesten
agger s'Compt: vee in 't Koorn had laten
open aldaar tot zijne grootste verwonderinge en
ntstellenisse gezien had over de Honderd Mans
tenttotten deswelke aldaar bij elkanderen
waaren legende, en zegt den Compt.
at hij de vrouwen eer bij gerekend
at hij de honderd vijf en
ver de honderd vijf en
ventig geteld heeft.

Ek

koop Cokes

oor 'n fucked-up

linoleum-

counter.

As ek

uitkom,

klap

die eerste

donderslag.

Gerbrand

het geval, of iets, hy kap

sy voorkop

verrit Haas, Jochem Haas
etuingd gehoegzaam het zelver gelijk
ok die er byvoegd, dat hij het
an Mallegas Dikkop heefd
ehoord en dat de
ottentotten Stroojjhuzen
aken met twee deuren
n Reeds vele
laar waaren.

om die beurt

teen elk

van die

ses-en-twintig

wit

klippe wat

die trading store

se parking lot

omgrens.

Hy klink

glad

nie

lekker nie.

ang hebbe die natie zig gekoestert
et de hoop omme ter eeniger tyd eens
derom meeester van het
and de werden.

en Laatste hebbe uit
en Craal 7 Rokers met vergiftige
rijlen, hun gift zakke, een quantitijd
sssgaaie gehaald moet.
nieuw gemaakt; Wat doen zij daar
seede. Wel is waar dat sou
ijlens wel een Enkelde Rokers &
oo een quantitijd.

...veertig kilometer, net veertig!

die gefoktes wat hier troebel

uit die moere peul, lip en wenkbrou

vlak gevyl op die rad van Vrouwe Klapmuts,

die Wesselse die Wildschuts die Visagies,

grouend in skedelberge skroot,

snags deur die straatgeut

glip hulle net veertig kilometer

ver na die fluwele slaapstad

van die vet wit rotte,

eweneens Wesselse Wildschuts Visagies,

rapend uit die bibberbange rose voile

die gestopte pruime vroutjieskutte,

spuwend op foto's van die vadere in rugby

spanne, vloekend op die verfspul van

Johannes Meintjies in die gang...

wellendam den 26 Octo: 1788
en Laatste eenige Relaasen wegend de
confessie van diverse hier opgebrachte
ottentots & Twee Hottentotine het verbrande
an hunne Duitse Kleederen; het bij een Trekken;
t Maken van gans Nieuwe Stroohuijsen
et Twee deuren. Nimmer bevorrens
uiten gewone meenigte van
eijzien het Geslagte van al hun vee; die
ond sprekende van haar God;

ijne zoogenoemde God spraake aan zijn volk
ngeloovelijk sterk hunne gemoeiden hebbe ingenomen.
en mes bij mij in bewaaring daar Zoude Zeekere Jan Parell
un god / meede Twee steeke gegeven hebbe en niet
unne wonder. Dit was het teken dat den God
dar gehoudene onstervelijk was.

Shut up, Gerbrand,

hulle kyk

vlr jou

sê ek, staan op.

Ek trek

hom aan die pante van

sy ruitjieshemp,

hy kniel

soos Jeremia,

ruk

sy knope af,

skud

sy spannerhande.

Ek kry

hom

nie stil nie.

n een groot aantal van die bij de
christenen inwoonende en omstreeds
ie zelver plaatzien in
caalen veblif houdende
ttentotten bij elkander te
oen complotteeren, en dezelve
oorts in het idee te brengen,
n zich op zekere hooge heuvels te
verschansen, wijders hun vee te
verslachten,

bo hierdie niemanddal van broers,
tussen my en julle sien ek
in die wolke 'n ou sibille
van die Kaapse sibbe,
'n ruïneuse toerneerderes
wat kaiings skraap
uit 'n windgemaal
van geestelike radarskottels,
haar bek 'n bobbejaantang
waarmee sy die voetval
van die brandmaer sluipers
probeer indraad op die trapmeul
van die vlesige hoedstaanders
van Bellville en
omstreke tot 'n eensgesinde
bataljon...

riminele Regtsrolle,
onderdag den 29 April 1790
carna in Raade verschien de Adjunct
sscaal Mnr Johannes Andreas Truter
welke als in officio gequalificeerd ter
aarneming der zaaken van den Landdorst der
colonien Stellenbosch en Drakenstijn, onder
verlegging van een Relaas van den
ottentot Gerrit Bastaard en vier
verklaaringen door enige andere
ottentoten voor heeren Gecommitteerdens
erleiden, te kennen gaf, hoe zeekere
ottentot Jan Paerl in het jaar 1788 verscheide
ottentoten in dit Land had gebracht in
eweging door hen wijs te maken dat hij wist dat de
eereeld op den 25 Oktober van
at jaar zoude vergaan

Ek kyk

waar Gerbrand wys

maar sien

g'n

weird

masjinerie

of oorlog nie

net

'n wolkbreuk

in die weste, dit

kom vinnig

ons kant toe.

Die jongens wys

hul passion gaps,

mens weet nie of hulle lag

of wat nie,

at gem. Landdrost echter van zijn
liigh geagt hebbende de nodige
rdies te Stellen om voorst' Jan Paerl,
ie zich op de vlugt had begeeven, te doen
terhaalen; denzelven Jan Paerl nogthans niet
meerder als nu was gevangen genomen en te
stellenbosch in hechtenis
vergebracht.

ek sleep vir Gerbrand

kar toe

in die reën,

hy mompel deur

sy snot.

...ons woerde is 'n mars van vonke,

in die voetsool prik die volk wat kom...

Eenmaal

in

die bakkie

sit Gerbrand

met toe oë

teen die nekstut.

Uit sy kop

n zo als uit boven gem. Stukken breeder consteerd,
irscheide an deze Sottises te bedrijven, welke
sekerlijk op zich zelve beschouwd, belachelijk zijn
dog hoe zot en kinderachtig ook,
ven wel nadeelige gevolgen zouden hebben
nunnen opleeveren, zo men niet in tijd
ie schepzels van hunne dwaashed had
vertuigd, en dus de verdere
itwerkzelen van den verkeeren waan,
arin zij door meerm' Jan Paerl
zen gebracht tegengegaan –

trek

stoom

soos uit

'n raffinadery,

hy mompel iets wat

ek nie kop nie.

**...vurige kole op die skowwe by die uitbreek
van die agterdeur, die voordeur oop vir
die opstaan van Jan Paerl...**

Hoor hier, sê hy voor

ons ry, sit jy

dit aanmekaar,

ek weet nie meer

hoe ek moet sê

aarover gedelibereerd
ijnde; Heeft de Raad de propositie
an ged. Adjunct fiscaal in
eezen gegeert, met
ie bepaalinge echter, dat de
ottentot Jan Paerl slechts
ovisioneel zal worden
n de ketting
eklonken.

ek voel alleen
in my eie land
nie,
miskien
weet
jy.

Ek het toe
gaan Google
op Jan Paerl,
nie dat hy, lyk my,
onder die sendelinge
van Genadendal
ver gekom het
met sy sights nie.

Maar dis darem beter as niks nie.

at hoe zeer hij Landdrost
rich ook niet genoegzaam in staat
evond, om tegen gemd. Jan Paarl
rimineele procedures te entamieren,
ij egter tot Stuiting van die
ngeregeldeeden, welke uit eenige diergelijke
onduite van denzelven voor de Colonie
lhier zouden kunnen geboren worden,
e vrijheid nam den zake in consideratie
e geeven of Hun EE. Achtb. niet zouden
oedvinden geciteerde Jan Paarl in de
etting te doen klinken en voor de
ost aan 's Colonies werken te
stellenbosch te doen arbeiden,
et wel expresse verbot van zich
iet verder als de distantie van
rie uren in den omtrek
an de Dorstdye te
gen begeeven.

Wat my puzzle

is hoe

Gerbrand

in godsnaam by so iets uitkom,

hy's mos nie iemand wat

geskiedenis boeke

lees

nie?

Die blikke Plascon,

mind you,

staan nou nog

opgestapel

in Gerbrand se garage

agter die

emergency

generator.

Bronnelys

Van Niekerk, M. 2013. *Kaar.* Kaapstad: Human & Rousseau.

Viljoen, R. 2006. *Jan Paerl, a Khoikhoi in Cape Colonial Society, 1761-1851.* Leiden: Brill.

Wes-Kaapse Argief- en Rekorddiens (WCARS).

C570, Briewe ontvang, Onkruijdt aan Van der Graaf, 23
Oktober 1788: 61-69

C570, Briewe ontvang, Onkruijdt aan Van der Graaf, 23
Oktober 1788: 59-69

C570, Briewe ontvang, Onkruijdt aan Van der Graaf, 25
Oktober 1788: 54-55

C570, Briewe ontvang, Onkruijdt aan Van der Graaf, 26
Oktober 1788: 50-53

C218, Resolusies van die Politieke Raad, 27 September
1793: 319-360.

C223, Resolusies van die Politieke Raad, 30 April 1794:
152.

CJ 72, Criminele Regtsrolle, no. 29 April 1790: 168-172.

CJ 793, Strafvonnisse, no. 5, 22 Oktober 1772: 53-70

CJ 379, Dokumente in Kriminele Sake, 19 Oktober 1762:
Deel 3, 257-260.

1/STB 10/165, Briewe ontvang van veldkornette en
privaat persone, 1795-1798, Fiscal W.S. van Ryneveld aan
Landdrost J. van der Riet, 26 Julie 1796.

1/SWM 3/17, Beëdigde verklarings, 9 September. 1793.
Getuienis van Louis van Bengale.

1/SWM 3/12, Beëdigde verklarings, no. 22 Julie 1791.

1/STB 3/13, Beëdigde verklarings, no. 60, 21 Julie 1794.

Titel:	Prof.	Dr.	Ds.	Mnr.	Mev.	Me.
---------------	--------------	------------	------------	-------------	-------------	------------

Voorletters en van: -----

Adres: -----

----- **Kode:** -----

Tel. (W): ----- **(H):** ----- **(Sel):** -----

E-pos: -----

Besonderhede vir inbetalings:

Betaal u rekening elektronies in die bank of oor die internet in,

- naamlik op die volgende rekening:

SAVN

Banknaam: ABSA

Bankrekeningnommer: 1190 154 676

Taknaam: Ben Swartstraat, Wonderboom-Suid

Takkode: 334 645 (nie nodig vir elektroniese betalings nie)

Verwysingnommer: U van en voorletters

- E-pos of pos daarna die bewys van u betaling aan die SAVN se penningmeester,

Prof Adri Breed, by die onderstaande e-posadresse:

Adri.Breed@nwu.ac.za of kobie.dekamper@gmail.com

Gaan ook na die SAVN webwerf, www.savn.org.za, vir inligting.

Kantoorgebruik

Lidnr.	Datum aangesluit	Kwitansienr.	Faktuurnr.

